# QUINTILIANUS AS VERTOLKER VAN DIE PEDAGOGIESE DENKE VAN SY TYD

deur

MARTHINUS JACOBUS MANS Honns. B. A.

Voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (Latyn)
in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR C. H. O.

Leier: Prof. W. N. Coetzee

Augustus 1972

# *V O O R W O O R D*

*Die skrywer wil graag sy opregte dank betuig aan diegene wie se hulp en bystand daadwerklik tot die totstandkoming van hierdie verhandeling bygedra het.*

*'n Besondere woord van dank en waardering aan prof. W.N. Coetzee, wie se bekwame leiding, diepe insig en aanmoediging altyd 'n bron van inspirasie was. Sy tegemoetkomendheid as dosent en mens in die jare waarin dit 'n voorreg was om onder hom te kon studeer, het 'n blywende indruk gelaat.*

*Ander dosente en kollegas se hulp word opreg waardeer. In besonder word prof. D.M. Kriel, hoof van die Departement Latyn aan die Universiteit van Pretoria, vir sy welwillende bystand bedank. Die skrywer spreek ook sy dank uit teenoor dr. M.E. van der Bijl, senior lektrise aan die Universiteit van Durban-Westville, wat met die deurlees van die finale manu= skrip behulpsaam was.*

*Van die personeellede van die biblioteek van die Univer= siteit van Durban-Westville is die allervriendelikste hulp ontvang. Dankie aan mev. C. van Niekerk wat vir die tik van die verhandeling verantwoordelik was.*

*Ten slotte wil die skrywer 'n woord van waardering rig aan sy vrou, wie se daadwerklike bystand, morele onderskraging en aansporing 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die totstandkoming van hierdie werk.*

# AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| bl. | is gebruik waar verwys word na hierdie verhandeling. |
| p. en pp. | is gebruik waar verwys word na aangehaalde werke. |
| Dialogus - | Dialogus de Oratoribus. |
| Institutio | Institutio Oratoria. |
| L. C. L. | Loeb Classical Library. |
| praef. | praefatio. |
| prooem. | prooemium. |
| s. j. | sonder jaartal. |

# INHOUDSOPGAWE


Voorwoord ........................................ i

Lys van Afkortings ................................ ii

Inleiding ........................................ vii

HOOFSTUK I

Agtergrond : Eerste Eeu n. C. .................... 1

A. Politieke Agtergrond ........................... 2

B. Sosiale Agtergrond ............................. 5

C. Literêre Agtergrond ............................ 11

D. Opvoedkundige Agtergrond ....................... 13

Notas by Hoofstuk I ............................... 26

HOOFSTUK II

Doel en Grondslae van die Opvoeding van sy Tyd ... 32

A. Doel ........................................... 32

B. Grondslae ...................................... 45

1. Wysgerige Grondslag ............................ 46

2. Sedelike Grondslag ............................. 48

3. Staatkundige Grondslag ......................... 53

4. Literêre Grondslag ............................. 55

5. Psigologiese Grondslag ......................... 57

5.1. Voorskoolse Kind ............................. 59

5.1.1. Individuele Verskille ...................... 59

5.1.1.1. Proprietates Ingeniorum ........... 59

5.1.1.1.1. Ander Pedagogiese Gedagtes ..... 60

6. Godsdienstige Grondslag .............. 61

C. Sintese .............................. 63

1. Doel .............................. 63

2. Grondslae ......................... 69

Notas by Hoofstuk II ........................ 72

## HOOFSTUK III

Inhoud en Organisasie ......................... 84

A. Inhoud ............................... 84

1. Voorskoolse Leerstof ................. 88

2. Middelbare Leerplan ................ 91

(a) recte loquendi scientia (methodice) . 96

(b) poetarum enarratio ............... 96

(1) Digters .................... 96

(2) Grammatika ................. 97

(3) Geskiedenis ................ 97

(4) Ander Vakke ............... 99

3. Hoër Onderrig (Retor) .............. 102

4. Hoër Onderwys (Volwasse Orator) ..... 106

B. Organisasie van die Onderwys ............. 114

1. Voorskoolse Stadium ................ 118

2. Die Middelbare Onderrig van die "Grammaticus" ..................... 119

3. Retoriekonderwys (Hoër Onderwys) .... 120

C. Sintese ........................................ 122

Notas by Hoofstuk III ........................... 134

HOOFSTUK IV

Die Metode van Onderrig, die Opvoeder en die Opvoedeling ........................................ 152

A. Die Metode van Onderrig .................. 152

1. Imitatio ........................................ 153
2. Interrogatio .................................. 155
3. Contentio ...................................... 156
4. Die Alfabet .................................. 157
5. Memoria ........................................ 158
6. Repetitio ...................................... 160
7. Lectio .......................................... 160
8. Enarratio ...................................... 162
9. Conversio (Parafrase) ................... 163
10. Emendatio ..................................... 164
11. Demonstratio ................................ 165
12. Poena en Castigatio ..................... 165
13. Laudatio en Cohortatio ................. 168
14. Dictare, Klasbespreking en Denkbeel=dige Hofredes ........................... 169
15. Experimenta ................................. 170
16. Dirigere ........................................ 172
17. Declamatio ................................... 173
18. Handboekmetode .......................... 175
19. Translatio ..................................... 176
20. Klassikale Onderrig ...................... 177

B. Die Opvoeder ........................ 178
C. Die Opvoedeling ........................ 185
D. Sintese ........................ 186
Notas by Hoofstuk IV ........................ 190

GEVOLGTREKKING ........................ 203

BIBLIOGRAFIE ........................ 212

# INLEIDING

Aanvanklik is 'n vergelykende studie van Cicero en Quintilianus se opvoedkundige beskouings as 'n moontlike tema oorweeg, maar later het die gedagte al sterker begin posvat om Quintilianus se opvoedkundige denke nie alleen met die opvattinge van sy voorganger, Cicero, te vergelyk nie, maar om dit veral ook aan die kontemporêre opvoed=kundige denke van die eerste eeu n. C. te toets. Die doel van hierdie studie is dus om te probeer vasstel in hoeverre Quintilianus as 'n vertolker van die pedagogiese denke van sy tyd beskou kan word.

Die uiteindelike doel van hierdie ondersoek regverdig eerstens 'n kort oorsig van die eerste eeu n. C. - die tydperk waarin Quintilianus geleef en gewerk het. Aangesien dit die eeu van heersers soos Nero, Vespasianus en Domitianus was, kan die politieke agtergrond van hierdie onstuimige tydperk nie sonder meer oor die hoof gesien word nie. Daar Rome vinnig besig was om 'n kosmopolitiese stad te word, oorweldig deur vreemde invloed van buite, sou selfs 'n oppervlakkige ontleding van die sosiale omstandighede tog die onderwerp verder kon toelig. In die lig van die politieke omstandighede van hierdie tydperk, sal daar ook

kortliks na die invloed van die beperkte politieke vryheid op die letterkunde verwys moet word. Die eerste eeu n. C. sou bestempel kon word as 'n oorgangstydperk: die oorgang van Republiek na Principaat wat sekere veranderinge op verskillende terreine, onder meer ook die onderwys, teweeggebring het. Veral die opvoedkundige agtergrond van hierdie eeu sal uiteraard onontbeerlik vir 'n uiteenset= ting van die pedagogiese denke van Quintilianus se tyd wees.

Tweedens sal gepoog word om nie alleen die ou Romeinse opvoedingsideaal nie, maar veral ook die kontem= porêre opvattinge oor die opvoedingsdoel in Quintilianus se tyd te karakteriseer. In hierdie verband sal daar ook vasgestel moet word in welke mate hy getrou aan die antieke Romeinse ideaal was al dan nie. Verder sal die wysgerige, sedelike, staatkundige, literêre, psigologiese en godsdiens= tige grondslae van Quintilianus en sy tydgenote ook behandel moet word. Die belangrikheid van die inhoud en organisa= sie van die opvoeding regverdig die insluiting van 'n hoofstuk oor die leerplan en onderwysstelsel. 'n Belangrike oogmerk van hierdie studie is 'n ondersoek na die rol wat Quintilianus in die metodiek van die eerste eeuse onderwys gespeel het. Sy siening van die opvoeder en opvoedeling sal die beskouinge van sy tydgenote in die regte perspektief stel.

Ten slotte leen die onderwerp hom daartoe om Quintilianus se plek in die onderwys van die eerste eeu n. C. te probeer bepaal en om aan te dui in watter mate hy daarin geslaag het om die verskillende uiteenlopende opvattinge, wat in sy opvoedkundige denke gekulmineer het, te verwerk en te vertolk.

# HOOFSTUK I

## AGTERGROND: EERSTE EEU n. C.

Quintilianus het in die tydperk 35-100 n. C. geleef,[1] 'n tydperk wat aanvanklik gekenmerk was deur politieke en sosiale onrus. Na Nero se dood in 68 n. C., met die koms van Vespasianus, het daar 'n herlewing van belangstelling in die letterkunde en die opvoeding gekom. 'n Merkbare besorgdheid oor die toestand en die probleme van die tyd, was te bespeur in die werke van die skrywers. Die politie= ke en sosiale verandering wat met Vespasianus se bewinds= aanvaarding ingetree het, moet as oorsaak gesien word vir die hernieude belangstelling. Onder lg. se verstandige bestuur het daar vrede en voorspoed gekom. Veral belang= rik was die nuwe entoesiasme vir die opvoeding en Vespasianus se erkenning van Quintilianus as opvoedkundige. Lg. se aanstelling as eerste professor in die Retoriek het die pedagogiese perspektief van sy tyd verbreed en verdiep. Quintilianus het rigting gegee en sy tydgenote beïnvloed. Dus kan hy tereg as die belangrikste figuur van sy tyd be= stempel word.[2]

## A. Politieke Agtergrond

Aangesien die keiser in die eerste eeu n. C. so 'n prominente posisie beklee het, het hy 'n beslissende invloed op verskeie terreine uitgeoefen. Die keiser se intellektu= ele belangstelling en idees is deur die volk nagevolg.[3] Vespasianus het byvoorbeeld 'n eeu van stabiliteit ingelei en sy koms het nie alleen 'n politieke, maar ook 'n sedelike verandering teweeggebring.[4] Ten spyte van die oënskyn= like kalmte wat daar nou op politieke gebied geheers het, moes hy verskeie aanvalle deur mense wat as "filosowe", "Stoïsyne" en "Siniste" bestempel is, afweer. Die soge= naamde moraliste was anargisties gesind en uiteindelik het Vespasianus noodgedwonge, ná herhaaldelike uittarting deur hierdie "gepeupeloratore", nie alleen die Siniste nie, maar ook alle "astrologi" en "philosophii" uit Rome verban.[5] Quintilianus en Tacitus gee albei hul misnoeë te kenne omdat die filosofie in dié geskil betrek is.[6]

Toe Domitianus uiteindelik in 81 n. C. vir Titus opvolg, was hy reeds 'n verbitterde en jaloerse man, aangesien sy vader, Vespasianus, hom gedurig in die agtergrond gehou en sy ambisie onderdruk het. Aanvanklik het hy goed en regverdig geregeer tot ongeveer 88, maar gedurende die laaste jare van sy bewind (93-96 n. C.) het sy heerskappy in tirannie ontaard.[7] Die absolutisme van sy vader

Vespasianus is deur hom voortgesit en die Senaat moes hom aan sy wil onderwerp. Oor die algemeen was sy adminis=trasie doeltreffend. Ernstige pogings is deur hom aange=wend om die algemene sedelike peil van die volk deur wetgewing op te hef.[8] Domitianus neem sy toevlug tot die poësie omdat sy vader hom nie die geleentheid gegun het om hom in die politieke en openbare lewe ten volle uit te leef nie.[9] Daarom het hy dan ook beskerming verleen aan Quintilianus, Statius en Martialis omdat hy self orator en digter was.[10] Soos Nero is hy ook sterk deur die nuwe Hellenistiese stroming beïnvloed.[11]

Demokrasie was volgens Tacitus iets van die verlede en Cicero se politieke ideaal nie prakties uitvoerbaar nie: "delecta ex iis et consociata rei publicae forma laudari facilius quam evenire, vel si evenit, haud diuturna esse potest".[12] Alhoewel die Republiek nie meer bestaan het nie, was die herinnering daaraan nog vars in die geheue. Vryheid was onherroeplik verlore, maar die Romeine was deurgaans bewus van hierdie verlies.[13] Die Stoïsyne het geen beswaar gehad teen monargie nie. Cato het hulle bewondering weggedra, maar dit was eerder sy karakter as sy politieke opvattings wat hulle verbeelding aangegryp het. Dit is egter te betwyfel of die Stoïsyne 'n terugkeer na die Republikeinse regeringsvorm wou sien.[14] Cremutius Cordus wys egter daarop dat dit reg en in ooreenstemming

met die Romeinse tradisie is om die groot Romeinse helde van die verlede te huldig.[15]

Die geskiedenis en die letterkunde het die Romein altyd aan die eertydse Republiek herinner. Die retoriek het die grondslag gevorm van die hoër onderwys. In die retoriekskole was tirannie en vryheid die vernaamste onder=werp van bespreking. Weliswaar het die wrewel en haat jeens die despotisme gou vergete geraak buite die klaskamer, maar Cicero se werke, die geskiedenis van burgeroorloë en Republikeinse helde soos Cato, het die gevoel van ontevre=denheid oor die heersende omstandighede verder aangewak=ker.[16] Dat Rome sekuriteit en 'n stabiele regering in ruil vir die verlies van vryheid gekry het, kan seker nie wegge=redeneer word nie, maar die teendeel ook nie: "libertas populi quem regna coercent libertate perit".[17] Die politieke probleme was feitlik opgelos met die totstandkoming van vrede en sekuriteit. Tog moes die sedelike probleme van die tyd nog oorkom word: 'n verkryging van lewens=vreugde, en 'n vrye gees sonder steurende invloede, onaf=hanklik van omstandighede.[18] Die oorgang van Republiek na Principaat het groot politieke en sosiale omwentelings meegebring, maar ook op die gebied van die welsprekendheid het dié oorgang sy stempel afgedruk.[19] In weerwil van die verlede, moet die Principaat egter aanvaar word, sê Tacitus.[20]

## B. Sosiale Agtergrond

Rome het skerp onderskeid gemaak tussen Romeinse burgers, vrygelatenes en vreemdelinge, 'n onderskeid wat slegs gedeeltelik met die koms van die Romeinse Imperium uitgewis is. Namate Rome al hoe meer universeel en kosmopolities begin word het, as gevolg van die vreemde elemente wat uit Italië en die provinsies na Rome gestroom het, is die oorspronklike inwoners van die stad geleidelik in getalle oorskadu. Die nageslag van die "immigrante" en die vrygelatenes het as sg. indringers hulle pad na hoër posisies en poste wat vroeër net deur die hoër stand beklee is, oopgeveg. Monargie het in 'n mate 'n gelykmakings=proses in die hand gewerk sodat alle burgers gelykstelling verkry het. Desnieteenstaande het die bewustheid van 'n ingeskape reg, wat veral onder die welgestelde hoër klas bestaan het, nooit werklik verdwyn nie, maar gedurig weer na vore gekom. Ten spyte van die herroeping en wysiging van die ou instellings, was die ou verskille nog altyd merk=baar. Die monargie het die verskille eerder groter gemaak en opnuut laat opvlam.[21]

Die ou gevestigde senatoriale families was feitlik uitgewis met die aanbreek van die Romeinse Imperium. Uit die geledere van die laer stand is die Senaat geleidelik aan=gevul. Die nuwelinge het in aantal toegeneem en die

adellikes het geleidelik uitgesterf.[22] Die ridderskap van die "equites" was nie oorerflik nie, maar dit kon wel deur die keiser toegeken word aan iemand wat nie van die "equites" was nie.[23] Benewens die senatore en die "equites" was daar nog 'n derde stand of klas, nl. die proletariaat wat van die sg. "panem et circenses" geleef het. In lg. groep se geledere was daar armes sowel as welgesteldes.[24] Hierdie sektor van die Romeinse samelewing was uiteraard 'n politieke kruitvat vir enige regering.

As gevolg van die instroming van mense uit die provinsies, o.m. Gallië en Spanje, het die sosiale struk= tuur in Rome geleidelik verander. Hierdie verskillende vreemde elemente het gou die aristokratiese Romeinse families in die senaat en die imperiale regering vervang.[25] Die provinsiale elemente in die Romeinse samelewing het veral twee kenmerke geopenbaar. Eerstens 'n oorbewust= heid van hulle status as Romeinse burgers en 'n byna oor= drewe trots t.o.v. die Romeinse taal en letterkunde. Tweedens is die liefde vir die retoriek opmerklik in die werke van skrywers wat afkomstig was uit die provinsies.[26]

Nieteenstaande heftige teenkanting en vooroordeel van die kant van die volk en die aristokrasie het die "libertini" tog opgang gemaak. Die letterkunde van die eerste eeu n.C. het hom vereenselwig met die vooroordeel, aangesien

die ou konserwatisme van die samelewing deur die koms van die "libertini" tot in sy fondamente geskud is.[27] Boonop het die "libertini" geblyk dissipels van die pragmatisme te wees, want geld was die doelwit in hulle lewens.[28] Petronius en Martialis lewer albei getuienis van hierdie pragmatiese tendens.[29]

Die Romeinse literêre en artistieke gees wat soms nog na die verlede teruggegryp het, het die vernuwing agter= dogtig bejeën omdat dit vir die konserwatiewe Romein rewo= lusie en heiligskennis ingehou en voorspel het.[30] Tacitus dien as mondstuk van die Romeinse konserwatisme in dié verband: "liberti non multum supra servos sunt, raro aliquod momentum in domo nunquam in civitate".[31] Hy beny die Germane omdat hulle die "libertini" feitlik net as slawe beskou. Die "libertini" het verteenwoordiging in die stedelike "gentes" gehad, die laer poste in die staats= diens beklee en selfs hulle plek volgestaan in die magistraats- en priesteramp en in die senaat.[32] Die slawehandlangers word nou die nuwe opkomende klas wat weelde en rykdom bekom: 'n sosiale rewolusie vind dus plaas.[33] 'n Stryd tussen ryk en arm het gevolglik altyd voortgeduur. Veral in die geledere van die proletariaat het 'n sterk anti-Romeinse gevoel sy verskyning gemaak.[34] Die mentaliteit van die laer klasse het in 'n byna vyandige en onverskillige houding teenoor intellektuele prestasies

tot uiting gekom. Sodoende is die hoër klasse deur die laer stand beïnvloed en 'n verlaging van standaarde het in=getree.[35]

Dit ly geen twyfel nie dat skokkende korrupsie tydens Caligula, Nero en Domitianus se regerings aan die orde van die dag was. Onsedelikheid het hoogty gevier en tog, ten spyte daarvan, was daar nog diegene wat die deug en suiwer "gravitas" van die ou Romeinse karakter hoog aange=slaan het.[36] Op stil plattelandse dorpies in Noord- en Sentraal-Italië is die ou Romeinse "latinitas" nog aangetref. In Plinius se briewe bv. word die ou Romeinse deugde nog weerspieël.[37] Ver van die stadsgewoel het die kalm idilliese lewe voortgegaan, 'n lewe waarin die gejaag na materiële gewin geen plek beklee het nie.[38] Vespasianus het gereeld uit die ou silwer beker, wat sy ouma nog ge=bruik het, gedrink wanneer hy die ou plaashuis op Reate besoek het. Dill kom dus tot die gevolgtrekking dat: "The strength and virtue of the Latin race lay, not in religion or philosophy, but in the family pieties and devotion to the state".[39]

'n Samelewing streef gewoonlik na verandering net om verandering "per se", of omdat dit ontevrede is met 'n be=sondere styl, of 'n besondere denkrigting. Gedurende die eerste eeu n. C. was daar dus ook die twee pole: tradisie

en vernuwing. Eersgenoemde beveg verandering of streef na ordelike verandering, lg. lok na vreemde paaie. Die Antieke versus die Moderne skep 'n sielkundige probleem. Die navolgers van die antieke sedes, instellings en denke het met byna onredelike toewyding aan die verlede vasge=klou: m.a.w. 'n idealisering van die verlede. Vernuwing en alles wat van die tradisionaliste se ideale afgewyk het, is as verderflik bestempel. Hierteenoor het die modernis=te die aanvalle wat op hulle gedoen is, aan afguns toegeskryf. In 'n groot mate was hulle onbewus van die probleme waar=mee die antieke tyd geworstel het. Hulle minagting vir die oue en die verlede was ietwat onbillik, want hulle het soms uit die oog verloor dat die grondslae waarop hulle bou, stewig deur hulle voorgangers uit die antieke verlede gelê is.[40]

Plinius het, net soos Quintilianus, 'n sekere harmo=nie probeer verkry tussen die eise van die Antieke tradisionaliste en dié van die Moderniste. Hy koester wel 'n bewondering vir die Antieke, maar veroordeel nie sy eie tydperk nie.[41] Selfs in Tacitus leef die antieke ideaal nog voort: "He acquired thus many of the prejudices of a class which, from its history, and still more from its edu=cation, sought its ideals in the past rather than in the future."[42] Sy ideaal was egter sedelik en nie politiek van aard nie.[43] Feitlik op alle terreine was daar 'n hewige

reaksie teen kontemporêre sedes en gewoontes en 'n be= geerte om die verlede te laat herleef. Die verlede was 'n Goue Eeu vir sommige en baie wou terugkeer na die "mores antiqui".[44] Andere weer het hulle tydperk as intellektueel verarmd gesien, dit probeer ontleed en sodoende die oorsake probeer vasstel.[45] Atkins[46] meld enkele probleme wat voorgekom het: opvoeding as oorsaak van die verval van die retoriek; die beste metode om die kontemporêre styl te verbeter en die negatiewe invloed van die deklamasie. Frank[47] tipeer die eerste eeu n. C. as 'n tydperk wat nie deur groot literêre werke gekenmerk was nie. In die lig van die politieke omstandighede kon niemand dit waag om aan die voorpunt te staan van nuwe denkrigtings nie. Dit kon slegs in die satire gedoen word.[48]

Omdat die "forum" en die "curia" bronne van inspirasie vir die intellektuele lewe was en nou hulle prominente posi= sie moes prysgee, het die tiranne van die eerste eeu n. C. daarin geslaag om 'n demper op die skrywers te plaas. Parks[49] kan hom nie met hierdie standpunt vereenselwig nie. Hy voer aan dat die keisers die tipe werk kon bepaal en beïnvloed, maar nie die gehalte daarvan nie. 'n Mening waarmee nie saamgestem kan word nie, aangesien 'n atmosfeer van haat en vrees besonder neerdrukkend moes wees vir die skrywer se gees wat tot volle ontplooiing pro= beer kom het onder sulke moeilike omstandighede.

## C. Literêre Agtergrond

Literêre en politieke vryheid was beperk. Dit blyk duidelik uit die letterkunde van die tyd. Tacitus se Mater= nus wil die uitputtende "forensi labore" vaarwel toeroep[50] en hom aan die poësie wy.[51] Tacitus bestempel die nuwe welsprekendheid as een "sanguinantis eloquentiae".[52] 'n Goeie naam het ewe-eens gevaar ingehou vir die draer daarvan.[53] Plinius maak melding van 'n "trepidem et elinguem" senaat.[54] As gevolg van die veranderde politie= ke omstandighede is talentvolle skrywers se dood veroor= saak.[55] Die verlore vryheid van hierdie tydperk word deur Tacitus betreur.[56] Persius spreek sy teleurstelling uit oor die politieke slawerny waarin Rome verval het.[57] Die beperking wat op die denke geplaas is, was sosiaal en politiek van aard. Druk is hoofsaaklik deur die keiser en die hoër stand uitgeoefen. As 'n skrywer of denker sy stem wou laat hoor en respek afdwing, moes hy die domi= nante klas in die Romeinse samelewing tevrede stel.[58] Die Romeinse prosa, wat veral die redenaarskuns en die geskiedenis gedra het, is beslis 'n knou toegedien deur die onderdrukking van vryheid. Min skrywers het dit toe ge= waag om die geskiedenis getrou weer te gee en diegene wat dit wel gewaag het, is swaar strawwe opgelê vir die "leuens" wat hulle verkondig het.[59] Die werklike oorsaak van die literêre dekadensie lê, volgens Frank, in die

ontworteling van die Romeinse volk a.g.v. die slawe-invloed, burgeroorloë en tirannie.[60]

Enkele skrywers en veral satiriste was uit die sentrale gedeelte van Italië afkomstig. Sommige van die beste letterkundiges van die eerste eeu n.C. kom uit Spanje: die twee Senecas, Lucanus, Columella, Martialis en Quintilianus. Hierdie skrywers en digters was in 'n sekere sin "vertraagde Italianers" wat ver van die verderflike invloedsfeer van die stad Rome hulle opvoeding ontvang het en geskool is in die leefwyse, literêre tradisie en ideale van Republikeinse Rome. Dié antieke kleinode is weer deur hierdie skrywers en denkers aan Rome teruggegee op 'n tydstip toe die moederstad aan sy eertydse beeld herinner moes word.[61]

Skrywers, en meer spesifiek briefskrywers, moes ander onderwerpe as dié van Cicero en sy tydgenote (rewolusie, politiek, ens.) vind om oor te skryf. So het die letterkundige kritiek en natuurbeskrywing ontstaan. Die samelewing van die eerste eeu n.C. met sy vreemde elemente het genoeg materiaal aan die skrywers gebied.[62] Die keisers in die eerste eeu n.C. het eintlik 'n dubbele rol gespeel. Aan die een kant is die literêre produksie aangemoedig deur beskerming te verleen aan sommige skrywers. Andersyds het die keiser die skepping van onafhanklike

werke aan bande gelê.[63]

## D. Opvoedkundige Agtergrond

Die val van die Republiek en die gebrek aan openbare vryheid wat daaruit voortgevloei het, het 'n verval in die Romeinse tradisie asook nuwe maatstawwe op verskeie terreine, selfs op opvoedkundige gebied, teweeggebring.[64] Volgens Smail het die nuwe politieke omstandighede beslis 'n verandering in die opvoeding veroorsaak: "The coming of the Empire, while it left untouched the other forms and much of the routine of public life, wrought profound changes in its inner spirit and at the very root of current educational theory."[65]

Ná die herlewing a.g.v. politieke en sosiale verande=ringe wat met die koms van Vespasianus gepaard gegaan het, is die verwaarlosing van openbare opvoeding blootgelê.[66] Vespasianus het besef dat die onderwys 'n goeie belegging is, daarom het hy nie gehuiwer om geld aan opvoeding te bestee nie. Genoeg geld is deur hom beskikbaar gestel om 'n vasgestelde staatsubsidie vir hoër onderwys daar te stel.[67] Die eerste stap was die aanstelling van die bekwame Quintili=anus as eerste professor in die Retoriek. Hy moes dan ook rigting gee in die opvoeding en die opvoedkundige probleme van sy tyd krities ontleed. Skole is derhalwe gebou en

toegerus en welgestelde burgers, soos die jonger Plinius, het die keiser se voorbeeld gevolg en self bygedra tot die ont= wikkeling van die onderwys. Letterkunde en opvoeding het staatsbeskerming en -ondersteuning geniet.[68] Ook by Domitianus ontstaan die begeerte om die volk op te hef. Sy belangstelling in die opvoeding word geopenbaar in die oprig= ting van pragtige biblioteke waarsonder 'n volk natuurlik geestelik verarm.[69]

Aanvanklik het die Imperiale regering min belangstel= ling in die volksopvoeding getoon en die volk moes self na hulle onderwys omsien. Die stede en dorpe het gedurende dié tyd veel vermag op die opvoedkundige gebied. Openbare biblioteke en opleiding was tot die dorpe en die kinders van welgesteldes beperk. Min is ook gedoen ter bevordering van die jeug se ontwikkeling. Die keisers het eers inge= gryp toe die armoede van die dorpe die bestaan van die op= voedkundige instellings bedreig het.[70]

Alhoewel die verskillende leerplanne van die "litterator", "grammaticus" en "rhetor", wat aanvanklik ingestel was op die onderrig van die welgesteldes, nog voortbestaan het, het die opvoeding geleidelik meer toeganklik vir die laer- en middelstand geword.[71] Gevolglik is die algemene geskoold= heid en kulturele vorming van die volk opgehef en bevorder. Persoonlike vermoëns en potensialiteite het nou belangriker

as afkoms begin word.[72] Met die hulp van die geskrewe woord en "viva voce" het die onderwys met rasse skrede vooruitgegaan en jongmanne toegerus om in die behoefte van hulle tyd en samelewing te voorsien.[73] Die opvoeding was weliswaar nie volkome gesistematiseer nie, maar die onder= wysprogram het baie elemente van die Republikeinse opvoeding bv. die onsekerheid daarin en die vaagheid, uitge= skakel. Aangesien onderwys onder Staatsbeheer geplaas is, het gesonde wedywering tussen onderwysers ontstaan omdat staatsubsidie en voorregte dit 'n aantrekliker beroep vir die gegoede klas gemaak het. Dit was veral die geval in die grammatika- en retoriekskole.[74] Suetonius se verwysing na die verskillende onderwysmetodes, toon duide= lik waarom dit so ongelooflik is dat die opvoeding ten spyte van die uiteenlopende metodes tog nog 'n eenvormige karak= ter openbaar het en bevredigende resultate kon lewer. In sy "De Rhetoribus" skryf hy: "sed ratio docendi nec una omnibus, nec singulis eadem semper fuit, quando vario modo quisque discipulos exercuerunt".[75]

Rome het die middelpunt geword van 'n uitgestrekte ryk en moes jaarliks van vermoënde en knap jongmanne voorsien word. Ten spyte van die kritiek op die opvoeding het die skole tog in hierdie behoefte voorsien. Die feit dat die owerheid die algemene opvoeding aangemoedig het, kan as 'n stilswyende goedkeuring van die resultate wat met

die stelsel behaal is, aanvaar word. Die inhoud van die on= derwys kon dus nie so ontoereikend gewees het as dit tot in die laaste jare van die Romeinse Ryk staande gebly het nie. In die antieke outoriteite word ook geen melding gemaak van 'n verandering in die onderwysstelsel nie, hoewel Quintilianus 'n suiwer retoriese opleiding gepropageer en bepleit het. Die opleiding moes administrateurs voorsien wat die politieke probleme van die Ryk die hoof kon bied.[76]

Quintilianus was oortuig daarvan dat sy opleiding aan dié doel sou beantwoord: "cum vir ille vere civilis et publicarum privatarumque rerum administrationi accommo= datus, qui regere consiliis urbes, fundare legibus, emandare iudiciis possit, non alius sit profecto quam orator".[77]

Die gebreke wat daar in die Romeinse opvoeding van die eerste eeu n.C. voorgekom het, kan nie net toegeskryf word aan die verskillende metodes nie, want die ouers en voogde het trouens die reg gehad en uitgeoefen om self onderwysers vir hulle kinders te kies.[78] Petronius maak melding van 'n materialistiese neiging wat sy verskyning gemaak het, nl. dat ouers hulle kinders na onderwysers gestuur het wat die kinders gouer vir hulle lewenstaak kon voorberei en oplei.[79] Quintilianus se opleiding was té idealisties en indirek vir die pragmatiese behoeftes van sy tyd.[80]

Die neiging na oppervlakkigheid in die opvoeding en na die "versuikerde" pedagogiek in die eerste eeu n. C. is nie vreemd aan die twintigste eeu nie. Die opvoedkundige tendens van dié tydperk openbaar 'n merkwaardige ooreen= koms tussen die antieke en die moderne tyd. Dit blyk uit talle vooraanstaande skrywers se werke dat daar 'n toene= mende kunsmatigheid en 'n verwaterde opvoedkundige stelsel gedurende die eerste eeu n. C. begin ontwikkel het. Oor die uiteinde van dit alles was hulle besorg omdat alles soveel makliker vir studente gemaak word.[81]

Petronius het dit veral teen die toenemende laksheid en kunsmatigheid in die skole van sy tyd. Dus is dit nie net die moderne twintigste eeu wat van permissiwiteit be= skuldig kan word nie! Hy som die heersende toestand in sy "Satyricon" op. Die onderwysers, sê hy, lewe in 'n gekkeparadys. Om tred te hou met die tyd moet hulle toe= gewings maak. Noodgedwonge moet die leerkragte dit aanbied waarvan die leerlinge sal hou anders loop hulle skole leeg. Soos hengelaars moet die onderwysers "aas" aan= sit waarvan die kinders hou, anders sal hulle eenvoudig op die "rotse" bly sit sonder om eers 'n "byt" te kry. "Nam nisi dixerint quae adulescentuli probent, ut ait Cicero, soli in scholis relinquentur."[82] Die toegeeflikheid teenoor die kind was opmerklik. As die kind hom teen 'n klip stamp, word die klip geslaan en as die kind se maaltyd nie

betyds gereed is nie word die kok 'n loesing toegedien.[83] Volgens Iuvenalis was daar gevalle waar ouers die onderwy= sers blameer het vir hulle kinders se ingebore domheid.[84] Plutarchus weer, val dié vaders skerp aan wat hulle seuns se opvoeding aan slawe toevertrou het.[85] Die permissiewe ouer ontkom ook nie aan die kritiek van die tydperk nie: "Quin etiam ipsi parentes nec probitati neque modestiae parvulos adsuefaciunt, sed lasciviae et dicaciti, per quae paulatim impudentia inrepit et sui alienique contemptus."[86] Die aanklag teen die jeug was dat hulle geen respek vir hulle meerderes of gesag betoon het nie. Plinius voeg by: "ipsi sibi exempla sunt".[87] Ten spyte van bogenoemde besware het die onweerstaanbare soeke na nuwe en doeltref= fender metodes in die opvoeding voortgeduur. Die neiging tot kunsmatigheid in die onderwys was òf 'n belangrike faktor in òf 'n duidelike simptoom van die dekadensieproses.[88]

Aanvanklik het die onderwysprofessie nie op 'n vaste grondslag gestaan nie. Tog het onderwysers toekennings van die keiser ontvang in die vorm van die sg. "insignia".[89] Die besoldiging was ook aanvanklik karig. Dit is egter opmerklik dat onderwysers uit die laer bevolkingsgroep getrek is vir die onderwysberoep.[90] Dit het vrygelate slawe, "peregrini" en ander as onderwysers na Rome ge= lok.[91] Die meerderheid in die onderwysgeledere het die onderwys nie as 'n roeping gesien nie, maar net as 'n bron

van inkomste.[92] Professore in die redenaarskuns het dieselfde probleme as die onderwysers ervaar. Hulle moes ook die grille van ouers verduur en die laksheid van hulle studente aanvaar. Hoewel menige retorikus belang=rike poste in die politieke en administratiewe sektor beklee het, het die geregshof 'n belowender toekoms aan die retorikus as die lesingkamer gebied. Elke retoriekonder=wyser kon nie advokaat word nie, maar baie, soos Quintilianus bv., het die twee beroepe met welslae gekom=bineer.[93] Ambisieuse en talentvolle jong plebejers het nou ook 'n beroep gehad wat van hulle suksesvolle manne sou maak. So het Seneca, Suetonius en Plinius maior, wat uit die "equites"-geledere afkomstig was, hulle loopbane in die balie begin.[94]

Alhoewel die politieke welsprekendheid die swye opgelê is ná die val van die Republiek, was die Romeine nog vatbaar vir die invloed van die lewende taal.[95] Bonner stel dit só:

"And so oratory betook itself to a safer arena of the schools, where a man might air his republicanism without fear of consequences, and where one might be recompensed for the loss of political prestige by the plaudits of one's fellow-citizens".[96]

Welsprekendheid was nog in 'n mate 'n vereiste vir openbare optrede want dit was nie net onontbeerlik vir die advokaat en onderwyser nie, maar ook vir die senator, staatsman en vir almal wat 'n verantwoordelike posisie wou beklee. Welsprekendheid is as die belangrikste aspek van die onderwys beskou. Dit blyk uit die staat se bereidwillig=heid om opleiding in die retoriek te voorsien.[97]

"Non vitae, sed scholae discimus"[98] - 'n raak beskry=wing deur Seneca van die nuwe retoriekonderrig van die eerste eeu n. C. Seneca erken dat die nuwe retoriek vir hom 'n nuwe mode skyn te wees,[99] modern t. o. v. inhoud en styl. Gwynn wys op die andersheid van die Latynse retoriek van dié eeu wanneer dit vergelyk word met dié van die verlede en stem saam dat Seneca se aanklag teen die nuwe retoriek geregverdig was. Die "declamationes", sê hy, het nie alleen die werklikheid uit die oog verloor nie, maar ook logika en historiese feite oorboord gegooi.[100]

Die agteruitgang in die redenaarskuns kan aan die kwynende belangrikheid van die politieke redenaar toegeskryf word. Die orator is nou tot die geregshowe beperk en gevolglik het ware redenaarskuns in retoriek verval.[101] Cicero se "doctus orator" - ideaal het sy trefkrag verloor toe die openbare redevoering nie meer 'n beslissende faktor in die Romeinse politieke lewe was nie. Die "tirocinium

fori" het 'n prominente plek ingeneem in die opvoeding tot aan die einde van die Republiek.[102] Ná die val van die Republiek het die "tirocinium fori" 'n holle voorwendsel geword want die forum was, helaas, nie meer die brandpunt van die Romeinse samelewing nie. Tacitus dink met heim= wee aan die ou tradisies van die forum met sy intieme per= soonlike kontak.[103]

Intellektuele ontwikkeling is deur die retoriek gekort= wiek:

"More and more the world of reality was left behind; master and pupil were no longer guided by the necessities of actual life, by the force which controls all genuine and living rhetoric, the wish to persuade the wills of men who have to act. The audience whom the rhetor had in view was no longer the jury or the public assembly, but a gather= ing of cultivated and perhaps rather "blassés" people, who came not to learn what they ought to do but to be pleased by a display of mental agility . . . Rhetoric came to represent quite as much a habit of mind as the rules of a definite art. And as a mental tendency . . . it had disastrous effects on intellectual progress."[104]

Cicero se gees het in die skrywers en geslagte ná hom voortgeleef. Byna onmerkbaar het die invloed van Cicero en sy tydgenote met die Augustustydperk saamge= smelt. Gwynn noem hierdie tydperk die herfs van die Ciceroniaanse "humanitas".[105] Meer as 'n eeu later tref ons nog onomstootlike bewyse van hierdie groot gees se invloed aan in die "Institutio Oratoria" van Quintilianus. Cicero se erflating kon nie sonder meer oor die hoof gesien word nie.[106] Ten spyte van die feit dat die nuwe elemente in die Romeinse sosiale samestelling die "politior humanitas" van Cicero nie as 'n prakties-uitvoerbare ideaal gesien het nie, kan die "novi homines"[107] nogtans as 'n behoudende element gesien word wat nog die ou Romeinse tradisies ge= handhaaf het. "Ars est enim philosophia vitae,"[108] sê Cicero van die filosofie. Die kuns om te lewe kon deur onderrig aangeleer word. Hiervan was die filosowe oor= tuig. Onderwys kon die slegste gewoontes en wanindrukke uit die weg ruim. Die filosowe het die kuns om te lewe onderrig. Die jeug is verstandelik sowel as sedelik deur die filosowe gevorm en hulle het geestelike vertroos= ting aan hulle volgelinge wat probleme ondervind het, gebied.[109]

Gedurende die aanvangsjare van die Akademie is die filosofiese studie vertroetel en veraangenaam deur sosiale byeenkomste.[110] Selfbeheersing en selfdissipline is deur

hulle verkondig en 'n asketiese leefwyse moes deur diegene wat hulle leerstellinge aanvaar het, aangeneem word.[111] Ernstige jongmanne was ontvanklik vir die filosofiese leer=stellinge en het dit ook uitgeleef. Seneca het dit wat Attalus verkondig het ter harte geneem en later selfs volge=houe toegepas in sy lewe.[112] Die filosofie het morele sowel as intellektuele opvoeding verskaf.[113] Ouers het hulle kinders dus na die filosoof gestuur om hulle karakters te vorm en te verbeter. Die jongmanne op hulle beurt wou verdraagsaamheid, naastediens en sielerus aanleer en bekom.[114] Die filosofiese onderrig het natuurlik nie altyd die gewenste resultate behaal nie. Filosowe het ook nie geredelik erken dat hulle onderwys nutteloos was nie: "Qui ad philosophum venit, cotidie aliquid secum boni ferat: aut sanior domum redeat aut sanabilior".[115] Sommige Romeine kon dié aanspraak van die filosofie nie onderskryf nie.[116] Veral die satiris het hom verlustig in die onsuk=sesvolle onderrig van die filosowe.[117] Alhoewel die filosowe dikwels spot moes verduur, is hulle tog oor die algemeen met agting bejeën.[118]

Die eerste eeu n.C. was dus gekenmerk deur 'n verval in tradisies en norme, 'n sosiale struktuurverandering en permissiwiteit. Die bestendige regerings ná Nero het die opvoeding op 'n stewiger grondslag geplaas en 'n hernieude belangstelling in die onderwys laat opvlam. In die werke

van die skrywers is 'n algehele besorgdheid oor die politieke, sedelike en sosiale toestand te bespeur.

"Yet it is said with truth that an age should be judged by its ideals of goodness rather than by its moral aberra= tions. And certain it is that the age of Pliny and Tacitus and Quintilian had a high moral ideal, even though it was also the age of Domitian."[119]

Ten spyte van soveel verskillende leerplanne en meto= des was daar tog 'n mate van eenvormigheid in die onderwys. Die denkers het die neiging tot oppervlakkigheid, laksheid en kunsmatigheid wat 'n "versuikerde" pedagogiek meege= bring het, betreur. Die politieke orator het nou van die toneel verdwyn en plek gemaak vir 'n nuwe belowende be= roep, dié van advokaat. Die Retoriek het die ware rede= naarskuns vervang en die intellektuele groei van die volk vertraag. Alhoewel Cicero se "humanitas" nog voort bly leef het, was daar tog 'n merkbare afwyking van sy "doctus orator"-ideaal. In hierdie tydperk maak Quintili= anus nou sy verskyning en stel sy "vir bonus dicendi peritus"[120] as opvoedkundige ideaal.

Om Quintilianus se opvoedkundige denke in die regte perspektief te stel, word sy opvattinge in die volgende paar hoofstukke deurgaans aan die opvoedkundige beskouings van sy voorganger en vernaamste bron, Cicero, wat ook ver= teenwoordigend van die ou Romeinse opvattinge was, en aan die beskouinge van sy tydgenote getoets.

Notas by Hoofstuk I

1. Quintilianus. Institutio Oratoria. Inleiding. pp. vii-viii.
2. Atkins, J. W. H. Literary Criticism in Antiquity. Hk. V, pp. 294-298; 176.
3. Friedländer, L. Roman Life and Manners under the Early Empire. Vol. I, p. 31.
4. Tacitus. Annales III. 55;
   Suetonius. Vespasianus IX. XII.
5. Cambridge Ancient History. Vol. XI, 1954, p. 9.
6. Quintilianus. Institutio Oratoria XI. i. 35;
   Tacitus. Historiae IV. v-viii.
7. Suetonius. Domitianus XIV.
8. Salmon, E. T. A History of the Roman World, p. 227.
9. Cambridge Ancient History. Vol. XI, p. 22.
10. Quintilianus. Institutio Oratoria IV. prooem. 2;
    Statius. Silvae IV. 2. 13-16;
    Martialis. Epigrammata II. XCI.
11. Dill, S. Roman Society, p. 53.
12. Tacitus. Annales IV. 33.
13. Clarke, M. L. The Roman Mind, p. 103.
14. Ibid., pp. 103, 104.
15. Tacitus. Annales IV. 34.
16. Clarke, M. L. The Roman Mind, pp. 104, 105;
    Lucanus VII. 444-445.
17. Lucanus III. 145-146.
18. Clarke, M. L. The Roman Mind, p. 109.

19. Tacitus. Dialogus. 40.

20. Id. Historiae I. 1;
Annales I. 2.

21. Friedländer, L. Roman Life and Manners. Vol. I, p. 98.

22. Ibid., pp. 107-108.

23. Ibid., p. 135.

24. Ibid., p. 144.

25. Gwynn, A. Roman Education, p. 134;
Boak, E.R. A History of Rome, p. 303.
Volgens die skrywer was Vespasianus die eerste princeps wat nie lid van die ou Romeinse adelstand was nie.

26. Gwynn, op. cit., pp. 143, 145.
Gwynn gee 'n verklaring vir hierdie twee tendense.

27. Dill, S. Roman Society, p. 100.

28. Ibid., pp. 103, 156.

29. Petronius. Satyricon. 46;
Martialis. Epigrammata V. 56.

30. Dill, S. Roman Society, p. 103.

31. Tacitus. Germania. 25.

32. Dill, S. Roman Society, p. 101.

33. Ibid., p. 121.

34. Rostovtzeff, M. The Social and Economic History of the Roman Empire, p. 117.

35. Ibid., p. 534.

36. Dill, S. Roman Society, p. 142.

37. Plinius. Epistulae. i. 14.

38. Id. Epistulae. iv. 19; viii. 5; v. 16;
Tacitus. Dialogus. 12.

39. Dill, S. Roman Society, p. 148.

40. D'Alton, J. F. Roman Literary Theory and Criti=
cism, p. 270;
Tacitus. Dialogus. 20;
Martialis. Epigrammata V. x.

41. Plinius. Epistulae VI. 21. 1

42. Dill, S. Roman Society, p. 23.

43. Ibid., p. 24;
Tacitus. Annales. iii. 65.

44. Seneca. Epistulae Morales XC. 5;
Tacitus. Dialogus. 12. 12;
Id. Annales III. 26;
Iuvenalis. Saturae III. 312;
Gwynn, A. Roman Education, p. 21;
Janssen, H. H. Latijnse Letterkunde, p. 221.

45. D'Alton, J. F. Roman Literary Theory, p. 269.
Iuvenalis. Saturae. iii. xi;
Martialis. Epigrammata XIII. xviii.

46. Atkins, J. W. H. Literary Criticism in Antiquity,
p. 176.

47. Frank, T. A History of Rome, p. 462.

48. Salmon, E. T. A History of the Roman World, p. 266;
Seneca. Epistulae Morales XIV. 7.

49. Parks, E. P. The Roman Rhetorical Schools as a
Preparation for the Courts under the Early Empire,
p. 111.

50. Tacitus. Dialogus. 11. 3.

51. Ibid., 12. 1.

52. Ibid., 12. 3;
Bonner, S. F. Roman Declamation, p. 143.

53. Tacitus. Agricola. 3.

54. Plinius. Epistulae VIII. xiv.

55. Iuvenalis. Saturae X. 114-121;
Plinius. Epistulae III. v. 5.

56. Tacitus. Annales I. 4. 7;
Ibid., I. 72, 73.

57. Persius. Saturae IV.

58. Starr, Chester G. Civilization and the Caesars, p. 203.

59. Frank, T. A. History of Rome, p. 462.

60. Ibid., p. 463.

61. Ibid.

62. Dill, S. Roman Society, p. 161.

63. Tacitus. Agricola. 2.

64. Gwynn, A. Roman Education, p. 128.

65. Smail, W. M. Quintilian on Education. Inleiding XI'

66. Atkins, J. W. H. Literary Criticism in Antiquity, p. 176;
Smail, W. M. Quintilian on Education. Inleiding XIX.

67. Salmon, E. T. A History of the Roman World, p. 219
Dill, S. Roman Society, pp. 148-149.

68. Salmon, E. T. A History of the Roman World, p. 219

69. Suetonius. Domitianus XX.

70. Rostovtzeff, M. Rome, pp. 232-233.

71. Iuvenalis. Saturae VII. 216.

72. Friedländer, L. Roman Life and Manners. Vol. IV, p. 46.

73. Ibid.

74. Parks, E. P. The Roman Rhetorical Schools, p. 102.

75. Suetonius. De Rhetoribus I.

99. Id. Controversiae. i. praef. 1-5.

100. Gwynn, A. Roman Education, pp. 159, 169, 171.

101. Castle, E. B. Ancient Education and Today, pp. 151-152.

102. Gwynn, A. Roman Education, pp. 131, 132.

103. Tacitus. Dialogus. 34.

104. Castle, E. B. Ancient Education and Today, p. 152.

105. Gwynn, A. Roman Education, p. 124.

106. Clarke, M. L. Higher Education in the Ancient World, p. 10.
Clarke maak ook melding van Vespasianus se verkla= ring in 75 n. C. Sou dit 'n voortsetting van Cicero se "humanisme" wees?

107. Tacitus. Annales. iii. 55.

108. Cicero. De Finibus III. ii.

109. Clarke, M. L. Higher Education in the Ancient World, p. 86.

110. Plutarchus. Moralia. 717 A-B.

111. Seneca. Epistulae CVIII. 14, 23.

112. Ibid., CVIII. 13-23.

113. Plutarchus. Moralia. 37 D-F;
Persius. Saturae V. 30-40.

114. Clarke, M. L. Higher Education in the Ancient World, p. 95.

115. Seneca. Epistulae CVIII. 4.

116. Seneca. Ibid., XXIX. 1-9.

117. Ibid.

118. Clarke, M. L. Higher Education in the Ancient World, p. 98.

76. Parks, E. P. The Roman Rhetorical Schools, pp. 103-1

77. Quintilianus. Institutio Oratoria I. prooem. 10.

78. Parks, E. P. The Roman Rhetorical Schools, p. 106.

79. Petronius. Satyricon. 4.

80. Parks, E. P. The Roman Rhetorical Schools, p. 106.

81. Nybakken, O. E. Progressive Education in the Roman Empire. Classical Journal. 34. 1938-39, p. 39.

82. Petronius. Satyricon III. 2-4.

83. Nybakken. O. E. Progressive Education in the Roman Empire. Classical Journal. 34. 1938-39, p. 41.

84. Iuvenalis. Saturae VII. 158.

85. Plutarchus. De Liberis Educandis. 9 D.

86. Tacitus. Dialogus XXIX.

87. Plinius. Epistulae. viii. 23. 3.

88. Nybakken, O. E. Progressive Education in the Roman Empire. Classical Journal. 34. 1938-39, p. 42.

89. Friedländer, L. Roman Life and Manners. Vol. I, p. 157.

90. Ibid., p. 158.

91. Ibid.

92. Ibid.

93. Ibid., p. 162.

94. Ibid., p. 163.

95. Dill, S. Roman Society, p. 154.

96. Bonner, S. F. Roman Declamation, p. 143.

97. Dill, S. Roman Society. Vol. 3, p. 2.

98. Seneca. Epistulae. 106. 12.

119. Dill, S. Roman Society, p. 143.

120 Quintilianus. Institutio Oratoria XII. i. 1.

# HOOFSTUK II

# DOEL EN GRONDSLAE VAN DIE OPVOEDING VAN SY TYD

## A. Doel

Die woord "gravitas" dui, volgens Barclay,[1] daarop dat die ou Romeinse opvoeding die karaktervorming van die Romein ten doel gestel het. Warde Fowler[2] is ook van mening dat die Romeinse opvoeding hoofsaaklik op karak= tervorming toegespits was. T. G. Tucker[3] sien die opvoedingsideaal egter só: "The ideal education was a training which should fit a man for his duty to the gods, the state and the family." A. S. Wilkins[4] beweer dat "The Education of her children aimed at no more than at the development of those virtues and capacities the value of which was recognised in daily life." In sy "De Officiis"[5] beskou Cicero die doel van die opvoeding as selfbeheersing en pligsgetroue welwillendheid teenoor ouers en vriende= likheid teenoor die jeug. Die opvoeding was kind-gerig soos blyk uit Iuvenalis[6]: "maxima debetur puero reverentia", 'n standpunt wat deur Gwynn[7] onderskryf word. Marrou[8]

probeer die beklemtoning van deug en karakter in die opvoe= ding verklaar: "The reason was simply this - that Rome was built on a peasant foundation; the whole Roman system of early education was not for knights but for peasants."[9] Die Romeinse opvoeding het 'n duidelike beroepsdoel gehad. Cicero maak onder meer melding van drie professies in sy tyd: "medicina", "architectura" en "doctrina rerum honestarum"[10] - geneeskunde, boukuns en die onderwys. Nuttigheid in die opvoeding was die spil waarom alles ge= draai het.[11] Gwynn[12] kom tot die konklusie dat die hoof= doel van die opvoeding die vorming van selfbeheersing en onderdanigheid was.

In Monroe[13] se werk word aangetoon hoe die Twaalf Tafels verskeie ideale vergestalt: onder meer prudentia en honestas. Die belangrikheid van die staat en veral die on= derdanigheid teenoor die staat word in virtus geopenbaar. Ook pietas of gehoorsaamheid (die nakoming van verplig= tinge teenoor die gode, voorvaders en die medemens) word in die Twaalf Tafels weerspieël. Betaamlikheid, constantia (karakter, manlikheid, fermheid) en gravitas (erns, waardigheid) word in die Twaalf Tafels as ideale, waarna gestreef kan word, voorgehou.

By die Romein in teenstelling met die Griek word 'n sterk neiging tot beroepskundige vorming aangetref.[14] Onder invloed van die Grieke het die heersende vorm van die opvoeding literêr en verstandelik geword. In die bloei= tydperk het praktiese opvoeding, verstandelike en literêre onderwys goeie burgerskap verseker. Tussen die algemene Griekse en die algemene Romeinse opvoedingsideaal was daar die volgende verskil: by die Romein was dit aanvank= lik slegs prakties en moreel gerig terwyl die Griek 'n praktiese, morele en intellektuele doel nagestreef het.[15]

Cicero het die begeerte uitgespreek om sy medebur= gers op te voed.[16] Richards som Cicero se betekenis in Rome soos volg op: "Cicero's position in Rome was one of great influence, because in the total absence of the Press, the Pulpit and the University, he in his single person supplied something of all three."[17] Castle[18] beweer dat Cicero besondere belangstelling in die vorming van intelli= gente en karaktervolle mense getoon het met die oog op diens in die openbare lewe, hoewel hy nie soseer in die onderwyser se taak belang gestel het nie.

In sy "De Oratore" wy Cicero sy aandag aan die retoriek en veral aan een van sy eertydse belangstellings: die opvoedkundige vraagstukke van sy tyd. Cicero se hernieude belangstelling in die opvoeding is gestimuleer

deur sy belangstelling in die opvoeding van sy seun Marcus en sy neef Quintus.[19] Die "De Oratore" is nie net 'n blote handboek vir die retoriek of menings oor hoër opvoeding nie, maar dit weerspieël ook Cicero se politieke en intellek= tuele idealisme.[20]

Die eindproduk wat Cicero hom in die opvoeding ten doel gestel het, was die "doctus orator".[21] Hierdie twee woorde openbaar Cicero se hele opvoedingsideaal. Hy idealiseer die ware orator, maar vereis terselfdertyd dat hy 'n groot regsgeleerde moet wees.[22] Cicero se beklem= toning van die beskaafde, verfynde orator[23] wat die voortreflikhede van die orator sowel as die filosoof in hom moes verenig, laat onmiddellik die invloed van die Akademie blyk. In die "Orator" erken hy ook dan: "me oratorem, si modo sim aut etiam quicumque sim, non ex rhetorum officinis, sed ex Academiae spatiis exstitisse".[24] Cicero het 'n vaste vertroue geopenbaar in sy "doctus orator".[25] Crassus gee 'n uiteensetting daarvan in die derde boek van die "De Oratore" en kom dan tot die volgende gevolgtrekking: "sin quaerimus quid unum excellat ex omnibus, docto oratori palma danda est".[26]

Die opvoedingsideaal wat Cicero gekoester het, kan egter nie bloot as "orator" of "filosoof" omskrywe word nie. Slegs een woord kan sy ideaal definieer, nl.

"humanitas".[27] Hier is dus die eerste formulering deur 'n Romein van die Grieks-Romeinse opvoedingsideaal, die vorming van die opgevoede man: die volmaakte redenaar met 'n hoë sedelike karakter, breë kultuur en groot wel=sprekendheid.[28] Vir Cicero was dit nie voldoende dat die redenaar slegs vaardig moes wees in die tegniese aspekte van die retoriek nie, maar hy moes terselfdertyd ook geleer=de en kultuurmens wees en sy openbare optrede op 'n filosofiese onderbou laat rus as hy ware sukses wou behaal.[29] Sy opleiding moes uiteindelik op diens aan die staat uitloop.[30] Cicero poog om 'n besondere opvoedingsideaal waarna hy self ook gestreef het, nl. die redenaar-filosoof-staatsman, met behulp van sy ingebore talent, aanleg en opleiding daar te stel. Plutarchus gee 'n kort verduideliking van die drieledige ideaal: hy beweer dat Cicero dikwels self sy vriende gevra het om hom nie 'n redenaar te noem nie, maar 'n filosoof; want hy het die filosofie as sy werk gekies, terwyl hy die redenaarskuns slegs gebruik het met die oog op die praktiese behoeftes en die politieke lewe.[31]

Cicero erken egter dat sy opvoedingsideaal vir som=mige onbereikbaar sal bly en dat dit aspirant-orators sal afskrik, maar desnieteenstaande moedig hy hulle tog nog aan om alles in die stryd te werp.[32] Dit was, soos hier bo aangetoon, die opvoedingsdoel soos vertolk deur Cicero meer as 'n eeu voor Quintilianus se tydperk.

Seneca wat oorlede is in 65 n. C. toe Quintilianus 'n jong man van dertig was, het gemeen dat 'n mens doelgerig moes wees: "Scire debet quid petat ille, qui sagittam vult mittere, et tunc derigere ac moderari manu telum".[33] Seneca se opvoedingsdoel was tweeledig: eerstens was dit 'n sedelike en tweedens 'n praktiese doel. Volgens hom moet deug die doel van die mens se opvoeding wees: "Expetendum est" inquiunt, "quod bonum est".[34] In alles wat die mens doen, moet hy die "summum bonum", die doel van sy hele lewe, voor oë hou.[35] Die strewe moet nie alleen wees na dit wat uiterlik goed lyk nie, "sed solidum et aequale et a secretiore parte formosius; hoc eruamus".[36] Dus, sê Seneca, "audaciter licet profitearis summum bonum esse animi concordiam".[37] Geestelike harmonie en die deug gaan hand aan hand. Op die vraag: "quid petam ex virtute?" is sy antwoord: "ipsam".[38] As hy moet kies tussen deug en kennis, is sy antwoord eerder "O virum bonum" as "O hominem litteratum".[39] Seneca stel die gelukkige lewe ook as ideaal in sy opvoeding.[40] 'n Gelukkige lewe wat onderhewig is aan die verkryging van die volmaakte rede.[41] Benewens die sedelike doel verklaar Seneca dat die mens ook tot aksie geroep moet word naas sy taak as denker.[42] Nuttigheid en diensbaarheid in die gemeenskap moet nagestreef word.[43]

Seneca het sy korrupte samelewing ontleed en was die sedelike gids vir sy volk. Daarom sê Dill van hom: "He had passionately adopted an ethical creed which aimed at radical reform of human nature, at the triumph of cultivated and moralised reason and social sympathy over the brutal materialism and selfishness of the age."[44]

In Quintilianus se onmiddellike tydgenote, waaronder Petronius, dring die algemene opvatting van sy tyd na vore, nl. dat opvoeding en opleiding op die praktiese en pragma= tiese einddoel gerig moes word. As die student 'n regs= kursus volg dan doen hy die regte ding, want "habet haec res panem".[45] Petronius vestig die aandag op 'n materia= listiese opvoedingsdoel. 'n Ander tydgenoot van Quintilia= nus, die Griek, Plutarchus, gee 'n beskrywing van die opvoeding van daardie tyd in sy "De Liberis Educandis", waarin hy opvoedkundige gedagtes wat algemeen bekend was in sy tyd, uiteensit. In hierdie werk word die deug as doel van die opvoeding gestel wat met behulp van aanleg en persoonlike ywer verkry kon word.[46]

Tacitus, 'n jonger en latere tydgenoot, wys op die praktiese nut en waarde van die oratorberoep.[47] Na sy mening het die orator 'n hoë aansien geniet en was die beroep verhewe bo dié van tribune, praetor en selfs kon= sul.[48] Tacitus se ideale orator is nie 'n professionele

filosoof of aanhanger van die Stoïsisme nie, maar 'n man wat 'n breë kennis van 'n verskeidenheid onderwerpe besit.[49] Plinius, 'n volgeling en leerling van Quintilianus, maak net terloops melding van sekere karaktereienskappe wat twee jong advokate, Fuscus Salinator en Ummidius Quadratus gehad het: "Mira utrique probitas, constantia, salva, decorus habitus, os Latinum, vox virilis, tenax memoria, magnum ingenium, iudicium aequale".[50] Dit is veelseg=gend dat Plinius ook klem lê op eerlikheid en 'n sterk karak=ter as doelwitte wat deur die orator nagestreef moet word, aangesien hy 'n leerling van Quintilianus was.

Teenoor sy voorgangers, tydgenote en opvolgers se opvoedingsideale stel Quintilianus die volgende doel in sy opvoedingstelsel: "Sit ergo nobis orator, quem constituimus, is, qui a M. Catone finitur: 'vir bonus dicendi peritus'."[51] In die prooemium van die eerste boek van die "Institutio Oratoria" laat Quintilianus geen twyfel oor die uiteindelike doel van sy onderrig nie. Hy stel hom dit ten doel om die volmaakte orator te vorm wat nie kan bestaan tensy hy 'n goeie man is nie; en daarom vereis hy nie alleen uitstaande spreekvermoë in (so) 'n man nie, maar ook al die deugdelike karaktereienskappe: "Oratorem autem instituimus illum perfectum, qui esse nisi vir bonus non potest; ideoque non dicendi modo eximiam in eo facultatem sed omnes animi virtutes exigimus."[52] 'n Verdere vermelding van sy

opvoedingsideaal kom in die tweede boek voor. Die reto= riek, sê Quintilianus, wat hy probeer onderrig en waarvan hy die ideaal in sy hart omdra, is 'n deug en maak deel uit van die goeie man.[53]

Duidelik, bondig en ondubbelsinnig verkondig Quintilia= nus sy opvoedingsideaal: "Sit ergo nobis orator, quem constituimus, is, qui a M. Catone finitur: 'vir bonus dicendi peritus'; verum, id quod et ille posuit prius et ipsa natura potius ac maius est, utique vir bonus".[54] Die orator moet in staat wees om te kan praat, maar bowenal moet hy 'n goeie, deugsame mens wees. Dit is, na sy mening, die belangrikste eienskap van sy ideaal. Quintilianus beoog dus die sedelike resultaat as die hoogste vervulling van sy opvoedingsideaal.

Uit wat Quintilianus self oor sy beoogde eindproduk in die opvoeding sê, blyk dit dat sy opleiding daarop ingestel is om 'n man te vorm wat sy plek kan volstaan in die openbare lewe, iemand wat aan die vereistes van die openbare en private sektor in die gemeenskap kan voldoen. Hy moet ook in staat wees om leiding in staatsaangeleenthede te kan neem. Verder moet so 'n persoon die staat deur wetgewing op 'n stewige grondslag kan plaas en euwels bekamp deur gesonde oordeel aan die dag te lê.[55] Sy doel in die opvoe= ding is dus ook prakties georiënteerd. Hy strewe na die

vorming van 'n ware burger wat in gereedheid gebring is vir die administrasie van openbare sowel as private sake. Dit is te begrype waarom Quintilianus die woord "orator" as sinoniem vir die volmaak opgeleide en ten volle toegeruste "burger" gebruik, want dit was 'n natuurlike tendens van sy tyd om die taak van die retor as die belangrikste te beskou. Die openbare leier moes tog immers wel ter tale wees en 'n goeie toespraak kon lewer soos dit vandag nog die geval is.

Vir Gwynn[56] is dit 'n onomstootlike feit dat Quintilia= nus nie sy "vir bonus" van Cicero gekry het nie. As rede voer hy aan dat Cicero slegs 'n terloopse opmerking in sy "De Oratore" maak dat die samelewing alleenlik by die redenaar kan baat vind as hy 'n goeie man is: "si vir quoque bonus mihi videbitur esse".[57] Cicero stel dit egter nie as eerste en enigste vereiste vir sy orator nie. Tog streef Quintilianus na dieselfde perfekte orator as Cicero[58] en toon ook groot respek vir Cicero.[59] Nêrens egter haal Cicero Cato se definisie van die orator aan nie. Quintilianus gryp wel terug na Cato vir sy opvoedingsideaal.[60] Quintilianus se vereistes vir sy ideale orator is nie so streng soos Cicero s'n nie. Vir eersgenoemde is dit voldoende as die orator nie 'n kenner is van die onderwerp waaroor hy praat nie, maar net genoeg kennis daarvan dra.[61] Cicero daarenteen, wil dat hy 'n meester op alle gebiede moet wees.[62] Dit is dus duidelik dat Quintilianus tog in

sekere opsigte afwyk van Cicero se opvoedingsideaal, die "doctus orator". Cicero en Quintilianus het egter dit gemeen, nl. dat albei die orator as einddoel van die opvoe= ding vooropstel. Alhoewel Quintilianus meer klem lê op die orator se karakter, stem hy tog saam met Cicero dat die orator 'n uitgebreide kennis moet verwerf en 'n deeglike opleiding terwille van die welsprekendheid moet geniet.[63]

Wat in werklikheid as 'n teenstrydigheid in Quintilianus se doel voorkom, as hy die "wit leuen" van die orator goed= praat, kan met die bekende idioom: "die doel heilig die middele" verklaar word. Die "leuen" sal noodwendig van omstandighede afhang. Selfs die Stoïsyne sal toegee dat die deugvolle man ook soms verplig word om 'n leuen te vertel.[64] Quintilianus kom ook tot die konklusie dat die deug deur opleiding vervolmaak moet word en as't ware aangeleer moet word. Die sedelike aspekte van die orator se karakter moet dus gevorm en ontwikkel word.[65]

Die optrede van die ideale orator in die geregshowe moet bestaan uit die bekamping van euwels en die hervorm= ing van sedes.[66] Die klem val dus weer op sy begeerte om reg te laat geskied aan die goeie, deugsame karakter van die ideale orator. Selfs wanneer dit gaan om die aanvaarding van vergoeding skaar Quintilianus hom by die opvatting dat die welsprekendheid nie goedkoop gemaak

moet word nie.[67] Tog opper hy geen beswaar teen eerlike verdienste nie.[68] Hy benadruk die morele aspek selfs in die harde ongenaakbare atmosfeer van die hof en pleit dat die advokaat hom van alle vorme van oneerlikheid moet weerhou.

Die opleiding van die orator kan ook uitkristalliseer in die loopbaan van die advokaat. Quintilianus kwalifiseer egter dadelik watter soort advokaat hy met sy onderrig be= oog. Nie bloot net 'n gewone advokaat nie, nie maar net 'n gewone huurling nie of die tipe wat in sy tyd as "causidici" bekend gestaan het nie, "sed virum cum ingenii natura praestantem tum vero tot pulcherrimas artes penitus mente complexum",[69] iemand wat begaafd en belese is, ongeëwe= naard, perfek in elke opsig "optimeque dicentem".[70]

Quintilianus stel dit as 'n vereiste dat die volmaakte orator op senatoriale en volksvlak leiding moet kan gee t.o.v. ware deugde en gevaarlike euwels.[71] Die orator het dus, volgens Quintilianus, 'n groot en veranwoordelike taak in die Romeinse openbare lewe gehad om te vervul. Hy was nie alleen advokaat nie, maar moes ook as volks= leier voor volksvergaderings en in die openbaar optree en kon gevolglik die hele landsbeleid verander of beïnvloed. In die lig hiervan was dit noodsaaklik dat die orator ook 'n goeie mens moes wees.

'n Uitnodiging word deur Quintilianus aan oud en jonk gerig om die twee komponente van sy opvoedingsideaal, nl. welsprekendheid en deug, na te jaag. Hy plaas geen be= perking op die ouderdom van die deugvolle aspirant-orator nie, want, sê hy, dit kan nooit te laat wees om hierdie twee doelwitte na te streef nie.[72] Quintilianus besef maar te goed dat hy 'n te hoë ideaal stel en dat voornemende orators afgeskrik kan word deur die geweldige uitgebreide leerplan en ontsaglike hoeveelheid kennis wat vereis word. Hy stel sy lesers egter dadelik gerus met die gedagte dat juis die vernaamste en belangrikste deel van die opleiding, nl. deug, alleenlik verkry kan word met behulp van deursettingsver= moë. As die wil daar is om te volhard, sal die kennis maklik bekom kan word.[73]

Die voorgangers, tydgenote en opvolgers van Quintilianus, onder meer Cicero, Seneca, Plutarchus en Plinius, het ewe-eens die sedelikheid en deug in hul opvoe= dingsideaal nagestreef. Cicero, Seneca, Petronius, Tacitus en Quintilianus onderskryf die praktiese doel van die orator se opleiding. Dit is egter opmerklik dat Quintilianus se tydgenote nie die orator, of in die besonder die goeie orator as ideaal voorgehou het nie. 'n Byna soortgelyke ideaal word slegs by Cicero aangetref wat meer as 'n eeu voor Quintilianus geleef het.

B. Grondslae

Die grondslag van die antieke Romeinse opvoeding was die sedelike vorming van die mens.[74] Die ideaal waarna gestrewe is, was die deug wat deur die verskaffing en ver=werwing van kennis verkry kon word. Gevolglik was die hoogste ideaal van die opvoeding die vorming van die goeie, deugsame mens. Die Romein het feitlik alles benader met die vraag "cui bono?" en hierdie gesindheid het ook tot sy sedelikheid deurgewerk. Dus kan sy sedelikheid as prakties van aard bestempel word.[75] Die godsdiens het ook invloed uitgeoefen op die vorming van goeie Romeinse burgers. By die Romein was die godsdiens 'n praktiese aangeleentheid. Tog het die godsdiens 'n geweldige in=vloed op die alledaagse handel en wandel van die Romein uitgeoefen omdat die wet en die reg deur sy godsdienstigheid en vroomheid gedra is.[76] Ook van belang was die staat=kundige grondslag van die antieke opvoeding. Deur opvoe=ding moes die indiwidu as staatsburger opgroei.[77] Los van die staat het die indiwidu geen bestaan gehad nie. Vir sy huis en staat het die Romein alles feil gehad. Die indiwidu en die staat is as 'n eenheid beskou: lewe vir die indiwidu was lewe vir die gemeenskap.[78] Anders as die Griek wat nie veel aandag aan die ekonomiese faktor in sy denke en lewe geskenk het nie[79] en die sedelike duidelik onderskei

het van die ekonomiese, was die Romein prakties hierteen= oor ingestel.[80] Dit is dus nie onmoontlik dat hierdie opvatting ook tot sy opvoeding deurgewerk het nie.[81] Verder het die Romeinse opvoeding 'n oorwegend literêre grondslag gehad.[82] Die Romeinse opvoeding was ook op 'n psigolo= giese grondslag gegrondves. Plato en Aristoteles het albei hulle onderwysstelsels op 'n psigologiese teorie ge= grond. Die Romeinse opvoeding het in hoofsaak die Griekse grondslae oorgeneem. Seneca was 'n aanhanger van die Stoïsynse leer, maar as denker het hy ook denkbeelde van Plato en Epicurus oorgeneem. Die morele aspek van die opvoeding is veral deur Seneca benadruk.[83]

## 1. Wysgerige Grondslag

'n Sterk wysgerige grondslag kom na vore in Cicero se opvoedkundige denke. As uitgangspunt aanvaar hy die filosofie as 'n belangrike onderdeel van die opleiding van die ideale orator. Hy verduidelik dit soos volg: "Nam nec latius atque copiosius de magnis variisque rebus sine philosophia potest quisquam dicere -."[84] Cicero besef dat die wysgerige benadering en bespreking van temas en probleme 'n "sine qua non" vir die voornemende orator is. 'n Verdere motivering hiervan word in sy bespreking van die dispuut aangetref.[85] Die redenaar moet in staat wees om te kan onderskei tussen waarheid en onwaarheid, om sy

eie afleidings te maak, om standpunt te kan inneem en standpunt te kan stel: dus 'n logiese redeneervermoë. Die neiging om die funksie van die filosofie as suiwer eties, hervormend, rigtinggewend en karaktervormend te sien, vind neerslag in Seneca: hy wou die siel red en hervorm.[86] Seneca het ook die mening gehuldig dat die filosofie remedi=erend op die verstand kan inwerk.[87] Plutarchus se formu=lering van die filosofie is 'n kombinasie van Plato en Seneca: die Griekse lewensbeskouing en die praktiese uitlewing van die Romein.[88] Vir Plutarchus is die filosofie die gids in die keuse tussen goed en kwaad, asook in die optrede teen=oor die gode, mense, instellings en wette.[89] Die filosofie is en bly die hoofsaak in die opvoeding. In sy "Dialogus de Oratoribus" verwys Tacitus na die antieke orators en die aansien wat hulle op grond van hulle kennis van die filosofie geniet het. Vandag, sê hy, word dit as alledaags en alge=meen aanvaar.[90]

Quintilianus se vertolking van hierdie opvoedkundige gedagtes kom daarop neer dat sy "vir bonus" alleen reg aan die redenaarskuns kan laat geskied as hy die filosofie as grondslag van logiese denke en die deug aanvaar. Die filosofie is onontbeerlik vir die logiese beredenering van 'n saak: "An de iustitia, fortitudine, abstinentia, tempe=rantia, pietate non plurima dicet orator?"[91] Met hierdie filosofiese agtergrond sal die orator nooit huiwer of verwar

word as hy uitspraak moet gee nie "sed, quod sciet, vere dicet".[92] Quintilianus is van mening dat alle welsprekend=heid gedeeltelik in die filosofie gefundeer is: "Ergo natura permixta est omnibus istis ratio, quae quidem oratio est vere."[93] Dit is egter opmerklik dat Quintilianus nie so 'n belangrike plek aan die filosofie in die opleiding van sy orator as Cicero toeken nie. Nadruklik verklaar Quintilia=nus dat sy ideale orator nie 'n filosoof moet wees nie, maar 'n wyse en verstandige man in die Romeinse sin van die woord, 'n persoon wat hom as 'n ware staatsman in die praktyk en openbare lewe openbaar.[94]

## 2. Sedelike Grondslag

Cicero se opvoedkundige teorie rus op 'n ideaal van menslike voortreflikheid,[95] 'n etiese en sosiale opvoedings=doel. In die derde boek van sy "De Oratore" erken hy sy Grieks-Romeinse opvoedingstelsel: "nam ut virtutis a nostris, sic doctrinae sunt ab illis exempla petenda".[96] "Humanitas" soos Cicero dit vertolk het, het nie "virtus" ingesluit nie en omvat dus nie die volle deugde van die hoogs ontwikkelde mens nie.[97] Aulus Gellius het 'n paar eeue ná Cicero gepoog om die woord "humanitas" se volle betekenis te omskryf. Volgens hom het die woord nie oorspronklik, wat die Grieke φιλανθρωπία genoem het,

beteken nie, (d.w.s. 'n sosiale aanpasbaarheid en welwil= lendheid teenoor mense) maar wat die Grieke παιδεία ons geleerdheid en opvoeding in die lig van die "artes liberales" sou noem.[98] Hierdie verduideliking is volgens Clarke[99] net gedeeltelik korrek. Cicero se "humanitas" is wel παιδεία maar dit is ook φιλανθρωπία. Dié twee aspek= te vorm een begrip, een ideaal. Opgesluit in die woord "humanitas" lê die volgende karaktertrekke: vriendelikheid, hulpvaardigheid en konsiderasie. Verder impliseer dit ook verdraagsaamheid, beleefdheid, goeie maniere, 'n sosiale persoonlikheid asook pittigheid en gevatheid in gesprekke.[100] Cicero se interpretasie van "humanitas" is nie deur almal in sy tyd aanvaar nie.[101] Tog kan dit as kenmerkend van die mens in sy mees volmaakte vorm beskou word. Alhoewel sy opvoedingsideaal op die grond= slag van die volledige intellektuele ontwikkeling van die mens gerus het, merk Clarke tog op dat Cicero die invloed van die opvoeding op die mens se karakter erken het. Die "artes liberales" maak die mens 'n beskaafde en ware mens. Selfs die slegste mens kan deur opvoeding opgehef en gehumaniseer word.[102]

In Cicero se toesprake kom spreuke of temas voor wat tipies van die retoriekskole was en 'n sterk sedelike karaktertrek openbaar het: "ex luxuria existat avaritia necesse est, ex avaritia erumpat audacia; inde omnia

scelera ac maleficia giguntur".[103] Die uitnemendste morele opvattings lê opgesluit in die letterkunde waarin die groot helde van die verlede as voorbeeld aan die nageslag voorgehou word. Roem en deug kan dikwels bereik word deur slegs op talent en vermoë staat te maak, sonder die hulp van opvoeding, maar die eindproduk sal des te beter en uitnemender wees as die vormende invloed van die opvoe= ding bygevoeg word.[104] Cicero verwag dat die ideale orator sy aandag veral aan een van die vertakkinge van die filosofie, nl. sedekunde (vita atque mores) sal moet wy.[105] Daar is egter nie afdoende bewys dat Cicero deug as 'n vereiste vir sy ideale orator gestel het nie en Grant[106] se standpunt is dus nie aanvaarbaar nie.[107]

Seneca beweer dat geestelike weerbaarheid teen euwels verseker word deur die aanleer van deugde: "virtutes discere vitia dediscere est".[108] Cato word deur Seneca voorgehou as simbool van gehardheid en sedelike beginsel= vastheid.[109] Hy is trots op sy leerling Lucilius en sien in hom 'n goeie man (sy ideaal) mits hy pligsgetrou is en toesien dat sy dade en woorde in harmonie is.[110] Die sedelike grondslag van sy opvoeding blyk uit die volgende raad wat hy aan die hand doen: help iemand geldelik, gebruik jou invloed om 'n persoon te hulp te kom, gee raad aan een persoon "alium praeceptis salubribus adiuva".[111] Seneca beveel ook selfopvoeding, naasteliefde, weldade en

veredeling van die persoonlike lewe aan.[112] Waarom onderrig ons ons kinders in die "liberalia studia"?, vra Seneca. Nie omdat studie deug in die hand werk nie, maar omdat dit die gees voorberei om die deug te ontvang, sê Seneca.[113] Volgens hom is daar aanvanklik geen deug in 'n kind aanwesig nie en sal die kind "tunc ad bonum perveniet, cum ad rationem pervenerit".[114] Die jong karakter wat nog nie die euwels van die lewe die hoof kan bied nie, sê hy, "subducendus populo est tener animus".[115] Daar is net twee moontlikhede vir die mens: volg die wêreld of haat hom.[116] 'n Kind se goeie gedrag moet al= tyd geloof word.[117] Wanneer Seneca 'n vergelyking tref tussen die antieke en die moderne onderwys erken hy noodgedwonge dat nóg die oue nóg die nuwe stelsel die deug onderrig of stimuleer.[118]

Quintilianus se ander tydgenote soos Plutarchus, Petronius en Plinius laat ook blyk dat hulle 'n sedelike grond= slag in die opvoeding aanvaar. In sy "Moralia" in sy opstel oor die opvoeding van kinders ("De Liberis Educandis") lê Plutarchus nadruk op die deug wat slegs deur goeie aanleg en lering bekom kan word. Hy wys ook op die wenslikheid dat kinders se karakters van die begin af in die regte rigting gestuur moet word, aangesien die jeugdige gemoed en ver= stand ontvanklik, plooibaar en gunstig vir beïnvloeding is.[119] Die alfa en die omega van die onderwys is 'n

goeie opvoeding en deeglike opleiding.[120] Die aankweek van 'n kritiese vermoë moet die jeug na die goeie sedes lei.[121] Ook Petronius laat in die "Satyricon" deurskemer dat die opvoeding op sedelike grondslag gevestig moet wees. As iemand sukses in die lewe wil behaal, moet hy sy karak= ter vervolmaak d.m.v. "frugalitas". Daar behoort dus nie dadelik 'n begeerte na aansien en geld te wees nie.[122] Hy trek ook te velde teen die godsdienstige verval van sy tyd.[123] Plinius ag 'n opvoeding wat in die sedelikheid ge= wortel is van kardinale belang veral omdat hy self in 'n losbandige samelewing geleef het. In sy "Epistulae" maak hy melding van 'n sekere Corellia Hispulla se seun wat, aangesien hy nog te jonk was om sy vader te verlaat, tuis deur "praeceptores" onderrig is. Ná hierdie tuisonderrig moes 'n Latynse retor gevind word wat hom 'n streng opleiding sou gee, hom goeie maniere sou leer en bowenal goeie sedes aan hom sou voorhou.[124] Plinius stel 'n sekere Genitor voor wat die seun oor die Romeinse tradisies en korrekte sedelike optrede sou inlig voordat hy die reto= riek begin bestudeer.[125]

Quintilianus verwys herhaaldelik na die goeie deugsa= me orator as sy opvoedingsideaal.[126] Hy het nie slegs vereis dat die kind se opvoeders deugsame en karaktervolle mense moes wees nie,[127] maar ook die opvoedeling moes aan hoë sedelike vereistes voldoen.[128] Verder het hy

daarop aangedring dat die inhoud van die leerplan ook sede= lik van hoogstaande gehalte moes wees: "sed vel magis quae honesta sunt, discant".[129] In boek XII beklemtoon hy die noodsaaklikheid van die deug as karaktereienskap van die goeie orator, maar ook as grondslag vir die opvoeding: "Quando igitur orator est vir bonus, is autem citra virtutem intelligi non potest, virtus, etiamsi quosdam impetus ex natura sumit, tamen perficienda doctrina est."[130] Boonop moet die orator sy aandag toespits op die vorming van 'n goeie karakter en word van hom verwag dat hy 'n deeglike kennis moet opdoen van alles wat reg en eerbaar is.[131] Deug moet dus deur opvoeding vervolmaak word en die sedelike aspekte van die orator se karakter moet ontwikkel word.[132] Die sedelike resultaat is die hoogste vervulling van die opvoedingsideaal.[133] Quintilia= nus vind dus aansluiting by sy voorganger Cicero en sy tydgenote in die sedelike grondslag van die opvoeding.

## 3. Staatkundige Grondslag

"Quam ob rem pergite, ut facitis, adolescentes, atque in id studium, in quo estis, incumbite, ut et vobis honori, et amicis utilitati, et reipublicae emolumento esse possitis".[134] Só formuleer Cicero die einddoel van die jongman se studie: die vervulling van persoonlike ideale,

naastediens en veral diens aan die staat. In die "De Republica" vra Mucius watter kennis vereis word ter ver= vulling van die staatsburger se taak en roeping. Laelius antwoord dan: "Eas artes, quae efficiant ut usui civitati simus";[135] want dit is die edelste funksie van die wysheid en die hoogste roeping van die deug. Die opvoeding is dus Staatgerig.

Seneca weer benader die staatkundige grondslag in die opvoeding vanuit 'n ander oogpunt as hy beweer dat dit nie net die staatsman of advokaat is wat die staat dien nie "sed qui iuventutem exhortatur, qui in tanta bonorum praeceptorum inopia virtutem instillat animis, qui ad pecuniam luxuriamque cursu ruentis prensat ac retrahit et, si nihil aliud, certe moratur, in privato publicum negotium agit".[136] Die beste oplossing vir verveeldheid is om besig te wees met praktiese aangeleenthede, die hantering van openbare sake en die pligte van 'n burger.[137] Die onderwys moet uitloop op die openbare lewe: "Placet imperia praeceptorum sequi et in mediam ire rem publicam".[138] Die belangrikste ooreenkoms met die Stoïsisme in Plutarchus se "De Liberis Educandis" is die klem wat daar op diens aan die staat gelê word.[139]

Quintilianus vereenselwig hom met die opvattinge van sy voorgangers en tydgenote. Die opleiding moet só gefun= deer wees dat dit 'n orator vorm en voortbring wat sy plek in die openbare lewe kan vol staan en 'n persoon wat aan die hoë eise van die openbare en private lewe in die gemeenskap kan voldoen. Die orator moet onder meer 'n leier op staatkundige gebied wees: "cum vir ille vere civilis et publicarum privatarumque rerum administratione accomo= datus, qui regere consiliis urbes".[140] Sy diens aan die gemeenskap behels ook nog bestendiging daarvan d.m.v. wetgewing en die bekamping van euwels.[141] Die toekom= stige orator moet van kindsbeen af in die openbare atmosfeer opgroei en gereed gemaak word vir die openbare lewe, die sosiale lewe en die naakte werklikheid.[142]

4. Literêre Grondslag

Die Romeinse opvoeding het hoofsaaklik in die letter= kunde- en retoriekskole geskied. Ook Cicero se opvoed= kundige teorie van die "doctus orator" rus op literêre grondslag. Dit blyk uit sy omskrywing van die "grammati= cus" se taak: die uitlê en verklaring van die digters, kennis van die geskiedenis, verduideliking van die betekenis van woorde en laastens korrekte uitspraak en voordrag.[143] Cicero se "puerilis institutio" (middelbare onderrig) en sy

"politior humanitas" (hoër onderrig) rus albei op 'n sterk literêre grondslag, nl. die onderwys van die "grammaticus en die retor. Die gawe van taal is die kosbaarste geskenk aan die mens, wat hom van die dier onderskei. Dit is die gevolgtrekking waartoe Cicero raak in sy "De Oratore".[144] Daar moet 'n strewe na welsprekendheid wees, wat die orator van die gewone mens onderskei. 'n Sterk literêre grondslag dus.

Quintilianus se opvoeding is net soos Cicero s'n ge=grondves op 'n literêre grondslag, maar Quintilianus gaan dieper in op die teorie en brei aansienlik uit daaroor in die "Institutio". In sy uiteensetting van die "grammaticus" se leerstof gee hy die volgende indeling:

(i) "recte loquendi scientia"

(ii) "poetarum enarratio".[145]

Die lees en verklaring van die digters het 'n prominente plek in die leerplan ingeneem. Quintilianus gaan egter 'n stappie verder en sê: "nec poetas legisse satis est: excutiendum omne scriptorum genus non propter historias modo sed verba, quae frequenter ius ab auctoribus sumunt".[146] Hy bepleit dus 'n diepgaande studie van die skrywers wat bestudeer moet word. Quintilianus waarsku dat tensy die fondament van die welsprekendheid op 'n literêre onderbou gelê word: "quidquid superstruxeris, corruet".[147] Hy beskou die "grammaticus" se onderwys

as 'n vertakking "quae vel sola in omni studiorum genere plus habeat operis quam ostentationis".[148] Letterkunde is onontbeerlik vir die jeug en 'n bron van vreugde vir die bejaarde.[149] Die onderwys het die ideale orator as eind= doel en hierdie doel kan bereik word "optima legendo atque audiendo".[150] Quintilianus benadruk veral die leeswerk in die orator se opleiding. Selfs musiek en meetkunde was na sy mening ondergeskik aan die literêre studie.[151]

Gwynn kom tot die volgende gevolgtrekking: "And it is no mere accident of personal taste that Cicero should have been an enthusiast for history, Quintilian for gram= mar."[152]

## 5. Psigologiese Grondslag

Ten spyte van die feit dat Cicero nie 'n onderwyser soos Quintilianus was nie, getuig sy opvoedkundige idees tog van psigologiese insig. Dit word geopenbaar in die aanvangsopleiding wat hy vir die orator bepleit.[153] Cicero baseer sy opleiding wat hy vir die orator voorstaan op die individualiteit van die mens. By gebrek aan fisiese of intellektuele vermoëns of weens 'n gebrekkige opleiding moet die voornemende orator 'n kursus volg wat binne die bereik van sy potensialiteite lê.[154] Aanmoediging

moes die belowende orators aanspoor[155] en straf moes nie die student verneder nie.[156] Seneca, soos Cicero, se opvoedkundige gedagtes rus op die individualiteit van elke mens, 'n beginsel wat ook deur Persius verkondig word. Geaardhede verskil radikaal: sommige is plooibaar andere het afronding nodig.[157] Elke individu moet op verskillend maniere benader word.[158] Seneca pleit vir differensiasie in sy opvoedkundige denke: "Considerandum est utrum natura tua agendis rebus an otioso studio contemplationique aptior sit, et eo inclinandum, quo te vis ingenii feret."[159] Die psigologiese grondslag van sy opvoeding blyk verder uit sy opvatting oor die verstand, wat na sy mening daaglikse oefening moet kry.[160] Die verstand het ook behoefte aan rus en ontspanning om sodoende balans te verkry.[161] Onde geen omstandighede moet die kind bederf word nie.[162] Seneca glo dat die mens gebore is met 'n natuurlike nuus=kierigheid en weetgierigheid.[163]

Quintilianus openbaar 'n diep psigologiese en pedago=giese insig in veral die sielkundige samestelling van die mens en meer bepaald dié van die kind. In hierdie opsig onderskei hy hom van sy voorgangers en tydgenote aangesien hy die kind en student breedvoerig bespreek en ontleed.

## 5.1 Voorskoolse Kind

Quintilianus is deeglik bewus en op hoogte van die sielkundige werking van die voorskoolse kind se gees. Gevolglik doen hy aan die hand dat die kind deur spel moet leer sodat hy nie 'n antipatie jeens sy werk ontwikkel nie. Tred moet ook gehou word met die ontwikkelingspeil van die kind en die standaard van die werk moet daarby aangepas word.[164] Die ontvanklikheid van die kleuter se verstand moet produktief tot voordeel van die kind aangewend word, veral gedurende die eerste sewe jaar. Veral die geheue van die kind op daardie leeftyd is besonder vatbaar vir prikkels en invloede van buite.[165]

### 5.1.1 Individuele Verskille

"Natura cuiusque totum curaque distat",[166] sê Quintilianus. Die opvoeding moet gefundeer wees in die andersheid en individuele verskille van elke individu en opvoedeling. Die opvoeder moet die vermoë en persoon= likheid van die kind in ag neem in sy onderrig.[167]

#### 5.1.1.1 Proprietates Ingeniorum

Uit bostaande beginsels vloei 'n vorm van gedifferensieerde onderwys voort: "Nam proprietates ingeniorum dispicere prorsus necessarium est. In his

quoque certum studiorum facere delectum nemo dissuaserit".[168] Quintilianus is so oortuig van sy stand=punt dat hy selfs bereid is om dit teen kritici van sy tyd wat 'n ander mening daarop nahou, te verdedig. Quintilianus erken hierdie beginsel ook in die opvoeding van die orator. Een student toon miskien aanleg vir die geskiedenis, 'n ander vir die poësie, 'n ander weer vir die regte, terwyl 'n ander student liewers op 'n plaas moet gaan arbei.[169] Die onderwyser se hele benadering en onderrig is gegrond op die psigologiese verskynsel dat die persoonlikheid en verstand van mense onderling verskil. Daar moet ook rekening gehou word, meen Quintilianus, met die trae, ongeduldige en selfs bang kinders. Sy benadering is sielkundig: aanmoediging en simpatie.[170]

5.1.1.1.1 <u>Ander Pedagogiese Gedagtes</u>

As die verstand geen rus of ontspanning geniet nie kan dit net so maklik soos die oog vermoei word.[171] Wedywering is 'n kerngesonde stimulus in die opvoeding van die kind en student.[172] Verder speel die student se ge=moedstoestand 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die welsprekendheid. Die orator moet geestelik reg ingestel wees en hy moet homself oriënteer t.o.v. die tema waaroor hy wil praat.[173] Quintilianus benader ook die tug vanuit 'n psigologiese oogpunt. As die leerling onvatbaar is vir onderrig en straf, sal hy slegs hardkoppig word wanneer

:raf op hom toegepas word. Hy wys ook op die sielkundige eaksie by kinders en die gevolge as lyfstraf toegepas word.[174] olkome harmonie tussen kind en onderwyser, so beweer uintilianus, is die waarborg vir suksesvolle onderrig.[175]

. Godsdienstige Grondslag

Quintilianus glo dat oorsprong van taal, waarop sy pvoedingstelsel gegrond is, 'n gawe uit die hand van die ode is: "Et hercule deus ille princeps, parens rerum abricatorque mundi, nullo magis hominem separavit a eteris, quae quidem mortalia essent, animalibus, quam icendi facultate."[176] Die menslike rede is 'n gawe uit lie hand van die gode, maar sonder die vermoë om gedagtes n taal uit te druk, sou die rede nutteloos wees.[177]

Wanneer Quintilianus se opvoedkundige grondslae met dié van sy voorgangers en tydgenote vergelyk word, is daar n merkbare ooreenkoms, maar ook verskille. Cicero en Quintilianus aanvaar albei dat die filosofie onontbeerlik vir die logiese denke en redeneervermoë van die orator is. Quintilianus verskil egter van Cicero in dié opsig dat die filosofie in Quintilianus se stelsel nie so 'n prominente

plek beklee nie. Vir Seneca en Plutarchus is die filosofie eties en rigtinggewend sowel as karaktervormend, by Quintilianus weeg die "sapiens Romanus" swaarder as die filosoof. 'n Sterk sedelike grondslag in die opvoeding word in die gedagtes van Seneca, Plutarchus, Petronius, Plinius en Quintilianus aangetref. Die verskil tussen Cicero en Quintilianus is die feit dat lg. wel die deug as eerste en vernaamste grondslag vir die opleiding van die orator gestel het, terwyl Cicero net terloops melding maak van die "vita atque mores"[178] waaraan die orator aandag moet skenk. Cicero, Seneca, Plutarchus en Quintilianus het almal die staatkundige grondslag in hulle onderskeie opvoedkundige opvattinge erken en aanvaar. Slegs in Cicero en Quintilianus kom die sterk literêre grondslag, waarop die opvoeding gerus het, duidelik na vore. Cicero, Seneca en Quintilianus se opvoedkundige idees toon 'n sterk psigologiese inslag.

Op grond van bostaande uiteensetting kan tot die slot=som geraak word dat Quintilianus en sy tydgenote sekere aspekte in die opvoeding gemeen gehad het, maar dat hy in sy opvoedingsdoel en grondslae na Cato, Cicero en die ou Romeinse opvoeding teruggegryp het en hom dus in dié opsig as 'n draer van die suiwer Romeinse opvoeding en tradisie onderskei het.

## C. Sintese

### 1. Doel

Quintilianus se opvoedingsideaal, die "vir bonus dicen= di peritus",[179] weerspieël die invloed van die ou Romeinse opvoeding. Die orator-ideaal van Quintilianus kan nie alleen teruggevoer word na die opvoedingsdoel van die ou Romeine in die persoon van M. Cato nie,[180] maar ook Cicero se "doctus orator" vind weerklank in sy ideaal.[181] Die vraag ontstaan nou waarom Quintilianus juis teruggryp na die antieke Cato vir sy opvoedingsideaal? Cato was inderdaad die simbool van Romeinse deug, tradisie en sede= likheid: in murg en been 'n Romein en tradisionalis.[182] Ten spyte van die feit dat Domitianus aan Quintilianus sy beskerming verleen het, moes lg. nogtans versigtigheid aan die dag lê en sy woorde sorgvuldig kies. Quintilianus kon dus nie veel sê oor die omstandighede van sy tyd nie, maar tog was hy wel deeglik bewus van die strominge en veranderinge om hom.[183] Regulus en Domitianus het albei nog geleef en daarom is dit verbasend dat Quintilianus dit waag om te sê "et fuisse multos et esse nonnullos existimo, qui facultatem dicendi ad hominum perniciem converterint".[184] Die vrees wat daar in Quintilianus se tyd geheers het, kom na vore in die volgende woorde:

"nam et minari et deferre etiam non orator potest".[185] Die orator se lewe moet gerig word deur die begeerte om euwels te bekamp en die sedes te hervorm,[186] sê Quintilianus. Hy trek ook te velde teen die korrupsie in die howe en verwys dan terloops na die vrees as remediërende strafmetode: "nam qui ratione traduci ad meliora non possunt, solo metu continentur".[187]

Quintilianus was verplig om vleitaal te gebruik as hy van die keiser praat omdat hy gunste en gawes uit lg. se hand ontvang het.[188] Verder was hy as retor meester van die welsprekendheid en kon hy sê wat die oomblik en om= standighede vereis het.[189] Hy kon nie te veel ten gunste van vroeëre Stoïsyne soos Arulenus Rusticus en Herennius Senecio sê nie.[190] In 'n tydperk van politieke onbestendig= heid en korrupsie kies Quintilianus die opvoedingsideaal van 'n Republikein soos Cato, wat getuig van sy ontevredenheid met die heersende omstandighede. Seneca sluit hierby aan: "Omne tempus Clodios, non omne Catones feret".[191] Quintilianus se tydperk was, soos reeds aangetoon,[192] sedelik korrup. Omdat hy dus uit die provinsie Spanje afkomstig was, het hy ontkom aan die verderflike invloed van Rome tydens die eerste eeu. In wese is hy dus suiwer Romein en draer van die egte "Latinitas", kortom, konserwatis en tradisionalis. In die lig van die dekadensie van sy eeu is dit dus verstaanbaar dat hy die antieke op=

voedingsideaal aanhang en nie net na 'n moderne ideaal streef nie. Dit is dus moontlik dat Quintilianus weens ge=brek aan 'n kontemporêre ideaal en deur die omstandighede van sy tyd daartoe gedwing is om die "vir bonus dicendi peritus" as sy opvoedingsdoel te kies. Hy was teleurge=steld in die wyse waarop die orator sy welsprekendheid misbruik het.[193] Welsprekendheid was vir hom "honesta ac rerum pulcherrima".[194]

Plinius maak melding van die gesonde oordeel en ernstige lewensbeskouing wat so kenmerkend was van Quintilianus se geboorteplek, Terraconensis, Spanje.[195] Hy het veral "Iudicium" en "gravitas" as die uitstaande kenmerke van Quintilianus uitgesonder. Uit Martialis se loftuiting blyk dit duidelik dat Quintilianus verantwoordelik was vir die sedelike bestendiging van die onstabiele jeug van sy tyd:

> "Quintiliane, vagae moderatur summe iuventae,
> gloria Romanae, Quintiliane, togae".[196]

Die orator en die retor het hulle oorspronklike doel in die tyd van Quintilianus verloor en dit is waarom Quintilia=nus en Tacitus 'n terugkeer wou hê na vroeëre gebruike.[197] Die glorie van die redenaar was aan't wegkwyn want nie alleen het die politieke omstandighede van die eerste eeu die politieke orator in onbruik laat verval nie, maar die

opvoeding het ook mank gegaan aan die kontak met die werk= likheid terwyl die politieke omstandighede alle visie en perspektief beperk het.[198] Teen die jaar 100 v.C. was daar al onderwysers in Latynse retoriek in navolging van dié wat in Grieks onderrig gegee het. Steeds meer en meer is die klem op die intellektuele laat val totdat daar reaksie moes kom en Quintilianus dit sy plig geag het om daarop te wys dat meer aandag aan karaktervorming bestee moes word.[199] Vandaar sy opvoedingsideaal die goeie orator, weens 'n gebrek aan 'n eie moderne ideaal. Ten spyte van teenkanting van die kant van tydgenote hou Quintilianus hierdie ideaal deurgaans voor oë in sy "Institutio Oratoria".[200]

Quintilianus se ideaal is ook 'n bewuste terugkeer na Cicero se opvoedingsideaal. Die titel van sy werk kan beskou word as 'n bedekte uitdaging aan die heersende denke van sy tyd. Sedert die dae van Cicero het die woorde "orator" en "welsprekendheid" 'n betekenisverandering ondergaan en Quintilianus se tydgenote was hiervan terdeë bewus. So het Tacitus dan ook die verandering bespeur. Hy beweer dat sy geslag 'n gebrek aan orators openbaar en dat slegs die naam "orator" nog voortleef, maar dat die glans van die redenaarskuns reeds vervaag het. Die woord "orator" word slegs gebruik wanneer daar na die antieke redenaar verwys word. Die moderne

redenaars van die eerste eeu n. C. het as "causidici" of "advocati" of "patroni" bekend gestaan, maar nie as "oratores" nie.[201] Quintilianus erken die onderskeid tussen "orator" en "causidicus".[202] 'n Soortgelyke ver= skil blyk uit sy opvatting van die woorde "rhetoricus" en "oratorius".[203] Hy beskryf Cicero se "De Oratore", "Orator" en "Brutus" as "libri oratorii", maar die twee boeke van die "De Inventione" is bloot "libri rhetorici".[204]

Quintilianus gebruik die woord "orator" en sy verwante vorme dikwels in sy "Institutio Oratoria". Die hoë dunk wat hy het van die orator en die redenaarskuns word gestalte gegee in die statige woorde "ars orandi", "ars oratoria", "orator" en "orator perfectus". Verder is dit 'n aandui= ding van Cicero se invloed op Quintilianus.[205] Quintilianus se lesers en sy tydgenote het heelwaarskynlik die uitdaging opgemerk want die politieke redenaarskuns was dood en Rome het dit besef. Tog het hy die orator van 'n geslag gelede as sy ideaal in die opvoeding gestel.[206]

Quintilianus se opvoedingsideaal met sy sedelike uit= nemendheid en verder sy oortuiging dat 'n goeie karakter 'n natuurlike deel uitmaak van die redenaar, vorm 'n waarde= volle regstelling van en teenvoeter vir die donker beeld wat Iuvenalis en Martialis van die tyd geskilder het. In hierdie opsig het Quintilianus en Plinius dit gemeen, maar volgens

Austin is Plinius suiwer van karakter terwyl Quintilianus se trefkrag in die krag en vuur van sy etiese oortuiging lê.[207] M. L. Clarke is oortuig daarvan dat Quintilianus nie al die probleme voorsien het wat ontstaan het a.g.v. sy definisie van die ware orator nie. Die retoriek het gedeeltelik 'n suiwer pragmatiese opleiding behels, maar dit het die hoofbestanddeel van die hoër opvoeding geword en retorici soos Quintilianus, met sy diepe sedelike bewustheid, het dit moeilik gevind om die sedelikheid wat deur die opvoedkundige aspek van die retoriek vereis is, met die niemorele elemente van die praktiese opleiding te verenig.[208]

In die inleiding tot hoofstuk XII verklaar Quintilianus dat hy geen voorganger gehad het wat hom die weg kon wys na sy einddoel nie. Met die karaktervorming van sy orator begewe hy hom dus op onbekende terrein.[209] Eintlik was Quintilianus in 'n tweestryd gewikkel: Hy wou sy vriende tevrede stel, maar terselfdertyd wou hy nie die ou bekende weg inslaan nie, maar die nuwe en moderne op die proef stel.[210] Ook in Quintilianus woed die stryd tussen die antieke en die moderne.

## 2. Grondslae

Behalwe die twee fundamentele grondslae in Quintilia= nus se opvoedingsideaal: "vir bonus" en "dicendi peritus" stel hy nog 'n derde grondslag, nl. dat die orator deeglik onderlê moes wees in die nie-retoriese dissiplines: die "sapiens Romanus".[211] Met ander woorde, iemand wat onderlê is in die "philosophia" maar sy kennis in diens van sy medeburgers stel.[212] Die prioriteit wat aan die "vir bonus" verleen word, kom nie voor in die retoriese geskrif= te voor Quintilianus nie. Selfs nie in die Griekse letter= kunde nie.[213] 'n Sekere goeie gesindheid "honesta voluntas"[214] lê die etiese "vir bonus"-beginsel ten grond= slag. Quintilianus eis dat die redenaarskuns in diens van die goeie gestel moes word.[215] Met die tweede grondslag in sy opvoedingsdoel: "dicendi peritus" bedoel Quintilianus welsprekendheid volgens die voorskrifte van die redenaars= kuns: tegniek en styl volgens die klassieke standaard. Verder kan dit ook die aangebore en verworwe welsprekend= heid beteken.[216] Grypdonck[217] toon aan dat daar sekere elemente in Quintilianus se opvoedkundige grondslag aan= wesig skyn te wees wat nie met die Stoïsynse opvatting van die opvoeding en opleiding versoen kàn word nie. Afgesien van oppervlakkige ooreenkomste is daar fundamentele ver= skille. Redenaarsopleiding val buite die terrein van die Stoïsisme.[218] Quintilianus beskou die retoriek as 'n

'virtus" maar toon 'n duidelike afwyking van die Stoïsynse opvatting.[219] Quintilianus het volgens Grypdonck[220] 'n ruimer opvatting van die "scientia et omnis facultas dicendi" as die "eloquentia" wat 'n inherente deel uitmaak van die Stoïsynse "sapientia".

In sy "Institutio Oràtoria" stel Quintilianus die retoriek as "bene dicere scientia".[221] Dit is wel so dat hy hierdie definisie aan die Stoïsisme te danke het, maar Quintilianus heg 'n nuwe betekenis daaraan. Quintilianus stel die "bene dicere" voorop terwyl die Stoïsyne die "scientia" beklemtoon.[222] Behalwe die vereiste dat 'n opregte mening uitgespreek moet word, lê daar in Quintilianus se definisie ook nog 'n strewe na styl, tegniek en goeie smaak opgesluit.[22] Quintilianus se opvoedingsideaal het in wese tog nie die "vir bonus" as einddoel nie, maar wel die redenaar. Die Stoïsyne beskou die redenaarsopleiding as 'n middel om die "virtus" te bereik. Quintilianus egter, gebruik die etiese vorming as 'n onmisbare instrument om sy "orator perfec= tus" op te lei.[224]

Alhoewel daar duidelike afwykinge tussen doel en middel na vore kom, kan die Stoïsynse invloed in die "Institutio" nie sonder meer geïgnoreer word nie. Quinti= lianus en die Stoïsisme het wel die hoë etiese vereiste ge= meen in hulle opvoedingsideaal, maar soos aangetoon,

bestaan daar fundamentele verskille.[225] Von Arnim[226] sistematiseer die ideaal van die Tweede sofistiek soos volg: (a) die "praktische Vollkommenheit" wat vergestalt word in die mag van die redenaar oor sy gehoor; (b) die "ästhetische Vollkommenheit" in die retoriese vorm en (c) die "intellektuelle Vollkommenheit" wat verkry word deur die grondige kennis van die wysbegeerte en die wetenskap.

Quintilianus se opvatting toon ook sekere ooreenkom= ste met dié van die neosofiste wat beide na die "orator perfectus" streef en kenmerke toon van die "sapiens Romanus".[227] Selfs die oorskatting van die welsprekend= heid, sê Grypdonck,[228] pas in die neosofistiese opvatting. Quintilianus het voorrang verleen aan die "utilitas" bo die "ornatus". Hy spreek kritiek uit teen die praktyk van die "declamationes" en laat sy voorkeur vir 'n gematigde klas= sieke styl blyk. Verder lê hy veral nadruk op die teore= tiese deel in die redenaar se opleiding.[229] Dit alles kan aanvaar word as 'n bewys van Quintilianus se afkeer van die welsprekendheid soos dit deur die neosofistiese "declamatores" beoefen is.[230] Tog meen Grypdonck dat daar 'n neosofisties-getinte opvatting van die redenaarskuns opgesluit lê in die "dicendi peritus"-grondslag.[231] In werklikheid kom Quintilianus se teorie neer op 'n eie siening van die neosofistiese vormingsideaal. Hy verskil dus van die Tweede Sofistiek slegs t.o.v. die "vir bonus"-beginsel waaraan hy prioriteit verleen.[232]

## Notas by Hoofstuk II

1. Barclay, W. Educational Ideals in the Ancient World, p. 144.

2. Fowler, W. Warde. Social Life in Rome in the Days of Cicero, p. 168.

3. Tucker, T.G. Life in the Roman World of Nero and St. Paul, p. 320.

4. Wilkins, A.S. Roman Education, pp. 1, 2.

5. Cicero. De Officiis II. xiii. 46.

6. Iuvenalis. Saturae. 14. 47.

7. Gwynn, A. Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 17. "It fostered a reverence for childhood which made every boy and girl an object of almost religious veneration".

8. Marrou, H.I. A History of Education in Antiquity, pp. 229, 230.

9. Jenkinson, Edna. A Roman Approach to Education. Durham University Journal. Vol. XXVIII, No. 3. Junie 1967, p. 127.

10. Cicero. De Officiis I. 150, 151.

11. Cicero. Tusculanae Disputationes. i. 5; Horatius. Ars Poetica. 325.

12. Gwynn, A. Roman Education, pp. 17, 18.

13. Monroe, P. Source Book in the History of Education, pp. 332, 333.

14. Jenkinson, E. op. cit., p. 127; Castle, E.B. Ancient Education and Today, pp. 117, 129.

15. Kidd, D. A. Roman Attitudes to Education. Christchurch Classical Association, New Zealand. 1958, pp. 11-12.

16. Cicero. De Divinitatione II. iv; Id. De Finibus I. x.

17. Richards, G. C. Cicero. A Study. New York, Houghton Mifflin, 1935, p. 282.

18. Castle, E. B. Ancient Education and Today, p. 134.

19. Cicero. Ad Quintum Fratrem III. iii. 4.

20. Gwynn, A. Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 80.

21. Cicero. De Oratore III. 52-143.
Id. Orator. 14;
Id. Brutus 322.

22. Id. De Oratore III. 52-143.

23. Ibid., III. 143.

24. Id. Orator. 12.

25. Cicero. Orator. 14;
Id. Brutus. 322;
Gwynn, A. Roman Education from Cicero to Quintilian, pp. 113-114.
Gwynn bespiegel oor die Griekse bron wat Cicero ge= inspireer het in die formulering van sy "doctus orator"-ideaal.

26. Cicero. De Oratore III. 142-143;
Id. Orator. xxix. 101.

27. Gwynn, A. Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 119.

28. Coetzee, J. Chr. 'n Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde, p. 69.

29. Viljoen, G. van N. Cicero Student, p. 13.

30. Cicero. De Oratore I. viii. 34;
Id. De Republica I. xx. 33.

31. Plutarchus. Cicero. 32. 5.
32. Cicero. Orator I. iii. 4;
Quintilianus. Institutio Oratoria II. xxi. 14-15.
Volgens lg. verwag Cicero te veel.
33. Seneca. Epistulae Morales LXXI. 3.
34. Ibid., CXVII. 5.
35. Ibid., LXXI. 2
36. Id. Dialogi. Bk. VII. De Vita Beata iii. 1.
37. Ibid., viii. 6.
38. Ibid., ix. 4.
39. Seneca. Epistulae Morales LXXXVIII. 37-39.
40. Ibid., XLIV. 7.
41. Id. De Vita Beata XCII. 2;
Id. Epistulae Morales CXXIV. 8, 9.
42. Id. Dialogi. De Otio VIII. v. 1.
43. Ibid., VIII. vi. 4.
44. Dill, S. Roman Society, p. 296.
45. Petronius. Satyricon. 46, 116.
46. Plutarchus. De Liberis Educandis. 2C. p. 9.
47. Tacitus. Dialogus de Oratoribus V. 5, 6, 7.
48. Ibid., VII. 2, 3.
49. Ibid., XXXI. 7.
50. Plinius. Epistulae VI. xi. 2.
51. Quintilianus. Institutio Oratoria. XII. i. 1.
52. Ibid., I. prooem. 9.
53. Ibid., II. xx. 4.
54. Ibid., XII. i. 1.

55. Ibid., I. prooem. 10.

56. Gwynn, A. Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 231.

57. Cicero. De Oratore II. xx. 85.

58. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. i. 19;
Ibid., I. prooem. 9;
Cicero. De Oratore III. xxxv. 143.

59. Quintilianus, op. cit., XII. i. 21, 22.

60. Ibid., XII. i. 1.

61. Ibid., II. xxi. 14.

62. Cicero. De Oratore I. vi. 20.

63. Eyre, J. J. Roman Education in the Late Republic and Early Empire. Greece and Rome, Vol. X. No. 1. Maart 1963, pp. 47-59.

64. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. i. 38.

65. Ibid., XII. ii. 1;
Ibid., XII. ii. 2, 3.

66. Ibid., XII. vii. 2.

67. Ibid., XII. vii. 8.

68. Ibid., XII. vii. 10, 11.

69. Ibid., XII. i. 25.

70. Ibid.

71. Ibid., XII. i. 26.

72. Ibid., i. 31.

73. Ibid., XII. xi. 9, 11.

74. Cary, M. en Haarhoff, T. J. Life and Thought in the Greek and Roman World, p. 286.

75. Coetzee, J. Chr. 'n Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde, p. 62.

76. Ibid.

77. Ibid.

78. Ibid.

79. Eby, F. & Arrowood, C. F. The History and Philosophy of Education, p. 320.

80. Gwynn, A. Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 18.

81. Ibid., p. 18;
Horatius. Ars Poetica. 325.

82. Coetzee, J. Chr. 'n Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde, p. 64.

83. Seneca. Epistulae XVI;
Painter, F. V. N. Great Pedagogical Essays, p. 97.

84. Cicero. Orator. iv. 14.
Vir belangrikheid van die filosofie lees De Oratore I. iii. 9.

85. Ibid., Orator. xxxii. 114-115;
Vir verdere inligting raadpleeg Orator 119 en De Oratore I. xv. 68;
Ibid., I. xxviii. 128.

86. Seneca. Epistulae XVI;
Dill, S. Roman Society, p. 298.

87. Seneca. Epistulae Morales. Bk. VI. L. 8;
Ibid., XV. 1.

88. Plutarchus. Moralia. De Liberis Educandis. 7 D, E, F;
Id. Moralia. "Quomodo adulescens poetas audire debeat." 16 A.
Coetzee, J. Chr. 'n Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde, p. 77.

89. Plutarchus. Moralia. De Liberis Educandis. 7 E;
Coetzee, J. Chr. 'n Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde, p. 77.

90. Tacitus. Dialogus. 19. 3, 4, 5.

91. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. ii. 15-20.

92. Ibid., XII. ii. 17.

93. Ibid., XII. ii. 20.

94. Ibid., XII. ii. 6-8.

95. Cicero. De Oratore I. 33.

96. Ibid., III. 137.

97. Clarke, M. L. The Roman Mind, pp. 135-136.

98. Gellius. Noctes Atticae XIII. 17.

99. Clarke, M. L. The Roman Mind, p. 135.

100. Cicero. De Oratore I. 32.

101. Clarke, M. L. The Roman Mind, p. 138.

102. Cicero. Ad Quintum Fratrem I. i. 7; Clarke, M. L. The Roman Mind, p. 136.

103. Cicero. Pro Roscio Amerino. 75; Clarke, M. L. The Roman Mind, p. 17.

104. Cicero. Pro Archia Poeta. vi. 14; Ibid., vii. 15.

105. Id. De Oratore I. xv. 68.

106. Grant, M. The World of Rome, p. 69.

107. Cicero. De Oratore II. xx. 85.

108. Seneca. Epistulae Morales L. 7.

109. Ibid., LI. 11, 12.

110. Ibid., xxxiv.

111. Id. Dialogi. De Beneficiis I. ii. 4.

112. Id. Epistulae Morales XLVII. 11.

113. Ibid., LXXXVIII. 20.

114. Ibid., Epistulae Morales CXXIV. 8, 9.

115. Ibid., VII. 6.

116. Ibid., VII. 7.

117. Id. Dialogi. De Ira II. xxi. 4.

118. Id. Epistulae Morales. LXXXVIII. 19.

119. Plutarchus. Moralia. De Liberis Educandis. E. p. 14.

120. Ibid., 4C; 5D, E.

121. Ibid., 20 E.

122. Petronius. Satyricon. 5.

123. Ibid., 44.

124. Plinius. Epistulae III. iii. 3.

125. Ibid., III. iii. 6, 7.

126. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. i. 1;
Ibid., I. prooem. 9.
Ibid., II. xx. 4.

127. Ibid., I. i. 4, 5, 8, 9, 11;
Ibid., II. ii. 1-3.

128. Ibid., II. viii. 10;
Ibid., II. ix. 1, 2;
Ibid., II. ii. 1-3.

129. Ibid., I. viii. 4.

130. Ibid., XII. ii. 1.

131. Ibid.

132. Ibid., XII. ii. 1-3.

133. Ibid., I. prooem. 9;
Ibid., XII. i. 1.

134. Cicero. De Oratore I. viii. 34.

135. Id. De Republica I. xx. 33.

136. Seneca. Dialogi. De Tranquilitate Animi III. 3.

137. Ibid., III. 1.

138. Ibid., I. 10.

139. Plutarchus. De Liberis Educandis. 7F-8A.

140. Quintilianus. Institutio Oratoria I. prooem. 10.

141. Ibid.

142. Ibid., I. ii. 18;
Ibid., XII. ii. 7, 8.

143. Cicero. De Oratore I. xli. 187;
Lees ook Atkinson K. M. T. The Education of the Lawyer in Ancient Rome. The S. A. Law Journal. Vol. LXXXVII. Deel I. p. 34.

144. Cicero. De Oratore I. viii. 32.

145. Quintilianus. Institutio Oratoria I. iv. 2.

146. Ibid., I. iv. 4.

147. Ibid., I. iv. 5.

148. Ibid.

149. Ibid.

150. Ibid., X. i. 8;
Id. X. i. 16, 20, 27, 37.

151. Ibid., I. x. 1, 2.

152. Gwynn, A. Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 224.
Lg. stelling is gemaak na aanleiding van die filoso=fie, geskiedenis en regte, die drie vakke wat feitlik net terloops deur Quintilianus gemeld word.

153. Cicero. De Oratore II. xxxix. 162.

154. Cicero. Orator. i. 4.

155. Id. De Oratore II. xx. 85.

156. Id. Pro Roscio Comoedo II. 31;
Coetzee, J. Chr. 'n Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde, p. 70.

157. Seneca. Epistulae Morales LII. 6;
Persius. Saturae V. 53.

158. Seneca. op. cit., De Consolatione ad Marciam II. 1;
Ibid., De Ira I. xix. 5-8.

159. Ibid., De Tranquilitate Animi VII. 2.

160. Id. Epistulae Morales XV. 5.

161. Id. De Ira II. xx. 2, 3;
Ibid., De Tranquilitate Animi. xvii. 4, 8.

162. Ibid., De Ira II. xxi. 5-9.

163. Ibid., De Otio V. 1, 3.

164. Quintilianus. Institutio Oratoria I. i. 20.

165. Ibid., I. i. 18, 19.

166. Ibid., I. ii. 4.

167. Ibid., I. iii. 1, 6.

168. Ibid., II. viii. 6, 7.

169. Ibid., II. viii. 7.

170. Ibid., I. iii. 6.

171. Ibid., I. ii. 11.

172. Ibid., I. ii. 23.

173. Ibid., I. ii. 30.

174. Ibid., I. iii. 13-18.

175. Ibid., II. ix. 3.

176. Ibid., II. xvi. 12.

177. Ibid., II. xvi. 14, 15.

178. Cicero. De Oratore I. xv. 68.

179. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. i. 1.

180. Ibid., I. prooem. 9;
Ibid., II. xv. 1;
Ibid., II. xvi. 11, 31, 43;
Ibid., II. xx. 4;
Id. xxi. 12.

181. Ibid., XII. i. 19, 21.

182. Plutarchus. Cato Maior I, II, III.

183. Quintilianus. Institutio Oratoria II. xi. 1.

184. Ibid., II. xx. 2.

185. Ibid., IV. i. 22.

186. Ibid., XII. vii. 2.

187. Ibid., XII. vii. 2, 3;
Ibid., II. xii. 6.

188. Ibid., X. i. 91-92.

189. Clarke, M. L. Quintilian: A Biographical Sketch. Greece and Rome. Vol. XIV. Nr. 1. April 1967, pp. 24-37.

190. Ibid.

191. Seneca. Epistulae XCVII. 9.

192. Bl. 8.

193. Winterbottom, M. Quintilian and the "Vir Bonus" Journal of Roman Studies. LIV. 1964. pp. 90-97.

194. Quintilianus. Institutio Oratoria I. xii. 16.

195. Plinius. Epistulae II. xiii. 4.

196. Martialis. Epigrammata II. xc.

197. Clarke, M. L. Rhetoric at Rome, p. 85.

198. Winterbottom, M. op. cit., pp. 90-97.

199. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. i. 2; Ibid., I. prooem. 9.

200. Ibid., XII. i. 14.

201. Tacitus. Dialogus. 1.

202. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. i. 25.

203. Gwynn, A. Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 188.

204. Quintilianus. Institutio Oratoria III. i. 20.

205. Ibid., I. prooem. 4-6, 9-10.

206. Gwynn. A. Roman Education from Cicero to Quintilian, p. 188.

207. Austin, R.G. Quintiliani Institutionis Oratoriae. Liber XII. Inleiding, p. xi.

208. Clarke, M. L. Rhetoric at Rome, pp. 117-118.

209. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. Inl. 4.

210. Ibid., I. prooem. 3.

211. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. ii. 7.

212. Grypdonck, F. Quintilianus: Stoïcyn of Neosofist? L'Antiquite Classique V. 35. 1966. p. 489.

213. Ibid., p. 490.

214. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. i. 45.

215. Ibid., XII. i. 33, 34-37, 44; Ibid., ii. 5, 7.

216. Grypdonck, op. cit., p. 491.

217. Ibid., p. 495.

218. Ibid., p. 496.

219. Quintilianus. Institutio Oratoria II. xx. 5-9; Ibid., I. prooem. 18.

220. Grypdonck, op. cit., p. 497.

221. Quintilianus. Institutio Oratoria II. xv. 34.

222. Ibid.

223. Grypdonck, op. cit., p. 497.

224. Quintilianus. Institutio Oratoria I. prooem. 5, 9;
Ibid., II. xv. 33;
Ibid., XII. i. 24, 25;
Grypdonck, op. cit., p. 498.

225. Ibid.

226. Von Arnim, O. Leben und Werken, pp. 132-137.

227. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. ii. 7;
Marrou, H. I. A History of Education in Antiquity, p. 327.

228. Grypdonck, op. cit., p. 501.

229. Ibid., p. 503.

230. Ibid.

231. Ibid.

232. Ibid.

# HOOFSTUK III

## INHOUD EN ORGANISASIE

### A. Inhoud

Tacitus gee sy indrukke van die tradisionele Romeinse opvoeding in sy "Dialogus" waaruit blyk dat die tuisonderrig inhoudelik 'n suiwer sedelike opvoeding was terwyl die kinderverstand en gemoed nog ontvanklik was.[1] Die inhoud van die onderwys en opvoeding in die vroeë Romeinse tydperk[2] was beperk tot die wette van die Twaalf Tafels,[3] die godsdiens,[4] praktiese opleiding vir 'n ambag of boerde= ry,[5] vir die burgerlike en militêre lewe en elementêre lees- en skryfonderrig vir die seuns.[6] Van Cato se onder= rig aan sy seun[7] kan afgelei word dat die inhoud eenvoudig, maar prakties was. Behalwe bogenoemde onderrig het die ou Romeinse opvoeding ook nog verhale uit die geskiedenis ingesluit.[8] Die ouer seuns het leer perdry, swem en veg.[9] Dit is dus duidelik dat die inhoud van die praktiese en primi= tiewe Romeinse opvoeding karaktervormend was en ter voorbereiding vir die openbare lewe.[10]

Die elementêre onderrig van die "litterator" gedurende die Grieks-Romeinse bloeitydperk was hoofsaaklik beperk tot lees, skryf en rekene.[11] Die skool van die "grammati=cus" het die volgende vakke ingesluit: die Griekse en Latynse Spraakkuns en Letterkunde, Geskiedenis, Aardryks=kunde en Natuurkunde en later ook Wiskunde, Dialektiek, Musiek en elementêre Redenaarskuns.[12] In die skool van die retor was die Retoriek die hoofbestanddeel van die leer=plan wat die opleiding van die redenaar, wetsgeleerde en filosoof ingesluit het: Letterkunde, Wetenskap, Filosofie, Geskiedenis, Wet en Welsprekendheid.[13] Rome het die Griekse onderwys aangeneem: "Graecia capta ferum victorem cepit et artes intulit agresti Latio".[14] Die inhoud van die Hellenistiese onderwys is geassimileer en by die Romeinse opvoeding aangepas. Teen die eerste eeu v. C. het die welgestelde Romeinse kinders 'n halfeeu lank reeds Griekse onderwys ontvang.[15]

Cicero se belangstelling in die Romeinse opvoeding is hoofsaaklik tot die letterkunde- en retoriekskole beperk.[16] Suetonius[17] onderskei baie duidelik tussen die elementêre onderrig van die "litterator" of die Griekse γραμματιστής (wat kinders leer lees en skryf het), en die "letterkunde-onderwyser", die "grammaticus" (van die Griekse γραμματικός), wat letterkunde en grammatika doseer het.[18] Volgens die "De Oratore" was letterkunde slegs

een van talle vakke wat ooreenkomstig die Griekse program aangebied is. Cicero maak spesifiek melding van die verskillende "artes" in die skoolleerplan van sy tyd: die Filosofie, Wiskunde, Musiek, Letterkunde en Retoriek.[19] Later sluit hy ook Meetkunde en Sterrekunde in as deel van die leerplan.[20] Verskeie antieke skrywers het hulle eie lys van vakke opgestel, maar die verskillende bronne lewer bewys van die bestaan van leerplanne wat nog nie ge= finaliseer en gestandardiseer was nie, maar oor die alge= meen Letterkunde, Retoriek, Dialektiek, Rekenkunde, Meetkunde, Sterrekunde en Musiek ingesluit het.[21] Alhoe= wel Seneca die terme "artes liberales" en die Griekse ἐγκύκλιοι gebruik,[22] praat Cicero slegs van "artes liberales" of "liberales disciplina".[23] Later noem hy dit "bonae artes",[24] 'n tipiese Romeinse uitdrukking. Quinti= lianus is egter vertroud met die suiwer Griekse term ἐγκύκλιος παιδεία.[25] Volgens Gwynn beteken ἐγκύκλιος "gewone" of "alledaagse" en hy lei dus af dat die woord die opvoeding van die gewone Romeinse burger beskryf.[26]

Cicero verwys herhaaldelik na die verskillende "artes" in sy "De Oratore".[27] Tatarkiewicz[28] gee 'n volledige uiteensetting van Cicero se indeling wat op die ou Griekse tradisie gebaseer is. Hy is die mening toegedaan dat Cicero se sg. nuwe indeling[29] daarop dui dat die Romeine

maar min gedink het van die kunste waarin hulle tog later uitgeblink het, bv. skilderkuns, beeldhoukuns, musiek, toneelspel en atletiek. Hy beweer ook verder dat hierdie indeling nie gedurende die antieke tydperk inslag gevind het of aanvaar is nie.[30]

Volgens Cicero het die ἐγκύκλιος παιδεία die volgende oogmerke in die vooruitsig gestel: "Aliud est enim, esse artificem cuiusdam generis atque artis, aliud in communi vita et vulgari hominum consuetudine nec hebetem, nec rudem."[31] Daar bestaan dus na sy mening 'n geweldige verskil tussen 'n outoriteit in een of ander vertakking van die wetenskap enersyds en voldoende kennis om aan die vereistes van die alledaagse lewe te voldoen andersyds. Gwynn stel dit só:

"For the aim of the ἐγκύκλιος παιδεία was not to give every student a specialist's knowledge of detail (though detail abounds in the ancient text-books), but rather to put him in possession of such general principles as would later help him to a proper use of the knowledge he had acquired."[32]

Die "puerilis institutio" wat Cicero voorgestaan het en die Griekse ἐγκύκλιος παιδεία het heelwat gemeen, behalwe sover dit die filosofie betref. Persoonlik beskou hy sy eie term as sinoniem vir die "vrye opvoeding": "sit

modo is, qui dicet aut scribet, institutus liberaliter educatione doctrinaque puerili".[33]

In teenstelling met die oppervlakkige verwysings na die inhoud van die Romeinse opvoeding deur sy tydgenote werk Quintilianus 'n omvattende en grondige program uit vir sy student op voorskoolse, middelbare en hoër onderwys=vlak.

## 1. Voorskoolse Leerstof

Die inhoud van die kleuteronderwys in die ouerhuis is vir Quintilianus van die allergrootste belang want die kind hoor eerste die oppasster en probeer haar naboots. Die aard van dit wat die kleuter hoor, moet sedelik van hoog=staande gehalte en taalkundig korrek wees.[34] Die inhoud op hierdie stadium het dus sedes, gewoontes, tradisies en taal ingesluit: "Et morum quidem in his haud dubie prior ratio est, recte tamen etiam loquantur".[35] Goeie sedes, die aanleer van die moedertaal, korrekte uitspraak en grammatika het die primêre leerstof gevorm. In hier=die opvatting van die elementêre inhoud is Quintilianus nog getrou aan die ou Romeinse opvoeding.[36]

In Quintilianus se leergang geniet Grieks voorkeur bo Latyn gedurende die aanvangsjare. Hy glo dat Latyn later eers aangeleer kan word omdat die Romeinse kind dit natuurlik aangeleer het aan moedersknie. Hy waarsku egter teen die aanvaarde gebruik van sy tyd om slegs Grieks vir 'n lang onbepaalde tyd te leer. Hy doen aan die hand dat kort nadat met Grieks begin is, Latyn op gelyke vlak saam met Grieks bestudeer moet word. Sodoende word weder=sydse nadelige beïnvloeding uitgeskakel.[37] Cicero is net so besorg oor die onderrig van Latyn as Quintilianus hoewel eersgenoemde ook Grieks voorop gestel het.[38]

In Quintilianus se tyd kon daar nie eenstemmigheid bereik word oor die vraag of kinders voordat hulle sewe jaar oud was, moes leer lees nie. Sommige tydgenote het volgehou dat kinders eers op sewejarige leeftyd voordeel kan trek uit leesonderrig en in staat is om die eise van die leerproses die hoof te bied. Ander kritici weer was van mening dat die kind se verstand elke oomblik aktief in een of ander aktiwiteit betrek moet word - 'n standpunt waarmee Quintilianus hom vereenselwig. Hy gaan egter verder en voer aan dat kinders wat gereed is om sedelike onderrig te ontvang ook ryp genoeg is vir literêre onderrig. Die on=derrig moet begin sodra die kind kan praat.[39] Quintilianus sluit ook hierin by die antieke elementêre Romeinse op=voeding aan.[40]

Die alfabet het ook deel uitgemaak van die kleuter se leerplan.[41] Sodra die kind die verskillende letters van die alfabet onder die knie het, begin sy skryfonderrig.[42] Die vermoë om vinnig en doeltreffend te kan skryf, sal later vir hom van onskatbare waarde wees, veral by die uiteensetting van sy gedagtes. Weliswaar dink Quintilianus hier aan die toekomstige orator.[43] Kennis van die lettergrepe is on= ontbeerlik vir die spel van woorde. Die bemeestering van lettergrepe moet lei tot woord- en sinsbou.[44] Quintilianus sluit hieronder ook die betekenis en uitleg van moeilike en onbekende woorde in.[45] Hy verkies dat spreuke 'n sede= lessie vir die kinders moet bevat. Gesegdes en uitlatings van bekende figure kan van buite geleer word, maar die oogmerk moet karaktervorming wees.[46] Quintilianus en Plutarchus stem dus saam oor die sedelike en patriotiese krag en waarde van die opvattinge wat in die letterkunde op= gesluit lê.[47] Die poësie in hierdie stadium van die kind se ontwikkeling het uit uittreksels uit die digters se werke bestaan. Die kind moes egter genot put uit die voordrag van poësie.[48] Om die kind se uitspraak en artikulasie te verbeter, moes 'n rits moeilike tongknopers of χαλινοί deur die kind afgerammel word.[49]

In sy gradering van die voorskoolse leerstof openbaar Quintilianus sielkundige en pedagogiese insig. Sy opvattinge herinner sterk aan dié van die moderne opvoedkundige.

Die volgende opvoedkundige beginsel word vandag nog in moderne handboeke oor die pedagogiek aangetref: "Lusus hic sit".[50] Al spelende leer die kind dus. Voorsorg moet getref word dat die werk nie te ingewikkeld raak vir die kind nie.[51] Dit is opvallend dat Quintilianus nie die woord "litterator" gebruik nie,[52] maar liewer die vorm "praecipientes" of "praeceptor"[53] vir die leermeesters in die aanvangsjare van die onderwys. Heelwaarskynlik het daar 'n klemverskuiwing plaasgevind want Seneca gebruik dieselfde woord "praeceptor".[54] Dus kan verskeie begin=sels wat Quintilianus neerlê vir die voorskoolse inhoud ook vir die laerskoolonderwys geld. Die inhoud wat Quintilianus voorgeskryf het, was van 'n besonder hoë stan=daard.

## 2. Middelbare Leerplan

By monde van Crassus definieer Cicero die veld wat deur die "grammaticus" gedek moet word: "in grammaticis, poetarum pertractatio, historiarum cognitio, verborum interpretatio, pronuntiandi quidam sonus".[55] Onder letterkunde verstaan hy dus 'n studie van die digters, die geskiedenis, taalstudie (grammatika) en spraakonderrig. Ongelukkig is daar nie grondige bewyse in die "De Oratore" van die skrywers wat in die letterkundeskole gelees is nie.

Tog blyk dit uit die werke van tydgenote dat Grieks die skole oorheers het.[56] Die rede is voor die hand liggend: Grieks was die populêre literêre taal. Nooit het Cicero egter getwyfel aan die feit dat die Latynse letterkunde die Griekse werke nog sou ewenaar en selfs oortref nie: "Ingenia vero (ut multis rebus possumus iudicare) nostrorum hominem multum ceteris hominibus omnium gentium praestiterunt".[57] Aangesien die jong advokaat praktiese ondervinding in die provinsies gaan opdoen het, moes hy tweetalig wees: dus was Grieks van groot prak=tiese waarde.[58]

Cicero het eintlik na die elementêre retoriekonderrig verwys as hy praat van "pronuntiandi quidam sonus".[59] In werklikheid was dit niks anders as hardop lees en rede=voering nie. Aan die einde van sy kursus het die "grammaticus" 'n inleiding tot die retoriek aangebied, 'n vakgebied wat eintlik by die retor tuishoort.[60] Cicero laat geen twyfel nie dat die retoriek by sy "puerilis institu=tio" ingesluit was: "At in hoc genere pueri apud magistros exercentur omnes, cum in eiusmodi causis alias scriptum, alias aequitatem defendere docentur."[61] Die ontoerei=kendheid van die leergang wat deur die retoriekskole aan=gebied is, word deur Cicero opgehaal in die derde boek van die "De Oratore". Ondanks die feit dat hy 'n goeie opvoeding geniet het, kan hy nie eerlik verklaar dat hy aan

die retoriekskole alles geleer het wat die skole veronderstel was om aan te bied nie.[62] Retoriek is ook in Cicero se hoër onderwys of "politior humanitas" vervat.[63]

Die inhoud van Seneca se leerplan het bestaan uit die retoriek en 'n "liberale" dosis van "makliker" vakke, onder meer die Poësie en die Geskiedenis. Laasgenoemde vakke was in Seneca se eie woorde die sg. "artes amoenae".[64] Seneca wys veral op die nutteloosheid van, soos hy dit gestel het, die "puerilis artes" (sy term vir die "artes liberales") omdat dit nie die deug onderrig nie. Nadat hy 'n ontleding daarvan gemaak het, konkludeer hy dat slegs die Retoriek en die Filosofie aan sy vereiste voldoen.[65] Tog is die vrye studies nie heeltemal verwerplik nie want dit vorm die grondslag van die wysheid.[66] Die gees word as't ware vir die deug voorberei, maar deug kan nie d.m.v. die "liberalia studia" verkry word nie. Seneca is in 49 n.C. aangewys as Nero se leermeester.[67] Suetonius[68] beweer dat Nero "liberalis disciplinas omnis fere puer attigit", en hy sonder veral die retoriek en die poësie uit. Tacitus[69] verwys na die "praecepta eloquentiae" wat deur die streng retoriek=onderwyser Seneca onderrig is, 'n man wat min aan die inisiatief van sy student oorgelaat het.[70] Die vrye studie d.w.s. wat die deug as doel het,[71] word deur Seneca teen=oor die ἐγκύκλιος παιδεία (Grammatika, Musiek, Meet=kunde, Rekenkunde, Sterrekunde, Elementêre Retoriek en

Dialektiek) gestel. Hy het 'n verhewe opvatting van die sg. "studia liberalia" gehad.[72] Slegs diegene wat bereid was om Zenó, Pythagoras en Democritus as leermeesters van d vrye studie na te volg, wy hulle aan die ware lewenstaak.[73] Die wiskundige leer hoe om grond op te meet, maar Seneca beskou die beplanning van die mens se versameling van ken= nis as van groter belang.[74] Seneca het ook die "artes liberales" bestudeer. In sy "De Beneficiis" sê hy: "Deinde, ut nihil aliud dicam, quam bonis artibus me studuisse".[75] Na sy mening is die vooruitgang wat daar in die "liberale" vakrigting plaasgevind het aan die onderwy ser te danke: "Et praeceptoris mei, quod institutis liberal bus profeci".[76]

Vir Plutarchus lê die waarde van die letterkunde in di morele en patriotiese opvattings wat daarin opgesluit lê.[77] Ten spyte van die feit dat hy 'n goeie retor was, het Plutar= chus die retoriek versaak.[78] Poësie is na sy mening die voorbereiding vir die filosofie[79] en studente moet waarde ring ontwikkel vir die skoonheid van die poësie.[80] Petronius verwys herhaaldelik na die retoriek wat nog deel uitgemaak het van die leerplan.[81] Tacitus maak ook melding van die retoriek, maar betreur die materialistiese neiging in die retorieksfeer: "Nam lucrosae huius et sanguinantis eloquentiae usus recens et ex malis moribus natus".[82] Plinius loof Trajanus in sy "Panegyricus"

omdat hy die karakters van die jeug help bou, maar hy is veral verheug omdat hy die "artes liberales" weer as't ware laat herleef het.[83] Tacitus glo dat letterkunde een van die vakrigtings is wat vir die orator in sommige probleme waarvoor hy te staan kom, veral in hofsake onontbeerlik is.[84] Wat die letterkunde betref, het Plinius volle vertroue in die prosa wat as model kan dien vir die redenaar wat veral die styl daarvan moet naboots.[85] Die poësie dien as ontspan=ningsmedium maar terselfdertyd ook as voorbereiding in die orator se opleiding.[86] Vir die leesprogram word 'n sorgvuldige seleksie uit verteenwoordigende skrywers deur Plinius voorgestel.[87] Plinius glo dat die redenaarskuns in sy tyd nog hoog geag word. Hy moedig dus sy vriende en tydgenote aan om hard te werk aan die welsprekendheid, maar die klem moet op gehalte val.[88]

Quintilianus se vertolking van die "grammaticus" se leerstof getuig weer eens van sy grondige opvoedkundige kennis en insig en die deeglikheid waarmee hy sy opvoed=kundige stelsel uitgewerk het. Nadat die jong seun leer lees en skryf het, woon hy die klasse van die Griekse of Latynse "grammaticus" by. Weer eens verkies Quintilianus die Griekse "grammaticus". Die grammatikaskool se leerstof word deur hom in twee hoofafdelings verdeel:

(a) "recte loquendi scientia" en

(b) "poetarum enarratio".[89]

(a) Recte loquendi scientia (methodice)

Hy beklemtoon die feit dat die elementêre onderrig van die "grammaticus" belangrik is. 'n Goeie, stewige grond=slag vir die ware orator word hier gelê.[90] Hierdie afdeling sluit die elementêre onderrig van grammatika in. Die "grammatici" skenk aandag aan al die "minutiae" van klanke, rededele, verbuigings en vervoegings, styl, intonasie, woordeskat, reëls, etimologie, analogie, argaïsmes, ortografie of skryfkuns, spelling en uitspraak.[91] Die klem val op korrekte skriftelike sowel as mondelinge taalgebruik.

(b) Poetarum enarratio

(1) Digters

Homeros en Vergilius word voorgeskryf as aanvangsleerstof, 'n heersende praktyk wat Quintilianus se goedkeuring wegdra. 'n Noukeurige seleksie moet gemaak word, nie alleen uit die tragedies en liriese digters self nie, maar 'n sorgvuldige keuse uit die werke wat wel gekies word, want veral die Griekse liriese digters en selfs Horatius is nie geskik vir die jeug nie. Veral die erotiese elegie en die elflettergrepige versreëls van die digter Sotades, wat onbe=taamlike satires geskryf het, moet uit die leerplan geweer word.[92] Quintilianus skryf ook die komedie voor vir 'n ouderdomspeil waarop die leerlinge sedelik nie meer nade=

lig beïnvloed kan word nie. In hierdie verband noem hy Menander, maar beveel ook die ou Latynse digters aan.[93] Sy motivering lui dat die groot redenaars erkenning verleen het aan onder meer Ennius, Accius, Pacuvius, Lucilius, Terentius en Caecilius.[94]

(2) <u>Grammatika</u>

Nadat die poësie voorgelees is, word dit ontleed en verklaar. Aandag word geskenk aan rededele, metrum, woordbetekenis, taalkunde, styl, woordorde en sinsbou.[95]

(3) <u>Geskiedenis</u>

"Historia vero testis temporum, lux veritatis, vita memoriae, magistra vitae, nuntia vetustatis, qua voce alia, nisi oratoris, immortalitati commendatur?"[96] Só besing Cicero die geskiedenis en beklemtoon veral die belangrike plek wat dit moes inneem in die opleiding en agtergrond van die orator.[97] Hy het 'n opregte belangstel= ling in die geskiedenis "per se" geopenbaar wat heeltemal losstaande van die oratoriese nut daarvan was.[98] Ongeluk= kig sluit sy leerplan meer in as wat prakties geregverdig kon word. In die "poetarum pertractatio" het die "gram= maticus" die geleentheid gekry om in sy kommentaar die geskiedenis aan te raak, aangesien die digter van enige volk tegelyk opvoeder, profeet en vertolker van die legende en geskiedenis is.[99] Daarom skakel Cicero die geskiedenis-

onderrig by die "grammaticus" se werk in. Plutarchus het 'n ander mening oor die geskiedenis. Na sy mening dien die geskiedenis as 'n basis vir die sedekunde.[100] Tacitus beweer dat 'n mens se bewondering vir die antieke en dit was as outyds bestempel kan word, nooit kan verflou nie.[101] Wat die orator se opleiding betref, betreur Tacitus die verwaarlosing van geskiedenis as deel van die redenaar se agtergrond: "nec in evolvenda antiquitate . . . satis operae insumitur."[102] Volgens Plinius is die mens van nature nuuskierig en sal feitelike inligting sonder opgesmuktheid altyd aantreklik en interessant wees bv. anekdotes, ens.[103]

Quintilianus se "enarratio historiarum" waarvan hy melding maak in die "grammaticus" se leerplan is 'n elementêre vorm van geskiedenis. Slegs wanneer die geleentheid hom voordoen tydens die lees van die voorge=skrewe digters verwys die "grammaticus" na en verklaar hy die historiese en mitologiese gebeure in die teks. Daar moet egter teen onnodige detail en irrelevante stof gewaak word.[104] Die "enarratio historiarum" moet dus nie as 'n afsonderlike vak beskou word nie, maar as 'n integrale deel van die grammatika-onderrig wat uit die poësie voortspruit. Quintilianus se "enarratio historiarum" is afdoende bewys van 'n ooreenkoms met Cicero se "historiarum cognitio".[105] Cicero se invloed is dus duidelik waar te neem in Quintilia=nus se "enarratio historiarum".

(4) Ander Vakke

Cicero propageer parafrase van toesprake en poësie met die oog op deklamering[106] waarmee hy persoon=lik in sy jeugjare vertroud was. Selfs as Quintilianus hom op die middelbare vlak van die onderwys bevind, hou hy die orator voortdurend in gedagte. Hy bepleit die insluiting van elementêre retoriekonderrig, in die vorm van parafrase, vir dié leerlinge wat nog nie geestelik en verstandelik ryp genoeg vir die skool van die retor was nie.[107] Die para=frase van Aesopus se verhale was die geskikste leerstof omdat hulle vanuit 'n pedagogiese oogpunt, op natuurlike wyse die eenvoudiger verhale van die oppasster kon opvolg.[108]

Quintilianus openbaar opvoedkundige insig met sy po=ging om die gaping tussen die middelbare en die hoër onder=wys te oorbrug. Hierdie "oriënteringskursus" was in Quintilianus se tyd aan die orde van die dag, maar hy volg ook vir Cicero[109] na wat 'n soortgelyke stelsel aan die hand doen.

Volgens die "Institutio Oratoria" was die "sententiae" of "universalis vox," algemene spreuke wat aan die studente as voorbeelde voorgehou is.[110] Sy voorganger Cicero maak slegs melding van geskrewe opstelle[111] terwyl Quintilianus spesifiek melding maak van opstelle met 'n sedelike strekking, die sg. "chriae".[112] Die "ethologiae"

was slegs karaktersketse van beroemde mense.[113] Kort verhale uit die digters kan ook in die leerplan ingesluit word, sê Quintilianus, met die oog op die uitbreiding van die leer=linge se kennis.[114]

Musiek het 'n ondergeskikte plek beklee in Cicero se opvoedingsteorie,[115] terwyl Plutarchus filosofiese en sosiale waarde aan die musiek heg.[116] Ook Tacitus meen dat musiek in die redenaar se opleiding onmisbaar is.[117] Quintilianus vind regverdiging vir die insluiting van musiek in die ou aanvaarde veronderstelling dat musiek reeds in die antieke tyd as vak bestudeer is en aan die letterkunde verwant was. Op oortuigende wyse toon hy aan watter invloed musiek op die toekomstige orator kan hê.[118] Getrou aan sy konserwatiewe agtergrond dring Quintilianus aan op die ou musiek en verwerp hy die hedendaagse musiek met sy verderflike invloed. Kennis van die grondbeginsels van die musiek is vir hom belangrik.[119]

Die waarde van Wiskunde lê vir Cicero daarin dat dit die jeugdige verstand verskerp en stimuleer. Hy betreur die verwaarlosing van die vak, aangesien dit 'n aanvaarde deel van die Hellenistiese opvoeding was.[120] Cicero heg egter nie baie waarde aan Wiskunde in sy opvoeding van die orator nie, soos blyk uit sy woordgebruik in die volgende aanhaling: **"Istae quidem artes, si modo aliquid, valent ut paulum acuant et tamquam inritent ingenia puerorum,**

quo facilius possint maiora discere".[121] Plutarchus is van mening dat Wiskunde die basis vorm van die sterrekun= de,[122] en Tacitus stel Wiskunde as 'n vereiste vir die verbreding van die orator se kennis.[123] Nadat Quintilianus ook Meetkunde se insluiting gemotiveer het deur te wys op die verstandelike oefening wat dit bied,[124] onderskei hy twee afdelings in die Meetkunde, nl. getalle en sketse. Getalle is nie alleen onontbeerlik vir die orator nie, maar vir elkeen wat slegs 'n elementêre opleiding ontvang het. Meetkundige sketse kan handig te pas kom in hofsake oor grensgeskille. Die logiese uiteensetting in Meetkunde is kenmerkend, en dit is juis ook die karakteristieke element van die redenaarskuns.[125] Seneca vereenselwig hom met Cicero se standpunt dat Wiskunde nie die belangrikste afde= ling van die orator se onderrig is nie.[126] Die kennis van Meetkunde verleen toegang tot die heelal en die bestudering van die sterre, sê Quintilianus,[127] 'n opvatting wat deur Plutarchus onderskryf word.[128] Sodoende, meen Quintilianus, word kinders bewus gemaak van die ordelike sisteem van alle dinge, kennis "quod ipsum nonnumquam pertinere ad oratorem potest".[129]

Die "chironomia" (gebare en liggaamshouding) d.w.s. beweging van die arms en hande, die stand van die voete en die kop- en oogbewegings in harmonie met die liggaamshou= ding, is vir die voornemende orator onmisbaar.[130]

Quintilianus sluit die middelbare onderwys af deur die heersende kritiek van sy tyd, dat die verskeidenheid kennis wat van die kind vereis word te groot en die beskikbare tyd te min is vir die kind se bevatlikheid, te verwerp.[131]

3. Hoër Onderrig (Retor)

"Ac mihi opportunus maxime videtur ingressus ab eo, cuius aliquid simile apud grammaticos puer didicerit."[132] Dus meen Quintilianus dat die retoriekonderrig ook in 'n sekere sin 'n voortsetting van die "grammaticus" se werk behoort te wees. In hierdie verband noem hy die "narratio lofredes (laudare claros viros) en veroordeling van slegte mense (vituperare improbos), "communes loci" (Gemeen= skaplike Temas), "theses", "legum laus ac vituperatio", leeswerk, "declamatio" en die retoriek self.

Die "narratio" het onder meer die volgende ingesluit: die "fabula" of fiktiewe verhaal wat in die tragedies en kome dies voorgekom het. In wese is dit dus fiktiewe verhale met spesiale verwysing na die ongelooflike. Ovidius se "Metamorphoses" bevat voorbeelde hiervan.[133] Tweeden bevat die "narratio" ook nog die "argumentum" of realistie verhaal, 'n vertelling wat wel onwaar is, maar waarin tog 'n tikkie waarheid opgesluit lê. Hierdie meer realistiese

verhaal het sy oorsprong in die komedie gehad.[134] Dan was daar in die derde plek die "historia" of historiese ver= haal wat in Quintilianus se eie woorde 'n historiese verhaal is "in qua est gestae rei expositio".[135] Hy beveel aan dat die retor met lg. verhaal moet begin, aangesien dit 'n feite= like inhoud het. Vierdens bepleit hy 'n sorgvuldige same= stelling van die skriftelike "narratio". 'n Mondelinge weergawe in enige volgorde kan ook deur die student gegee word.[136] Laastens meld hy die sg. κατασκευή en ἀνασκευή, oefeninge wat die weerlegging en verdediging van die "narrationes" se inhoud behels. 'n Voorbeeld hiervan is die legende dat Scipio uit 'n slang gebore is of dat Romulus deur 'n wolvin grootgemaak is. Sommige voorbeelde is waarskynlik uit Livius geneem.[137]

Geleidelik begin die student hom wy aan lofredes en die veroordeling van euwels en slegte karakters, 'n oefening wat Quintilianus belangriker ag as die voorafgaande temas. Verstandelike en karakterontwikkeling moet hieruit voort= spruit.[138] Die student wy ook sy aandag aan die "communes loci", d.w.s. die debattering van euwels soos dobbelary, owerspel, sonder om persoonlike aanvalle te maak. Die stof vir die debatte is direk uit die howe afkomstig.[139] Van die verskillende retoriekoefeninge is die "theses" die aan= treklikste en bied dit groter moontlikheid as al die ander. Hulle dien 'n tweeledige doel: "quae vel suadendi officium

vel etiam ad iudiciorum disceptationem iuvant plurimum".[140] Vir die openbare redenaar en die advokaat was hierdie oefeninge noodsaaklik. Die regverdigheid of onregverdig=heid van wette het ook stof vir bespreking gebied.[141]

Na analogie van die "poetarum enarratio" van die "grammaticus" behoort die retoriekstudent ook kennis te maak met die lees van geskiedenis en die lees van "oratores" Quintilianus het die leerstof by wyse van eksperiment aan sy studente gebied, dog sonder sukses want die meerderheid studente was byna volwasse jongmanne en té gevorderd vir die werk.[142] Slegs die beste skrywers moet van die begin af gelees word, maar Quintilianus se keuse val op die een=voudigste en mees verstaanbare werke. Hy verkies Livius bo Sallustius. Cicero was na sy mening aangename leer=stof vir die beginners en ook maklik verstaanbaar. Naas Cicero kan ook ander soortgelyke skrywers ingesluit word.[143] Cato en die Gracchi sou nie geskikte leesstof wees nie omdat hulle te veel van die styl van sy tyd afwyk. Quintilianus veroordeel opgesmukte, gekunstelde skrywers. Die antieke skrywers beveel hy aan om hulle ideale en nie om hulle styl nie, maar die jonger geslag verdien ook die aandag van die retoriekstudente.[144]

Cicero neem die standpunt in dat volkome welsprekend=heid alleen verkry kan word deur lang en intensiewe skrifte=

like oefeninge, al bestee die entoesiastiese student baie aandag aan "ex tempore" "declamatio".[145] Indirek kan uit Tacitus se "Dialogus" afgelei word dat "declamatio" na sy mening nie die belangrikste faset van 'n orator se oplei=ding is nie.[146] Volgens die "Institutio Oratoria" is die "declamationes" retoriekoefeninge "qua quidem ut ex omnibus novissime inventa ita multo est utilissima".[147] Soos Quintilianus dit sien, is die oefeninge die mees moder=ne en "utilissima" van sy tyd. Dit behels feitlik al die oefeninge waarvan Quintilianus reeds melding gemaak het. 'n Verdere bate hiervan is dat dit ooreenkoms met die werklikheid toon. Die onderwerp van bespreking, sê Quintilianus, moet so getrou as moontlik aan die werklike hofpleidooie wees.[148] "Declamatio" moet die waarheid weerspieël, aangesien dit geskoei is op die lees van die juridiese en gewone welsprekendheid.[149] Gwynn[150] sê dat die "declamatio" in die eerste plek 'n weergawe van openbare redevoering is en daarom 'n nabootsing van die werklikheid moet wees. Die voorafgaande inhoud word volgens Quintilianus in die voorbereidingstadium van die student aangebied.[151] Baie tydgenote en kritici het gedink dat "declamatio" die enigste vorm van redenaarsopleiding was. Die agteruitgang op die gebied van die "moderne" redenaarskuns was hoofsaaklik toe te skryf aan "declamatio" en die toedoen van die onderwysers. Tog glo Quintilianus dat "quod natura bonum est, bene uti licet".[152]

Nadat Quintilianus 'n omvattende uiteensetting en verduideliking van die term "retoriek", getoets aan verskillende standpunte en definisies, gegee het, maak hy 'n drieledige indeling van die retoriek, nl. die "ars", die "orator" en die "bona oratio" (die goeie redenaarskuns).[153] Quintilianus se studente moes aan die hand van die volgende vyf punte of hoofde hulle toesprake voorberei: "inventio, dispositio, elocutio, memoria" en "pronuntiatio sive actio". Eenvoudiger gestel, die tema, die rangskikking van die stof, uitdrukking, memorisering en aanbieding.[154] In die derde boek van sy "Institutio" noem hy die drie soorte retoriek: eerstens die "laudativa" (lofredes), tweedens die "deliberativa" (deliberatiewe toesprake) en laastens die "iudicalis" (juridiese toesprake).[155] Die res van die derde boek word gewy aan die samestelling van die lofrede en aanverwante sake. Alles dui op die deeglikheid van sy werk en die hoë eise wat hy aan sy ideale orator gestel het. Dit getuig ook van sy grondige kennis en ervaring van die retoriese tegniek.

## 4. Hoër Onderwys (Volwasse Orator)

Tot dusver het Quintilianus in 'n mindere of meerdere mate die algemene beginsels van Cicero se "De Oratore" gevolg.[156] Aanvanklik wil dit voorkom asof die inleiding in boek X op 'n ooreenkoms tussen Quintilianus en Cicero

dui t.o.v. die oorgang van Cicero se "puerilis institutio", met sy letterkunde en retoriek, na sy meer volwasse "politior humanitas". Gwynn wys egter tereg daarop dat Quintilianus heelwat afwyk van die ware "humanitas" van Cicero. Die verskil lê syns insiens in Quintilianus se hoëronderwysprogram, wat in werklikheid maar net 'n voortsetting is van die letterkunde-onderrig van die "grammaticus" en die "rhetor".[157]

Nadat Quintilianus se studente hulle kursusse by die "grammaticus" en "rhetor" voltooi het en die ἐγκύκλιος παιδεία deurloop het, verwag hy dat hulle nou op 'n stadium, wanneer hulle feitlik onafhanklik van die leermeester ge= word het, weer die antieke skrywers moet lees.[158] Eerstens bespreek Quintilianus die Griekse leesstof. Wat die digters betref, is Homeros vir die orator waardevol omdat sy werk talle uitstaande stylvorme het en van sy groot welsprekend= heid getuig.[159] Hesiodus is na sy mening minder belangrik, maar tog ryk aan sedelesse.[160] Hy noem ook onder meer die name van Antimachus, Panyasis, Apollonius, Pisandros, Nicander en Euphorion.[161] Die styl van die komedie is die naaste aan die styl van die redenaarskuns en is volgens Quintilianus die geskikste vorming van die toekomstige ora= tor. Hy verkies die Griekse komedieskrywers Aristophanes, Eupolis, Cratinus en Menander.[162] Veral twee geskied= skrywers word aanbeveel en vir hulle verdienstelikhede

geloof, nl. Thucydides en Herodotus.[163] Die vernaamste Griekse orators staan opgeteken in die "Institutio", maar Quintilianus kies Demosthenes as die grootste redenaar om sy taalgebruik en styl.[164] Quintilianus onderskryf Cicero se verklaring dat hy veel aan die filosowe verskuldig is vir sy welsprekendheid. Plato word uitgesonder as die juweel onder die filosowe, maar Xenophon, Aristoteles, Socrates en Theophrastus word ook genoem.[165]

Tweedens behandel Quintilianus die Romeinse leesstof. Volgens hom is die digter Vergilius feitlik die ewe-knie van Homeros en beklee hy die belangrikste plek onder die Romeinse digters. Die ander Romeinse digters kan Vergilius nie oortref nie. Macer en Lucretius word nie as geskikte modelle beskou nie. Quintilianus het agting vir Varro en Ennius, maar bewonder hulle nie juis nie. Lucanus kan egter waardevol wees vir die orator. Die Romeinse elegie-digters vergelyk goed met die Griekse, sê Quintilianus. Veral Tibullus, Propertius, Ovidius en Gallus. Die eg-Romeinse satire hou vormende waarde in vir die orator. Lucilius, Horatius, Persius en Terentius is noemenswaar=dig. Die Romeinse tragedie weeg ook goed op teen die Griekse, maar is nie heeltemal opgewasse teen die Griekse werke nie.[166] Geskiedskrywers soos Sallustius en Livius word op gelyke vlak met Thucydides en Herodotus gestel. Veral Livius word uitgesonder op grond van sy styl en

voortreflike welsprekendheid.[167] Heel bo-aan sy lys van redenaars verskyn die naam van Cicero wat vir Quintilianus die simbool van welsprekendheid was en as model vir sy studente gedien het.[168] Vanweë die gebrek aan genoeg Romeinse filosowe, moes die student op Cicero, Brutus, Celsus Plautus, Catius en Seneca staatmaak. Quintilianus bepleit 'n noukeuriger seleksie van Seneca se werke en hy waarsku teen slaafse navolging van sy swakhede.[169]

"Ex his ceterisque lectione dignis auctoribus et verborum sumenda copia est et varietas figurarum et compo= nendi ratio, tum ad exemplum virtutum omnium mens dirigenda."[170] Die antieke skrywers moet dus die bron van die student se woordeskat, beeldspraak, gedagtes, ar= gumente en sy verstandelike ontwikkeling wees.

Dat die filosofie noodsaaklik is in die orator se oplei= ding val nie te betwyfel nie, sê Cicero. "Nam nec latius atque copiosius de magnis variisque rebus sine philosophia potest quisquam dicere".[171] In sy "Brutus" loof hy die filosofiese leerstellings (van die Akademie heelwaarskynlik) maar voeg by dat die Peripatetiese en Akademiese skool nooit die volmaakte orator sal voortbring nie, maar lg. kan ook nie daarsonder gevorm word nie.[172] Die filosofie word in drie afdelings deur Cicero ingedeel: "in natura obscuritatem, in disserendi subtilitatem, in vitam atque

mores".[173] Hy pleit vir die behoud van lg., nl. die Sede=kunde. Seneca huldig die standpunt dat die "artes liberales aanspraak kan maak op 'n plek in die filosofie: "nihil autem ulla ars alia de bonis ac malis quaerit".[174] Die filosofie is noodsaaklik vir die verstandelike ontwikkeling van die mens.[175] Seneca stel selfs die filosofie bo die retoriek,[176] want, sê hy, "facere docet philosophia, non dicere".[177] Plutarchus sluit hierby aan met sy standpunt dat alle sede=like onderrig deur die filosofie omvat word.[178] Filosofie is die belangrikste in die opvoeding.[179]

Quintilianus openbaar met sy opvoedingsideaal 'n verwantskap met Cicero, veral t.o.v. noodsaaklike bestand=dele van die orator se vereistes soos billikheid en onparty=digheid, regverdigheid, waarheid en die deug en lg. eien=skappe se teenoorgesteldes.[180] Die goeie orator moet dus deug, kennis en wysheid put uit die fontein van die filosofie. Genoemde agtergrondskennis is slegs in die filosofie te vinde: "ea iam esse a philosophia petenda" want, sê Quintilianus: "magis haec illi videtur in possessione earum rerum fuisse".[181] Die filosofie en die redenaarskuns is onlosmaaklik verbonde.[182] Quintilianus sou egter nie, soos Seneca, die filosofie belangriker ag as die retoriek nie.[183] Onder invloed van Cicero onderskei hy ook drie afdelings in die filosofie, nl. Dialektiek of Logika, Etiek of Sedekunde en Fisika.[184] Elke afdeling dra by tot die

vorming van die orator. Logika is 'n "sine qua non" vir die logiese rangskikking van argumente en feite en die beredenering van 'n toespraak. Die Etiek op sy beurt dra by tot die bespreking van geregtigheid, dapperheid, onthouding, selfbeheersing en vroomheid. Fisika kan ook 'n kragtiger stimulus wees met sy byna verhewe en abstrakte temas.[185] Quintilianus som die rol van die filosofie in die vorming van die orator soos volg op: "Ergo natura permixta est omnibus istis oratio, quae quidem oratio est vere".[186] Ware welsprekendheid, meen hy, behels dus 'n kombinasie van die verskillende afdelings van die filosofie.

Nog 'n studierigting wat Quintilianus sterk aanbeveel vir die orator is die Regte. Cicero se belangstelling in die Romeinse regsgeleerdheid hang saam met sy belangstelling in die geskiedenis.[187] Hierdie belangstelling het hy aan L. Aelius Stilo en Q. Mucius Scaevola te danke.[188] 'n Sterk motivering vir hierdie belangstelling van hom word in die eerste boek van die "De Oratore" uiteengesit.[189] Cicero was besorgd oor die verwaarlosing van die bestudering van die wet.[190] Burgerlike reg was volgens Cicero onontbeerlik vir die orator se opleiding, aangesien dit daagliks in die howe gebruik moes word: "Ius civile teneat quo egent causae forenses cotidie".[191] Die opleiding moes nie alleen burgerlike reg insluit nie, maar ook afgekondigde wet (legum scientia).[192] Die orator se opleiding is bemoeilik deur die

gebrek aan behoorlike handleidings.[193] Van die dialoog in Petronius se "Satyricon" kan afgelei word watter vak in die alledaagse gesprekke baie gewild moes gewees het. Om pragmatiese redes was die Regte 'n populêre kursus want: "habet haec res panem".[194] Die materialistiese tendens in die keuse van 'n vakrigting blyk uit die volgende woorde: "Tum ille pecuniae" inquit "cupiditas haec tropica insti= tuit."[195] Tacitus is ook daarvan oortuig dat die wet 'n absolute vereiste is vir die orator.[196]

Die orator se toekomstige werk as advokaat vereis 'n deeglike kennis van veral die burgerlike reg,[197] beweer Quintilianus. Dit sal hom in staat stel om private en open= bare sake te behartig.[198] Die orator moet met vertroue op sy eie kennis van die wet staatmaak sonder om die "minores advocatos" om raad en advies te vra.[199] Parate kennis is 'n vereiste ten tye van krisisse in 'n saak.[200] Selfstudie in die wet spreek vanself.[201] Die orator mag selfs die tyd vind om onderrig in die Regte te gee.[202] Cicero se pleidooi vir burgerlike reg vind dus weerklank in Quintilianus se denke wat ook ooreenstem met kontemporêre opvattinge.

Quintilianus kon nie nalaat nie om te wys op die lonende studie van die geskiedenis, met sy ryke bron van kennis en ervaring, wat die orator ná voltooiing van sy studie nog met vrug kan onderneem.[203] Dié studie, sê Quintilianus,

behels nie alleen die historiese feite en gebeure nie, maar ook die fiktiewe verhale van die digters wat soms as sede=lesse kan dien.[204] Hierdie kennis beklee die afgestudeerde orator met gesag.[205]

'n Analise van die inhoud van die retor se vakgebied toon 'n oorvleueling tussen die retoriekskool en die orator se selfstandige studie ná voltooiing van sy retoriekopleiding. Wanneer Quintilianus met die antieke opvoeding en sy tydge=note vergelyk word, blyk dit duidelik dat hy, die ou Romeinse opvoeding én sy tydgenote die letterkunde, poësie, geskiede=nis, die retoriek en die "artes liberales" gemeen het. Cicero, Seneca, Plutarchus en Plinius, net soos Quintilianus, propageer die "poetarum pertractatio" of "poetarum enarratio", die geskiedenis en poësie. Ten opsigte van die belangrikheid van die retoriek is die volgende skrywers dieselfde mening toegedaan as Quintilianus: Cicero, Seneca, Plutarchus, Petronius en Plinius. Cicero, Plinius en Quintilianus was voorstanders van die "artes liberales".

## B. Organisasie van die Onderwys

Die Romeinse huis het die uitgangspunt en middelpunt gevorm van die organisasie van die onderwys gedurende die suiwer Romeinse tydperk.[206] Wilkins sê: "The basis and backbone of this education was the family."[207] Sorg=vuldige aandag is deur albei ouers aan die opvoeding van hul kinders in die eenvoudige, maar strenge lewensdeugde van die goeie Romeinse man en vrou bestee; die vader was priester sowel as profeet in sy huis en die moeder het hom bygestaan.

In hierdie verband wys G. van N. Viljoen daarop: "dat die Romeinse kind, anders as sy moderne partuur uit die bedeling van huurkooppaaiemente en werkende moeders, sy eerste woorde, sedelike norme, waardebegrippe en lojaliteite (soos dié aan sy ouers, aan die gode, aan die stad en sy wette) van moedersknie geleer het - 'in gremio matris'."[208]

Die huis was 'n strenge sedelike leerskool waarin die jeug vir die private en openbare lewe gevorm moes word. Die sistematiese Romein het gedurende die Grieks-Romeinse tydperk 'n byna volmaakte onderwysstelsel ontwikkel. Die Griekse onderwysinstellings is oorgeneem en omgebou tot

'n vaste stelsel, wat sekerlik as die belangrikste opvoed= kundige prestasie van die ou Romeine beskou kan word. Die onderwys kan in vier stadia ingedeel word: (a) Van die kleuterstadium tot die sesde of sewende jaar. Gedurende dié tyd is die kind tuis deur sy ouers onderrig. (b) Die sewende tot die elfde of twaalfde jaar. In hierdie tydperk het hy onderwys ontvang aan die laerskool van die "littera= tor". (c) Die twaalfde tot die sestiende jaar waartydens die sekondêre onderrig van die "grammaticus" aangebied is. (d) Die sestiende tot die agtiende jaar. Hierdie jare is aan die inrigting vir hoër onderwys deurgebring waar die retor verantwoordelik was vir onderrig in die retoriek.[209]

Ná sy agtiende jaar het die student gewoonlik na die universiteit gegaan vir gevorderde studies, veral na die beroemde filosoweskool in Athene of Klein Asië. Viljoen som die jong Romein se opleiding soos volg op: "van moedersknie na vadershand, van "litterator" na "grammaticus" na "rhetor", na "philosophus".[210]

E. B. Castle[211] en Marrou[212] stem saam dat die Griekse onderwysstelsel byna onveranderd deur die Romeine oorgeneem is. Die staat het die onderwys aan die inisia= tief van die indiwidu oorgelaat.[213] In 54 v. C. skryf Cicero dat die Romeinse onderwysinrigtings gekant is teen enige opvoedingstelsel wat deur wetgewing bepaal word of tot

stand gebring word of wat eenvormig is.[214] Dit werp interessante lig op die plooibaarheid van die Romeinse stelsel. Tereg merk A. S. Wilkins[215] dan ook op dat hierdie vroeë Romeinse onderwys hoegenaamd nie gestan= dardiseer was nie; dat daar geen voorgeskrewe leerplan, geen dreigende eksamen en geen staatsinmenging was nie.

In die tweede boek van sy "De Oratore" stel Cicero dit duidelik dat sy opleiding op die hoër onderwys gerig is. Alvorens sy studente verdere opleiding sou ontvang, moes hulle reeds onderlê wees in die letterkunde, heelwat gelees het en onderrig in die retoriek ontvang het. Cicero vereis dus eers 'n "puerilis institutio" as toelatingsvereis= te.[216] Sy "politior humanitas" behels dus die volwasse na-skoolse onderwys. 'n Elementêre vorm van differensi= asie blyk uit die volgende opvoedkundige beginsel: Cicero stel dit baie duidelik dat die aspirant-orator by gebrek aan die fisiese of uitstaande intellektuele vermoëns, of as hy 'n gebrekkige opleiding ontvang het "teneat tamen eum cursum quem poterit".[217]

Van die vroegste tye af het die magtige Griekse kultuur Rome begin beïnvloed en het die Romeine kennis gemaak met 'n vreemde onderwysstelsel. As vertolker van die onder= wys van sy tyd vertel Cicero die verhaal van 'n sekere Demaratus van Korinte wat na Etrurië gevlug het om onder

die juk van die tiran Cypselus uit te kom. Sy Tarquiniese vrou het twee seuns gebaar wat volgens die Griekse stelsel opgevoed is.[218] Cicero vertel dat hy van kleins af die Griekse opvoeding ontvang het en Griekse gedigte moes leer.[219] Ook in die "De Oratore" praat hy met lof van die Griekse leermeesters op wie se kennis en opleiding hulle moes staatmaak.[220]

In Seneca, Plutarchus, Petronius en Plinius is daar min of geen verwysing na die organisasie van die onderwys in Quintilianus se tydperk. Plutarchus erken in sy "De Liberis Educandis"[221] dat sy stelsel slegs bedoel was vir die welgesteldes se kinders en beperk tot die manlike geslag. 'n Student se jeugjare moet aan die poësie gewy word, meen Petronius. Later nadat hy die Sokratiese agtergrond ver= kry het, kan die Romeinse skrywers bestudeer word en sy letterkundige smaak beïnvloed en gevorm word. Intussen moet 'n student hom aan die howe onttrek en later kan hy dan toesprake begin lewer en sy welsprekendheid op die proef stel.[222] In Plinius se "Epistulae"[223] beskryf hy die onderwys wat Corellia Hispula se seun ontvang het. Aan= gesien die seun nog te jonk was om sy ouerhuis te verlaat, is hy deur "praeceptores" tuis onderrig. Daarna moes 'n Latynse "rhetor" gevind word wat aan hom 'n streng opvoeding, goeie maniere en sedes sou bied. Alvorens hy met die retoriekstudie begin, moes hy oor die Romeinse

tradisie en korrekte sedelike optrede ingelig word.[224]

In teenstelling met sy voorgangers en tydgenote wy Quintilianus breedvoerig uit oor die organisasie van kontem= porêre onderwys:

1. Voorskoolse Stadium

In die gesin het die ouers 'n belangrike rol gespeel in die opvoeding van die kind. Quintilianus verwys spesifiek na die vader en die moeder wat opvoedkundig na die hoogs moontlike sport moet reik. Selfs al is hulle nie opvoed= kundig gekwalifiseer nie, maak hulle kinders op hulle onver= deelde aandag en toewyding aanspraak.[225] Die kleuteron= derwys het tot ongeveer die sesde of sewende jaar in die kind se lewe geskied, 'n tydperk waarin die kind in die sorg van sy oppasster en "paedagogus" gelaat is om elementêre onderrig te ontvang. Quintilianus ag hierdie fase belangrik want die eerste indrukke wat die ontvanklike kind kry, is blywend.[226] Hy gee nie 'n duidelike aanduiding van die presiese ouderdomsgrens nie, maar op grond van sy verwy= sing na die aanvaarde gebruik om 'n kind eers op sewejarige ouderdom met leesonderrig te laat begin, blyk dit dat sewe jaar die toelatingsouderdom vir die laerskool was.[227] Dit is opvallend dat Quintilianus die "litterator" of die laerskool= stadium verswyg. 'n Klemverskuiwing het heel moontlik plaasgevind want Seneca,[228] Plinius[229] en Quintilianus

ebruik die woord "praeceptor".[230] Die beginsels wat
uintilianus dus in die organisasie van die voorskoolse
nderwys neerlê, geld ook vir die laerskoolonderrig. Hy
epleit ook 'n vervroeging van die laerskoolonderrig omdat
e kind volgens hom wel vatbaar is vir elementêre literêre
nderrig.[231]

Die Middelbare Onderrig van die "Grammaticus"

Weer eens maak Quintilianus nie melding van die ou=
erdomsgrens nie, maar die kind kon na sy mening tot die
:ool van die "grammaticus" toegelaat word sodra hy kon
es en skryf. "Primus in eo, qui scribendi legendique
leptus erit facultatem, grammatici est locus."[232]
amate die kind ouer word, kan hy die sorg van sy oppasster
rlaat en sy skoolloopbaan in alle erns begin. Die ouder=
mme vir toelating tot die laerskool en die grammatikaskool
ord deur moderne outeurs as onderskeidelik sewe en twaalf
ar aangegee.[233]

Na aanleiding van 'n dispuut wat in sy tyd aan die gang
is oor die wenslikheid van private of openbare onderwys,
rwerp Quintilianus alle argumente ten gunste van private
derrig en kom tot die gevolgtrekking dat openbare onder=
rs meer voordele as nadele inhou. Hy weerlê op oortui=
nde wyse die twee besware, nl. dat openbare onderwys
delik ondermynend van aard is en tweedens dat een onderwy=

ser nie die nodige aandag aan 'n groot aantal leerlinge gelyk=tydig kan gee nie.[234]

3. Retoriekonderwys (Hoër Onderwys)

Quintilianus maak heftig beswaar teen die toenemende gewoonte van sy tyd om seuns al langer aan die "grammaticus" se skool te hou. Dit geld veral t.o.v. die Latynse retoriek en soms ook die Griekse retoriekonderrig. Die "rhetor" beskou die elementêre onderrig in die retoriek as benede sy waardigheid en as deel van 'n leerplan wat buite sy opvoe=dingsfeer val. Die "grammaticus" daarenteen gryp die geleentheid aan om selfs gevorderde werk aan te pak. So het oorvleueling dan ontstaan.[235] Quintilianus kon hom nie met dié praktyk vereenselwig nie en verklaar onomwonde: "Nos suum cuique professioni modum demus".[236] Sy raad is dus: skoenmaker, hou jou by jou lees. Hy maak 'n duidelike onderskeid tussen die grammatikaskool en die retoriekskool.

Die werklike ouderdom van die voornemende student is nie, na Quintilianus se mening, ter sprake nie. Op die vraag wanneer 'n seun dan na die retor gestuur kan word, antwoord hy: "sic optime finiri credo; cum poterit".[237] Gewoonlik het studente van hulle sestiende jaar af die retor se lesings bygewoon.[238] Quintilianus huldig die standpunt dat 'n student ná voltooiing van die elementêre retoriekonder=

, wat nog deur die "grammaticus" waargeneem moes
·d, aan die retor se sorg toevertrou moes word.[239]
fs nadat die student tot die retor se klasse toegelaat is,
hy ook die "grammaticus" se lesings bywoon sonder
elige gevolg. Dit is egter 'n stelsel, sê Quintilianus,
"a Latinis omissum est".[240] Dit bring na sy mening
loeltreffender indeling van die werk mee wat vroeër
gs deur een leermeester gedek moes word.[241] Verder,
reer Quintilianus: "Pueros adolescentibus permixtos
ere, non placet mihi".[242] Dit is dus wenslik en ver=
ndig, sê hy, om die jonger seuns (pueri) nie saam met
ouer studente (adolescentes) in dieselfde klas te laat sit
.[243] In boek XII lê Quintilianus sekere riglyne neer vir
volwasse, afgestudeerde orator waarmee hy dan die
rein van die hoër onderwys betree.[244]

Quintilianus se organisasie van die onderwys soos dit
lie "Institutio Oratoria" openbaar word, sluit oueronder=
, kleuteronderrig, grammatikale en letterkundige onder=
en die retoriek, op elementêre, middelbare en
wasse onderwysvlak in. Dit is opmerklik dat Quintilia=
die organisasie van sy onderwys op die ou Romeinse
lsel baseer. Die klem wat hy op die gesin as onderwys=
telling plaas, laat duidelik blyk dat hy ook hierin nog
rou is aan die suiwer Romeinse opvoeding.[245] Plutarchus
Quintilianus se onderwysstelsels was beide vir die welge=

steldes bedoel en beperk tot die manlike geslag. Petronius en Plinius toon ooreenkoms met die stelsel van Quintilianus.[246] Quintilianus en Cicero het albei vir die volwasse orator ge= skryf en veral Cicero se opvoedingstelsel was uitsluitlik vir hoër, volwasse onderwys bedoel.

C. Sintese

Seneca ontbloot die verval in die inhoud van die opvoe= ding en wys daarop dat die openbare mening van sy tyd gekant is teen die opvoeding wat die studente nie vir die werklikheid vorm nie: "docemurque disputare, non vivere".[247] In sy "De Brevitate Vitae"[248] doen hy 'n ver= dere aanval op die nutteloosheid van die opvoeding en beskul= dig hy die Romeine daarvan dat hulle 'n ydele begeerte koester vir "supervacua discendi". Plutarchus is van mening dat 'n mens nie die uiterlike vertoon van die openbare redevoering slaafs moet aanhang nie, maar dat die jeug veral moet vashou aan die nie-korrupte en standvastige onderwys.[249] Petronius maak beswaar teen die leegheid van die retoriek. As gevolg van die heersende opleiding word die student onder 'n wanindruk gebring sodat hy in 'n totaal nuwe wêreld is wanneer hy 'n hof die eerste maal betree. Die retoriek=

kole maak volslae gekke van die jongmanne omdat hulle ks sien of hoor van die werklikheid nie.[250] Petronius ryf die verval in die ware welsprekendheid aan die reto= ekonderwysers toe.[251] Encolpius val die "declamationes" die skole aan en sonder dit uit as die oorsaak vir die glike toestand waarin die letterkunde en die redenaarskuns rkeer. In die skole, so beweer hy, word die jeug se ndag in beslag geneem deur dinge wat nie met die werklik= id verband hou nie. Geen wonder dus dat die jongmanne rward voorkom in die openbare lewe nie.[252] Petronius ods hier dus 'n aanval op die retoriek en styl van sy tyd.

Plinius verklaar openlik in sy "Epistulae"[253] dat hy 'n volger van Cicero is en voeg dan ook by dat hy nie tevrede met die redenaarskuns van sy tyd nie. Na sy mening is belaglik om nie slegs die hoogste standaard na te streef . Plinius bring hulde aan Saturninus vir sy hoogstaande lsprekendheid. Die antieke orators is na sy mening die ste bronne en voorbeelde.[254] Verder huldig Plinius die ning dat die denkbeeldige onderwerpe wat in die lesing= ner behandel word, nie veel skade kan aanrig nie want dit nog altyd deur die oues van dae geniet word.[255] Hy is nie so pessimisties soos 'n Tacitus nie, maar meer ge= tig. Tog was Tacitus nie so verkeerd in sy oordeel nie.[256] clamasie is skynbaar, volgens Plinius, net 'n aangename verdryf. Plinius glo dat die redenaarskuns in sy tyd nog

'n hoë aansien geniet het. Hy moedig dan ook sy vriende en tydgenote aan om alles in die stryd te werp om die redenaarskuns suksesvol te beoefen.[257] Skriftelike sowel as mondelinge werk moet egter van goeie gehalte getuig.[258] Plinius het dus vertroue in sy geslag gehad.[259] Hy wys egter ook op die verwaarlosing van die welsprekendheid: "Tanta neglegentia tanta desidia, tanta denique inreverentia studiorum periculorum est."[260] Die antieke, maar ook die moderne Romeinse gawes vind weerklank in Plinius.[261] Hy het groot bewondering en respek vir die antieke kultuurpro= dukte, maar kan nie die prestasies van sy eie tyd summier verwerp nie. Die eeu waarin hy geleef het was na sy mening nie té uitgeput of onvermoënd om iets waardevols tot stand te bring nie. Tacitus was gekonfronteer met 'n wesenlike probleem in sy eie literêre ontwikkeling. Enersyds was daar die breë verval van die styl, die strewe na nuwe dinge ten alle koste, andersyds die reaksie wat ontstaan het a.g.v. die nuwe opvoedkundige beweging: veral die pogings wat Quintilianus aangewend het om die swak smaak wat die same= lewing oorweldig het, te stuit deur die suiwerder tradisies van die Ciceroniaanse tydperk te laat herlewe.[262] Tacitus is wel beïnvloed deur die nuwe opvoedkundige stroming, soos blyk uit die Ciceroniaanse invloede in sy styl. Verder word dit bevestig deur die standpunt wat hy inneem ter verdediging van die vroeëre standaarde van die welsprekendheid en sy algehele veroordeling van kontemporêre metodes.[263]

Messala voer twee redes aan vir die verval in die redenaars= uns: eerstens 'n agteruitgang in die sedelike norme in die pvoeding van die jeug, tweedens 'n verandering in die eoretiese en praktiese opleiding van die jong orator.[264] 'erder betreur Tacitus dit dat so min tyd en aandag aan die prima elementa" en die bestudering van die letterkunde en ie geskiedenis en ander vakke van die "grammaticus" bestee ord. Die stormloop na die "rhetores" om 'n tegniese pleiding in die redenaarskuns geskied op 'n té vroeë stadi= m.[265] Hierdie benepenheid word deur Tacitus gekontras= eer met die breëre kultuur en die filosofiese studie wat die ntieke orators as 'n belangrike deel van hulle opleiding eskou het. Cicero word in dié verband deur Tacitus aan= ehaal.[266] Maternus is egter die mening toegedaan dat ie verval te wyte is aan die verandering in die politieke om= tandighede: die kontras tussen die onstuimige jare van die epubliek en die stabiele gevestigde eerste eeu n. C. Die are redenaarskuns se lewensbloed is die politieke onstui= ligheid.[267]

Tacitus karakteriseer die verval van die opvoeding oos volg: "desidia iuventutis et neglegentia parentum et ıscientia praecipientium et oblivione moris antiqui".[268] olgens hom was die ware oorsake die laksheid van die jeug, ie ouers se onverskilligheid, die onkunde van die onderwy= ers en die verval van die ou Romeinse sedes. Rome was

die oorsprong van hierdie agteruitgang wat later na Italië en die provinsies uitgebrei het.

Een van die probleme waarmee die Romeinse opvoed= kundige van die eerste eeu n. C. geworstel het, was 'n ver= soening tussen die gespesialiseerde onderrig van die reto= riekskole met die breë algemene opvoeding wat tog algemeen as noodsaaklik beskou is.[269] Quintilianus beskuldig sy tyd= genote en voorgangers daarvan dat hulle sonder meer aanvaar het dat die orator perfek kon wees sonder die breëre opvoe= ding met al sy vertakkinge en dat hulle slegs die finale afronding hoef waar te neem. Die elementêre onderwys word heeltemal uit die oog verloor, sê Quintilianus.[270] Die orator kan eers werklik tot volle ontplooiing kom wanneer die teorie en die praktyk in volkome harmonie met mekaar is.[271]

Die nuwe ontwikkeling in die tyd van Quintilianus en Tacitus was verval en daarom het albei, hoewel hulle bewus was van veranderde tye, tog nog die antieke verkies.[272] Quintilianus verwag dat die redenaarstudente die oue én die nuwe as voorbeelde sal navolg.[273] Hy is dus nie 'n blinde bewonderaar van die Antieke nie.[274] In die moderne op= voeding en styl sien hy ook die positiewe en prysenswaardige kenmerke.[275] Quintilianus kon nie en wou ook nie wegbreek van die verlede in sy retoriese opvatting nie. Hy toon respek vir sy voorgangers alhoewel hy krities teenoor sekere gesag=

hebbendes staan.[276] Maar, sê Quintilianus, "patet media quaedam via".[277] Hy verkies dus die goue middeweg. As hy egter voor die keuse gestel word: "veterem illum horrorem dicendi malim quam istam novam licentiam".[278] Tacitus beveel egter 'n algehele terugkeer na die opvoedings=teorie van Cicero aan. Hy kontrasteer die moderne opvoe=ding met die antieke.[279]

Die "Institutio Oratoria" is geskryf in antwoord op die kritici se bewering dat die retoriese leerstof outyds en uit=gedien was.[280] Hy was dus in vergelyking met die tyds=gees rewolusionêr in soverre hy 'n nuwe Ciceronianisme bepleit.[281] Quintilianus wil 'n herlewing sien van die ware klassieke studie en dissipline aan die skole van sy dag.[282] Tacitus spreek ook dieselfde begeerte uit, maar wil waar=skynlik 'n toepassing van die antieke dissipline op skool of 'n nouer samewerking tussen huis en skool hê.[283]

Quintilianus het beslis sy taak as "rector" in die opvoeding van die eerste eeu n. C. ernstig opgeneem en ver=antwoordelik uitgevoer. Hy het feitlik alle stadiums van die onderwys gekritiseer. Hy het volgehou dat die "grammatici" en die "rhetores" verantwoordelik was vir die vals, ontoereikende stylteorieë. Hy het die "grammatici" daarvan beskuldig dat hulle hul eie onderrig, d.w.s. die onderrig in korrekte taalgebruik, verwaarloos het.[284]

Dikwels het hulle studente teruggehou om geldelike gewin of vanweë hulle eie onvermoë.[285] Na sy mening was hulle onderwys pedanties en doelloos. Dit het nie beter daaraan toegegaan met die professionele retorici nie. Hier bemerk Quintilianus dieselfde pedanterie en oppervlakkigheid. Sy belangrikste aanklag was dat die handboeke van die skole met hulle roetine, klassifisering, definisies en reëls hiervoor verantwoordelik was. Hy veroordeel die dubbelsinnigheid van die handboeke.[286]

Gaandeweg het die klem in die opvoeding op die retoriek geval wat met behulp van die "declamationes" onderrig is.[287] Retoriek het die basis van die Romeinse opvoeding in die eerste eeu n. C. gevorm. Vooraanstaande Romeine het hulle aandag aan die retoriek gewy.[288] Die redevoering met veral die "ornatus"-kultus het beslis 'n verderflike invloed uitgeoefen. "Declamatio" het baie swakhede in die opvoeding aangemoedig, waarvan die ergste die verwatering van Latyn was. Volgens Quintilianus is 'n groot gedeelte van die Latynse woordeskat hierdeur uitgesluit.[289] Die invloed van die retoriek het egter verder gestrek want nie alleen het die mense se denkvermoë sodoende verswak nie, maar het dit ook 'n sekere mate van konvensionele denke bewerkstellig.[290] Quintilianus, wat 'n teenstander was van die moderne rigting in die retoriek, kon hom nie losmaak van die invloed wat die deklamatoriese skool op hom uitgeoefen

ıet nie.[291] Alhoewel Quintilianus beswaar opper teen die ıelaglike spesialisering en onwerklikheid van die "declama= iones"-kursusse, aanvaar hy die oorheersing van die reto= 'iek in die hoër onderwys.[292] Beide Quintilianus[293] en ˆacitus[294] sonder die opvoeding in deklamasie uit as die 'ede vir die verval in styl. Desnieteenstaande verdedig ˀuintilianus die "declamatio" mits dit korrek toegepas ʳord.[295] Hy pleit egter dat studente nie slagoffers moet ʳord van die moderne gekunstelde styl en skrywers nie.[296] ˀit is duidelik dat hy kritiek moes verduur vir sy opvatting an die retoriek.[297] Daar was die kritici wat ook geglo et dat grammatika en die retoriek voldoende was.[298] ˀuintilianus het nie sonder meer die heersende praktyk van y tyd nagevolg nie.[299] Deklamasie het die hoofdoel in die pvoeding geword en homself van die forum weggeskeur.[300] ſarrou verwerp die standpunt dat daar so 'n groot verskil ıssen die opleiding en die werklike lewe was.[301] Tog blyk it uit Quintilianus,[302] Tacitus[303] en Bonner[304] dat die ritiek heeltemal geregverdig was. Quintilianus beperk om egter nie net tot die kritiek nie, maar doen positiewe 'enke aan die hand wat die oefeninge meer geskik vir hulle oel sal maak: in die voorbereiding van advokate.[305] Hy eroordeel dus eerder die wantoepassing van die "declamati= nes". Quintilianus het dit dus hoofsaaklik oor die ondoel= 'effendheid van die skole. Verder is hy bewus van ander ıvloede wat toe te skryf is aan antieke tendense en teorieë.

Daar bestaan nie die minste twyfel nie, beweer Atkins,[306] dat sy werk 'n korrektiewe rol vervul het in sy tyd.

Quintilianus se siening van die retoriek is uniek, want die klem het nog altyd op die retoriek eerder as die persoon geval. Selfs Cicero het nie aan die tradisie ontkom nie. Quintilianus egter laat die klem verskuif na die mens, die orator as toepasser van die redenaarskuns.[307] Hy erken dat daar min van sy tydgenote of voorgangers is wat dit so ver as hy op die gebied van die retoriek gewaag het. Onom=wonde verklaar hy dat alle retoriekonderwysers nie soveel moeite as hy met hulle opvoeding gedoen het nie en dat baie hom bespot het omdat hy so 'n wye studie vir die orator voorstaan.[308] Quintilianus het wel besef dat hy 'n daad=werklike poging aangewend het om die onderrig van welspre=kendheid van sy tyd te bevorder.[309] Cicero het wyer studie vir die opleiding van die orator aanbeveel,[310] maar hy kon nie sy jonger tydgenote en daaropvolgende geslagte oortuig nie.[311] Daar is ook nie geluister na Quintilianus toe hy dieselfde wou doen nie.[312]

Quintilianus en sy ondersteuners het 'n herlewing van die Ciceroniaanse styl bepleit. Tog was daar argaïste wat 'n terugkeer wou sien na 'n eeu gelede, waaruit voorbeelde geneem kan word om die vervalle smaak weer te hervorm. Mense soos Cato, Gracchus, Naevius, Ennius, Plautus,

Accius, Pacuvius en Lucilius is opgehemel en hulle wou lg. ook in die skoolleerplanne insluit. In ongeveer 90 n. C. het dié neiging hand oor hand toegeneem sodat Quintilianus er= kenning aan dié eis verleen het. Hy kies egter nie kant nie. Sy standpunt in dié opsig was meer modern. Alhoewel hy nie dieselfde entoesiasme t. o. v. Plautus en Ennius geopen= baar het nie het hy toegegee dat dit wenslik is om die antieke digters op skool te lees.[313]

In navolging van Cicero wou Quintilianus 'n wyer oplei= ding aan die orator verskaf deur 'n aantal nie-retoriese vakke soos die ἐγκύκλιος παιδεία, Regstudie, Geskiedenis en die "philosophia" by te voeg. In sy "Institutio Oratoria" verdedig Quintilianus die wyer kennis in die redenaarsoplei= ding oppervlakkig want hy dring daarop aan dat die studie van die ἐγκύκλιος παιδεία nie te grondig moet wees ten koste van die retoriek nie.[314] In sy opvoedkundige stelsel was dié algemene studie slegs bykomstig[315] hoewel hy die nut van een of ander vak nie misken nie.[316] Om praktiese redes moes die "orator perfectus" oor die kennis van die ἐγκύκλιος παιδεία beskik.[317] Dieselfde utiliteitsbeginsel word deur hom in die insluiting van Geskiedenis en Reg= studie gehandhaaf.[318]

Quintilianus was afkerig van valse filosofie,[319] maar spreek sy waardering uit teenoor die antieke wysbegeerte.[320]

Ten spyte van Quintilianus se erkenning van die filosofie maak hy dit ondergeskik aan die redenaarskuns.[321] Dit word dus 'n hulpbron vir die retoriek by Quintilianus, nog sterker as by Cicero, vir wie die filosofie 'n eie waarde het.[322] Die wyse waarop die filosofie in Quintilianus se werk behandel word, het die filosofies-oratoriese ideaal van Cicero omvorm tot 'n onbruikbare beeld.[323]

Die algemene onderlegdheid as een van die grondslae van Quintilianus se opvoedingsideaal, plaas hom in 'n neo= sofistiese denkrigting. Die feit dat die reg, geskiedenis en die filosofie asook die ἐγκύκλιος παιδεία ondergeskik gestel word aan die welsprekendheid, stem ooreen met die neosofistiese vertolking van die intellektuele afronding.[324] Slegs die "declamatores" met hulle oppervlakkige welspre= kendheid het min belangstelling getoon vir die algemene op= voeding.[325] Quintilianus se reaksie op die geestesrigting is 'n toenadering tot en nie 'n reaksie teen die Tweede Sofistiek nie.[326] Hy openbaar self ook kenmerke van die neosofistiese denkrigting.[327]

Austin beweer dat die "Institutio Oratoria" 'n kragtige hou gemik het na die prestige van die filosowe.[328] Hy verwerp ook die gedagte dat Quintilianus die filosowe nie goedgesind was nie omdat hy Domitianus tevrede wou stel. Sy aanval op die filosowe was veel dieper gewortel. Sy

/antroue was gebaseer op die leerstellige verdeeldheid en ie oortuiging dat sy opvoedkundige ideaal nie onderwerp kon /ord aan die manipulering van die filosofie nie.[329] Sy in= ense afkeer van die wyse waarop die filosofie weg beweeg et van die werklikheid blyk uit die volgende: "quando non lia vitae secta longius a civilibus officiis atque ab omni nunere oratoris recessit".[330] Die breuk tussen die filo= ofie en die werklikheid het in Quintilianus se tyd groter ge= 'ord, aangesien die beperkte openbare lewe enige apatie al oe meer onwenslik gemaak het. Quintilianus was 'n onder= yser in die retoriek, tog het hy groot agting gehad vir die are filosowe soos Plato en Aristoteles.[331] Colson[332] nerk op dat Quintilianus van mening was dat die retoriek, in ie wyere sin van die woord, so deurtrek was van die filoso= ese denke dat die ware orator nie anders kon as om dit sy e te maak nie en die ware retor nie anders as om dit te nderrig nie. Quintilianus erken egter dat hy nie suiwer oïsyns was nie.[333] In sy opvatting van die filosofie maak uintilianus dus 'n kleiner figuur as Cicero of Isocrates uit, aar tog is Quintilianus juis hierin suiwerder Romeins en inder vatbaar vir die humaniserende invloed van riekeland.[334]

Notas by Hoofstuk III

1. Tacitus. Dialogus de Oratoribus. 28. 6.
2. Kidd, D. A. Roman Attitudes to Education. Christ=church Classical Association. New Zealand, 1958. p. 18.
3. Cicero. De Oratore I. xliv. 195-197.
4. Gwynn, A. Roman Education, pp. 15, 17.
5. Horatius. Carmina. iii. 6. 37.
6. Gwynn, A. Roman Education, pp. 19-20.
7. Plutarchus. Marcus Cato XX.
8. Ibid.
9. Gwynn, A. Roman Education, p. 18.
10. Castle, E. B. Ancient Education and Today, p. 117.
11. Ibid., p. 125;
    Gwynn, A. Roman Education, p. 84.
12. Suetonius. De Grammaticis 4;
    Cicero. De Oratore I. 8-12.
    Gwynn, A. Roman Education, p. 84;
    Castle, E. B. Ancient Education and Today, p. 125.
13. Ibid.;
    Gwynn, A. Roman Education, pp. 100-112.
14. Horatius. Epistulae II. i. 156.
    Castle, E. B. Ancient Education and Today, p. 125.
15. Ibid., p. 119.
16. Gwynn, A. Roman Education, pp. 83, 84.
17. Suetonius. De Grammaticis. 4.
18. Ibid.

9. Cicero. De Oratore I. viii-xii;
Lees ook De Republica I. 30: volgens Cicero lê die waarde van Wiskunde in die verskerping en stimulering van die verstand.

0. Cicero. De Oratore I. 187;
Ibid., III. 127.

1. Gwynn, A. Roman Education, p. 85.

2. Seneca. Epistulae. 88. 18.

3. Cicero. De Oratore I. 72;
Ibid., II. 162;
Ibid., III. 127.

4. Ibid., I. 158.

5. Quintilianus. Institutio Oratoria I. x. 1.

6. Gwynn, A. Roman Education, pp. 86, 87.

7. Cicero. De Oratore I. xxii. 102;
Ibid., I. xvi. 73;
Ibid., I. xxiii. 107-109;
Ibid., II. vii. 30;
Ibid., II. x-xv.

8. Tatarkiewicz, W. Classification of Arts in Antiquity. Journal of the History of Ideas. Vol. 24. 1963, p. 236.

9. Ibid.

0. Ibid.

1. Cicero. De Oratore I. lviii. 248.

2. Gwynn, A. Roman Education, pp. 89-90.

3. Cicero. De Oratore III. 125;
Sy "puerilis institutio" word gedefinieer in die De Oratore I. vi. 21.

4. Quintilianus. Institutio Oratoria I. i. 4, 5.

5. Ibid., I. i. 4.

36. Bl. 1.

37. Quintilianus. Institutio Oratoria I. i. 12-14.
Die Romeinse seun het die sg. "doctrina duplex" ge= volg;
Clarke, M. L. Higher Education in the Ancient World, p. 15.

38. Cicero. De Officiis I. 1;
Gwynn, A. Roman Education, p. 93;
Castle, E. B. Ancient Education, p. 119.

39. Quintilianus. Institutio Oratoria I. i. 15-19.

40. Gwynn, A. Roman Education, pp. 19-20.

41. Quintilianus. Institutio Oratoria I. i. 24-26.

42. Ibid., I. i. 27.

43. Ibid., I. i. 28, 29.

44. Ibid., I. i. 30.

45. Ibid., I. i. 35.

46. Ibid., I. i. 35-36.

47. Plutarchus. Moralia. "Quomodo adulescens poetas audire debeat". 14F.
Bl. 94.
Westaway, K. M. The Educational Theory of Plutarch, pp. 95, 96, 103.

48. Quintilianus. Institutio Oratoria I. i. 36.

49. Ibid., I. i. 37.

50. Ibid., I. i. 20.

51. Ibid.

52. Gwynn, A. Roman Education, p. 189;
Castle, E. B. Ancient Education, p. 137.

53. Quintilianus. Institutio Oratoria I. i. 25;
Ibid., I. i. 34.

4. Seneca. De Beneficiis III. xxxiv. 1.

5. Cicero. De Oratore I. xlii. 187;
Lees ook Ibid., III. 48. Hier vind ons die bewys dat leerlinge grammatikareëls vir korrekte Latyn op skool geleer het. Dionysius Thrax het volgens M. L. Clarke in sy "Higher Education in the Ancient World", p. 21 prosaskrywers sowel as digters in die grammatikastu= die ingesluit, maar ander antieke bronne beperk dit slegs tot poësie o.a. Cicero. De Oratore I. 187 en Quintilianus. Institutio Oratoria I. iv. 2.

6. Cicero. De Partitione Oratoria. 1-2; Cicero waarsku teen die verwaarlosing van die Latynse oefeninge in die "De Officiis I. 1;
Gwynn, A. Roman Education, p. 93;
Castle, E. B. Ancient Education, p. 119.

7. Cicero. De Oratore I. 13-15;
Ibid., III. 95;
Id. Orator. 22-23.

8. Atkinson, K. M. T. The Education of the Lawyer in Ancient Rome. <u>The S. A. Law Journal.</u> Vol. LXXXVII. Deel I. Feb. 1970, p. 35.

9. Cicero. De Oratore I. xlii. 187.

0. Quintilianus. Institutio Oratoria II. i. 3-6.

1. Cicero. De Oratore I. lvii. 244;
Ibid., I. xxxv. 163;
Ibid., II. xxiv. 100.

2. Ibid., III. 74;
Ibid., I. 49.

3. Ibid.

4. Morford, M. P. O. The Training of Three Roman Emperors. <u>Phoenix.</u> Vol. 22. 1968, pp. 57-72.

5. Seneca. Epistulae Morales. LXXXVIII.

66. Ibid., LXXXVIII. 20.
67. Morford, op. cit., pp. 57-72.
68. Suetonius. Nero. 52.
69. Tacitus. Annales. 13. 2.
70. Morford, op. cit., pp. 57-72
71. Seneca. Epistulae Morales LXXXVIII. 21-23: "quibus curae virtus est".
72. Ibid., p. 348.
73. Seneca. De Brevitate Vitae XIV. 5.
74. Id. Epistulae Morales LXXXVIII. 5.
75. Id. De Beneficiis III. xxxi. 5.
76. Ibid., xxxiv. 1.
77. Plutarchus. Moralia. "Quomodo adulescens poetas audire debeat". 14F, 15C.
    Westaway, K. M. The Educational Theory of Plutarch, pp. 95, 96, 103.
78. Berry, E.G. The "De Liberis Educandis" of Pseudo-Plutarch. Harvard Studies in Classical Philology. Vol. LXIII. 1958, pp. 387-399.
79. Plutarchus. Moralia. 16A.
80. Ibid., 18A.
81. Petronius. Satyricon. 1, 2, 4.
82. Tacitus. Dialogus de Oratoribus. 12. 2.
83. Plinius. Panegyricus. 47. 1.
84. Tacitus. Dialogus de Oratoribus. 31. 7, 8.
85. Plinius. Epistulae VII. ix. 3.
86. Ibid., VII. ix. 9.
87. Ibid., VII. ix. 15, 16.

88. Plinius. Epistulae IV. xvi. 1-3;
Ibid., III. iii. 3.

89. Quintilianus. Institutio Oratoria I. iv. 2.

90. Ibid., I. iv. 5, 6.

91. Ibid., I. iv. 6;
Ibid., I. vii. 35.

92. Ibid., I. viii. 5, 6.

93. Ibid., I. viii. 7, 8.

94. Ibid., I. viii. 10.

95. Ibid., I. viii. 13-17.

96. Cicero. De Oratore II. 36.

97. Id. Orator. xxxiv. 120.

98. Id. De Oratore II. 62-64;
Id. Orator. 120.

99. Castle, E. B. Ancient Education, p. 11.

100. Plutarchus. Moralia. "Quomodo adulescens poetas audire debeat" 24E, F; 26A, B.
Westaway, K. M. The Educational Theory of Plutarch, pp. 105, 110.

101. Tacitus. Dialogus de Oratoribus. 15. 1.

102. Ibid., 30. 1.

103. Plinius. Epistulae V. viii. 4.

104. Quintilianus. Institutio Oratoria I. viii. 18-21.

105. Cicero. De Oratore I. xlii. 187.

106. Ibid., I. xxxiv. 154.

107. Quintilianus. Institutio Oratoria I. ix. 1, 2.

108. Ibid., I. ix. 2.

109. Cicero. De Oratore I. xlii. 187;
Ibid., I. lvii;
Ibid., II. xxiv. 100

110. Quintilianus. Institutio Oratoria I. ix. 3.

111. Cicero. De Oratore I. xxxiii. 152.

112. Quintilianus. Institutio Oratoria I. ix. 4, 5.

113. Ibid., I. ix. 3.

114. Ibid., I. ix. 6.

115. Clarke, M. L. Higher Education in the Ancient World, p. 52.
Gwynn, A. Roman Education, p. 90.

116. Plutarchus. Moralia. "De Musica". 1131B, 1142D.
Westaway, K. M. The Educational Theory of Plutarch, pp. 126, 129, 130.

117. Tacitus. Dialogus de Oratoribus. 31. 7, 8.

118. Quintilianus. Institutio Oratoria I. x. 9, 10.

119. Ibid., I. x. 31.

120. Cicero. De Republica I. xviii. 30;
Quintilianus. Institutio Oratoria I. x. 34.

121. Cicero. De Republica I. xviii. 30.

122. Plutarchus. Moralia. 1093E-F, 920F, 931F.
Westaway, K. M. The Educational Theory of Plutarch, p. 137.

123. Tacitus. Dialogus de Oratoribus. 31. 7, 8.

124. Quintilianus. Institutio Oratoria I. x. 34-37.

125. Ibid., I. x. 37.

126. Cicero. De Republica I. xviii. 30;
Seneca. Epistulae Morales LXXXVIII. 10.

127. Quintilianus. Institutio Oratoria I. x. 46.

128. Plutarchus. Moralia. 1093E-F, 920F, 931F. Westaway, K. M. The Educational Theory of Plutarch, p. 137.

129. Quintilianus. Institutio Oratoria I. x. 46.

130. Ibid., I. xi. 15-19.

131. Ibid. I. xiii. 1-8.

132. Ibid., II. iv. 1.

133. Ibid., II. iv. 2.

134. Ibid.

135. Ibid.

136. Ibid., II. iv. 15.

137. Ibid., II. iv. 18, 19.

138. Ibid., II. iv. 20-21.

139. Ibid., II. iv. 22.

140. Ibid., II. iv. 24.

141. Ibid., II. iv. 33.

142. Ibid., II. v. 1, 2.

143. Ibid., II. v. 19, 20.

144. Ibid., II. v. 22-26.

145. Cicero. De Oratore I. xxxiii. 152.

146. Tacitus. Dialogus de Oratoribus. 14. 3.

147. Quintilianus. Institutio Oratoria II. x. 1, 2.

148. Ibid., II. x. 1-4.

149. Ibid., II. x. 12.

150. Gwynn, A. Roman Education, p. 206.

151. Quintilianus. Institutio Oratoria II. xi. 1.

152. Ibid., II. x. 1-4.

153. Ibid., II. xiv. 5.

154. Ibid., III. iii. 1.

155. Ibid., III. iii. 14;
Ibid., III. iv. 14.

156. Gwynn, A. Roman Education, p. 219.

157. Ibid.

158. Ibid., p. 220.

159. Quintilianus. Institutio Oratoria. X. i. 46.

160. Ibid., X. i. 52.

161. Ibid., X. i. 54-64.

162. Ibid., X. i. 65-72.

163. Ibid., X. i. 73-75.

164. Ibid., X. i. 76-80.

165. Ibid., X. i. 81-84.

166. Ibid., X. i. 85-100.

167. Ibid., X. i. 101.

168. Ibid., X. i. 105-122.

169. Ibid., X. i. 123-131.

170. Ibid., X. ii. 1.

171. Cicero. Orator. iv. 14.

172. Id. Brutus. xxxi. 120.

173. Id. De Oratore I. xv. 68.

174. Seneca. Epistulae Morales LXXXVIII. 24, 28.

175. Ibid., XV. 1.

176. Ibid., XIV. 11.

177. Ibid., XX. 2.

178. Plutarchus. Moralia. "De Liberis Educandis.
7C, D.

179. Plutarchus. Moralia. "Quomodo adulescens poetas audire debeat. 16A.
Berry, E.G. The "De Liberis Educandis" of Pseudo-Plutarch, pp. 387-399.

180. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. ii. 5;
Cicero. De Oratore I. xv. 68;
Id. Orator IV. 14.
Id. Brutus. xxxi. 120.

181. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. ii. 5.

182. Ibid., 6.

183. Seneca. Epistulae Morales IV. 11.

184. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. ii. 10.

185. Ibid., XII. ii. 11-23.

186. Ibid., XII. ii. 20.

187. Cicero. De Oratore I. xliii. 193;
Ibid., I. v. 18.

188. Id. De Legibus I. iv. 13.

189. Id. De Oratore I. xliv. 195-197.

190. Ibid., I. xxxvi. 166-167.

191. Id. Orator. xxxiv. 120;
Id. De Oratore I. xxxiv. 150;
Marrou, H.I. History of Education in Antiquity, p. 288.
Retoriekonderrig het op die regspraktyk uitgeloop. Cicero het aanvanklik tevergeefs gepleit vir erken= ning van die regsberoep.

192. Cicero. De Oratore I. v. 18.

193. Ibid., I. xli. 186.

194. Petronius. Satyricon. 46.

195. Ibid., 88;
Persius. Saturae VI. 75.

196. Tacitus. Dialogus de Oratoribus. 31. 7, 8.

197. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. iii. 1.

198. Ibid.

199. Ibid., XII. iii. 2.

200. Ibid., 3, 4.

201. Ibid., 8.

202. Ibid., 10.

203. Ibid., XII. iv. 1, 2.

204. Ibid., XII. iv. 2.

205. Ibid.

206. Tacitus. Dialogus de Oratoribus. 28;
Gwynn, A. Roman Education, p. 12;
Castle, E. B. Ancient Education, pp. 111, 114
Wilkins, A. S. Roman Education, p. 2.

207. Ibid.

208. Viljoen, G. van N. Cicero Student, p. 5.

209. Marrou, H. I. A History of Education in Antiquity, p. 265;
Castle, E. B. Ancient Education, p. 125.

210. Viljoen, G. van N. Cicero Student, p. 6.

211. Castle, E. B. Ancient Education, pp. 125, 129.

212. Marrou, H. I. A History of Education in Antiquity, pp. 249-250;
Cicero. De Republica II. xix. 34;
Ibid., xxi. 37.

213. Marrou, H. I. A History of Education in Antiquity, p. 299;
Castle, E. B. Ancient Education, p. 125.

214. Cicero. De Republica. iv. 3.

215. Wilkins, A. S. Roman Education, p. 55.

216. Cicero. De Oratore II. xix. 85.

217. Cicero. Orator i. 4.

218. Id. De Republica II. xix. 34;
Ibid., II. xxi. 37.

219. Id. Tusculanae Disputationes II. 27.

220. Id. De Oratore I. iv. 14;
Ibid., II. v. 20.

221. Plutarchus. Moralia. "De Liberis Educandis. 8E.

222. Petronius. Satyricon. 5.

223. Plinius. Epistulae III. iii. 3.

224. Ibid., III. iii. 6, 7.

225. Quintilianus. Institutio Oratoria I. i. 1, 6.

226. Ibid., I. i. 4, 5.

227. Ibid., I. i. 15.

228. Seneca. De Beneficiis III. xxxi. 5.

229. Plinius. Epistulae III. iii. 3.

230. Quintilianus. Institutio Oratoria I. i. 25;
Ibid., i. 34.

231. Quintilianus. Institutio Oratoria I. i. 15, 16.
Gwynn, A. Roman Education, p. 189;
Castle, E. B. Ancient Education, p. 137.

232. Quintilianus. Institutio Oratoria I. iv. 1.

233. Ibid., I. ii. 1;
Castle, E. B. Ancient Education, p. 125.

234. Quintilianus. Institutio Oratoria I. ii. 1;
Ibid., I. ii. 4, 9-15.

235. Ibid., I. ii. 1-3.

236. Ibid., II. i. 4.

237. Ibid., II. i. 7, 8.

238. Castle, E. B. Ancient Education, p. 125.

239. Quintilianus. Institutio Oratoria II. i. 13;
Ibid., II. ii. 1.

240. Ibid., II. i. 13.

241. Ibid.

242. Ibid., II. ii. 14.

243. Ibid., 14, 15.

244. Ibid., XII. vi. 1;
Ibid., XII. x. 1;
Ibid., XII. vii. 1;
Ibid., XII. xi. 1.

245. Cicero. De Republica. i. 36;
Id. De Oratore. iii. 74-75
Bl. 114.

246. Quintilianus. Institutio Oratoria I. ii. 1;
Plinius. Epistulae III. iii. 3, 6, 7;
Petronius. Satyricon 5.

247. Seneca. Epistulae Morales. Epistula XCV. 13.

248. Id. Dialogi. De Brevitate Vitae XIII. 3.

249. Plutarchus. Moralia. 9A.

250. Petronius. Satyricon. 1.

251. Id. Satyricon. 2.

252. Id. Satyricon. 1.

253. Plinius. Epistulae I. v. 11.

254. Ibid., I. xvi. 3, 4.

255. Ibid., II. iii. 6.

256. Pretorius, C. J. L. 'n Kritiese Bespreking van Tacitus se Dialogus de Oratoribus. p. 67.

257. Plinius. Epistulae II. iii;
Ibid., II. xix.

258. Ibid., IV. xvi. 1-3.

259. Ibid., V. xvii. 9.

260. Ibid., VI. ii. 5.

261. Ibid. VI. xxi. 1.

262. Tacitus. Dialogus de Oratoribus. 14-27.

263. Atkins, J. W. H. Literary Criticism in Antiquity. Vol. II. p. 187.

264. Tacitus. Dialogus. 28-35.

265. Ibid., 29-31.

266. Cicero. Brutus. 305.

267. Tacitus. Dialogus. 36. 1-7.

268. Ibid., 28. 1, 2.

269. Clarke, M. L. Rhetoric at Rome, p. 121.

270. Quintilianus. Institutio Oratoria I. prooem. 4;
Ibid., I. prooem. 5.

271. Ibid., XII. vi. 7.

272. Tacitus. Dialogus. 26. 1;
Quintilianus. Institutio Oratoria VIII. v. 33-34.

273. Ibid., XII. iv. 1.

274. Ibid., IV. ii. 122.

275. Ibid., VIII. v. 32.

276. Ibid., I. prooem. 24;
Ibid., II. xv. 37;
Ibid., III. xi. 21;
Ibid., V. xiv. 27, 31;
Ibid., VIII. v. 33-34.

277. Ibid., VIII. v. 34.

278. Ibid.

279. Gudeman. Tacitus. Dialogus Prol. LXXXVIII.
D'Alton, J. F. Roman Literary Theory and Criti=cism, p. 344;

280. Winterbottom, M. Quintilian and the "Vir Bonus". Journal of Roman Studies, pp. 90-97.

281. Ibid.

282. Pretorius, C. J. L. 'n Kritiese Bespreking van Tacitus se Dialogus de Oratoribus, p. 108.

283. Ibid., p. 109.

284. Quintilianus. Institutio Oratoria II. i. 1.

285. Ibid., II. i. 1-3;
Ibid., XII. vi. 14.

286. Ibid., VIII. vi. 1;
Ibid., I. prooem. 24.

287. Grant, M. The World of Rome, p. 70.

288. Clarke, M. L. Rhetoric at Rome, p. 158.

289. Quintilianus. Institutio Oratoria VIII. iii. 23.

290. Clarke, M. L. Rhetoric at Rome, p. 160.

291. Jansen, H. H. Latijnse Letterkunde, p. 223.

292. Quintilianus. Institutio Oratoria II. xvi. 12-19;
Ibid., XII. xi. 30.

293. Ibid., V. xii. 17.

294. Tacitus. Dialogus. 35.

295. Quintilianus. Institutio Oratoria II. x. 3, 4.

296. Ibid., II. v. xxii.

297. Ibid., IV. prooem. 1, 2;
Ibid., I. iv. 5;
Ibid., I. i. 22.

298. Ibid., I. x. 2.

299. Ibid., XII. i. 2-11.

300. Seneca. Controversiae III. Praef.

301. Marrou, H. I. A History of Education in Antiquity, p. 288.

302. Quintilianus. Institutio Oratoria X. ii. 12.

303. Tacitus. Dialogus. 35. 17-21.

304. Bonner, S. F. Roman Declamation, p. 43.

305. Quintilianus. Institutio Oratoria II. iv. 26-32.

306. Atkins, J. W. H. Literary Criticism in Antiquity, pp. 261, 297.

307. Clarke, M. L. Rhetoric at Rome, p. 116.

308. Quintilianus. Institutio Oratoria II. xi. 1-7.

309. Ibid., XII. xi. 31.

310. Cicero. De Oratore I. 20, 48-73.

311. Marrou, H. I. A History of Education in Antiquity, p. 285.

312. Quintilianus. Institutio Oratoria II. xi. 1-7;
Marrou, H. I. A History of Education in Antiquity, p. 258.

313. Friedländer, L. Roman Life and Manners under the Early Empire. Vol. III. p. 5.

314. Quintilianus. Institutio Oratoria I. xii. 14.

315 Ibid., I. x. 1.

316. Ibid., X. i. 9, 33;
Ibid., X. i. 34-49.

317. Ibid., I. xii. 14.

318. Ibid., XII. iii. 1;
Ibid., XII. iv. 1.

319. Ibid., I. prooem. 15, 17;
Ibid., XII. iii. 12;
Ibid., XI. i. 33;
Ibid., XII. ii. 9.

320. Ibid., I. prooem. 15.

321. Ibid., XII. ii. 23-28.

322, Ibid., XII. ii. 23;
Cicero. De Oratore III. 142-143.

323. Grypdonck, F. Quintilianus: "Stoïcyn of Neosofist?" p. 495.

324. Ibid., p. 502.

325. Ibid.

326. Ibid.

327. Ibid.

328. Austin, R.G. Quintiliani Institutionis Oratoriae. Liber. XII. Inleiding, p. xvi;
Seneca. Epistulae. 108. 5.

329. Austin, R.G. op. cit., Bk. XII. Inleiding, p. xvi;
D'Alton, J.F. Roman Literary Theory and Criticism, p. 153.

330. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. ii. 6.

331. Colson, F.H. Teks en Kommentaar. (Inst. Orat.), p. xxv.

332. Ibid., p. xxiv.

333. Quintilianus. Institutio Oratoria XII. i. 38.

334. Castle, E. B. Ancient Education and Today, pp. 136, 142.

# HOOFSTUK IV

# DIE METODE VAN ONDERRIG, DIE OPVOEDER EN DIE OPVOEDELING

## A. Die Metode van Onderrig

Nabootsing van die ouer as model het 'n belangrike rol in die ou Romeinse opvoeding gespeel.[1] Die vader het sy seuns onderrig en alles is aangeleer deur oorlewering en herhaling.[2] Monroe[3] bestempel dié metode as basies soortgelyk aan dié van 'n vakleerlingstelsel. Clarke[4] sluit hom by hierdie standpunt aan wat ook in Tacitus[5] gestel word. Selfs tydens die sg. bloeitydperk was nabootsing, memorisering en gewoonte die basiese metodes van onderrig terwyl tug nog streng toegepas is en liggaamstraf die mees algemeen voorkomende tugvorm was.[6] Op laerskool het die leerlinge op skryftablette geskryf en die name van die letters van die alfabet alfabeties uit die hoof geleer, bloot as name. Kinders het leer lees[7] en skryf[8] terwyl die onder=wyser voorlees en leiding gee. Skryfonderrig het deur kopiëring en natrek met die stilus op was geskied.[9] Aan die middelbare skool was die metode oorwegend drilwerk in

die goeie literêre en sedelike gewoontes en daar was ook omvangryke driloefeninge in spraak, sinsbou, verbuiging en ander taalkundige verskynsels.[10]

## 1. Imitatio

Cicero stel dit as 'n vereiste dat die model-orator met die grootste sorgvuldigheid gekies moet word sodat die aspirant-orator nie in swak styl verval nie.[11] By die keuse van 'n model kan die student nie sonder meer aan sy lot oorgelaat word nie, maar sy leermeesters moet leiding gee op so 'n wyse "ut, quae maxime excellant in eo, quem imitabitur, ea diligentissime persequatur."[12] Die student moet dus na sy mening alleenlik die beste hoedanighede in sy model nastreef, selektief in sy nabootsing wees en goeie oordeel aan die dag lê. Hierdie metode het sy oorsprong in die ou Romeinse opvoeding.[13] Die opleidingsmetode wat Cicero in sy "De Oratore" voorskryf, is didakties van aard aangesien ander oratore se terugslae moes dien as waarsku=wing en as rigsnoer vir die studente.

Selfs nog in die eerste eeu n. C. was nabootsing van die een of ander model 'n beproefde en aanvaarbare metode. Seneca stel dit só in sy "De Ira": "Proximis adplicatur omne quod tenerum est et in eorum similitudinem crescit."[15] In die toepassing van "imitatio" word die stempel van 'n leermeester of onderwyser se karakter onmiskenbaar op die

jong student se persoonlikheid afgedruk: "nutricum et paedagogorum rettulere mox adulescentium mores",[16] sê Seneca. Hy maan egter enersyds tot "minis fastidiosa electio"[17] wanneer 'n keuse van 'n model gedoen moet word. Andersyds moet versigtigheid aan die dag gelê word by die keuse van 'n model. "Eum elige adiutorem, quem magis admireris, cum videris quam cum audieris",[18] meen Seneca. Die keuse moet op manne val wie se dade eerder as woorde nagevolg kan word.[19] Verder vereis Seneca "exempla nobilia" om as inspirasie te dien.[20] Petronius sê ywerige studente moet aandagtig luister na toesprake en dit dan probeer nadoen.[21] Plutarchus meen dat die vader altyd 'n goeie voorbeeld aan sy seun moet stel.[22] Tacitus lewer ook bewys van die "imitatio"-metode wanneer hy in die "Dialogus" verwys na die reprodusering van vooraanstaande figure se wyshede en taalgebruik.[23] Deur oorlewering kan epigramme, uitdrukkings en styl nageboots word, sê hy.[24] Hy wys ook op die gevare verbonde aan nabootsing.[25] Dit is duidelik dat Tacitus veel waarde geheg het aan die "imitatio".[26] Plinius stem saam met Tacitus dat woordeskat, uitdrukkings en styl nageboots moet word, maar op voorwaarde dat slegs die beste orators uitgekies word.[27] Ook die antieke Romeinse opvoeding het van dié metode gebruik gemaak, sê Plinius "quod fidissimum percipiendi genus".[28] Die prosa, volgens hom, bied 'n uitstekende voorbeeld aan die aspirant-orator,[29] terwyl die poësie as opleidingsmedium vir die orator gebruik kan word.[30]

Quintilianus laat tydens die voorskoolse onderrig die klem op nabootsing val, soos trouens die geval is by sy voorgangers en tydgenote. Die kind se oppasster stel die voorbeeld t.o.v. taal en sedes en die kind volg haar na: "Has primum audiet puer, harum verba effingere imitando conabitur."[31] Quintilianus stel hoë eise aan die kind se ouers, maats en "paedagogi" wat voorbeeldige mense moes wees.[32] Wanneer Quintilianus die hoër onderwys van die retor behandel, verklaar hy dat dit ten spyte van talle voor=beelde uit ander skrywers, tog nog die stem, aanbieding en die leerstof van die retor is wat deur sy studente as voor=beeld gebruik word. Hy vereis egter oordeelkundige nabootsing t.o.v. woordeskat, styl en die skrywer of orator. Gevolglik gee hy gehoor aan die eise van die ou Romeinse opvoeding maar ook aan dié van kontemporêre onderwys. Getrou aan die Romeinse tradisie stel Quintilianus voor dat die jong orator vir hom 'n bekende orator as voorbeeld moet neem en navolg.[33]

2. Interrogatio

Quintilianus se voorganger, Cicero, verwelkom die metode om aan studente vrae te stel om sodoende hulle kennis te verbreed en te ontwikkel.[34] Dat Quintilianus hierdie metode in die eerste eeu n. C. toegepas het, blyk uit die volgende stelling wat hy maak: "et rogetur et laudetur et

numquam non fecisse se gaudeat".[35] Hy meen dat aanmoediging 'n belangrike plek in die beantwoording van vrae beklee. Dit behoort die leerproses vir die kind te veraangenaam op voorskoolse en laerskoolstadium. Quintilianus dra die "interrogatio" ook die hoër onderwys in. Die retor, sê hy, moet bereid wees om vrae, deur studente aan hom gestel, te beantwoord. Op sy beurt kan hy die passiewe studente by die les betrek deur vrae aan hulle te stel. Sodoende word die studente tot selfontdekkin gelei.[36]

3. Contentio

Seneca glo dat wedywering die kind leer om sy mede=leerling te probeer uitstof sonder om lg. se gevoelens seer te maak.[37] Quintilianus brei uit op Seneca se standpunt en is daarvan oortuig dat onderlinge wedywering en die ontwik=keling van die voorskoolse en laerskoolkind se selfvertroue aandag behoort te geniet. Die prestasievermoë van die kind kan verbeter word deur belonings of pryse, wat volgens sy ouderdomspeil bepaal word.[38] Die probleemkind kan tydelik geïgnoreer word en die aandag op 'n ander leerling toegespits word. Sodoende word eersgenoemde afgunstig en kan so 'n optrede hom moontlik leergierig maak.[39] Hy word dus as't ware verplig om te wedywer om die onderwy=ser se aandag. Die leerlinge sal dit as 'n skande beskou om deur maats van dieselfde ouderdom in die skadu gestel te

word, meen Quintilianus, en as 'n eer om hulle senior klasmaats uit te stof.[40] Onder sulke aansporing word ambisie gebore.[41] Hy wys ook op die voordele wat 'n maandelikse klaskompetisie inhou waartydens die wenner gewoonlik as klasleier aangewys is.[42]

4. Die Alfabet

Quintilianus verwerp die algemeen aanvaarde metode van sy tyd om die letters van die alfabet by die kind tuis te bring deur eers die name en volgorde van die letters te laat memoriseer en dan die vorm. Quintilianus is op soek na 'n beter metode en op grond van sy rype ervaring beveel hy die volgende doeltreffender metode aan, nl. eers die vorm leer ken en dan die name m. a. w. die visuele beeld gevolg deur die klank.[43] 'n Ander metode om die alfabet aan te leer, nl. die spel met ivoorletters, dra sy goedkeuring weg. Hierdie metode, glo hy, verskaf nie alleen die vereiste kennis nie, maar ook genot.[44] Sodra die leerling in staat is om die verskillende letters uit te ken, word dit op 'n eenvoudige bord of tablet uitgekerf en die kind volg die diep uitgesnyde lyne met sy stilus. Foute wat normaalweg in die gebruik van wastablette voorkom, word op hierdie wyse uit=geskakel en so word spoed en bestendigheid in die skryfpro=gram verseker.[45]

## 5. Memoria

"Tenenda praeterea est omnis antiquitas, exemplorumque vis".[46] Nie alleen gebeure uit die verlede nie, sê Cicero, maar ook 'n magdom reëls moet in die ge= heue bewaar word. "Quid dicam de thesauro rerum omnium memoria?"[47] vra Cicero. Hy waarsku dat al die idees en uitdrukkings wat in die verlede sorgvuldig uitgedink is, sal vervaag as die geheue nie sy regmatige plek in die opvoeding behou nie. Die geheue moet ontwikkel word deur soveel uittreksels as moontlik uit die Latynse en ander outeurs te memoriseer.[48] Cicero beskryf die metode wat hy self toegepas het in sy opleiding as orator: dit was sy gewoonte om 'n stuk moeilike poësie te neem of om soveel as moontlik van 'n toespraak te lees, te memoriseer en dan i sy eie woorde 'n toespraak oor die inhoud daarvan te hou.[49]

Die vername rol wat die "memoria" in die tyd van Quintilianus in die opvoeding gespeel het, word deur sy tyd= genoot Tacitus in die "Dialogus" behandel.[50] Jong studente het na openbare sprekers gaan luister nie alleen om hulle te hoor optree nie, "sed etiam referre domum aliquid inlustre et dignum memoria volunt; traduntque in vicem".[51] Die stilswye op die skriftelike gebied van die opvoeding was heelwaarskynlik die direkte gevolg van hierdie eeue-oue mondelinge oorlewering en die "memoria" se funksie in die volksopvoeding. Quintilianus se leerling Plinius verwys

ook in sy "Epistulae"[52] na die "memoria" as metode van onderrig.

Quintilianus bepaal hom meer spesifiek by die beson= dere opvoedkundige aspekte van die "memoria". Letter= grepe moet gememoriseer word want daar is geen makliker metode nie. Die kontemporêre tendens om die moeilikste lettergrepe eers op die agtergrond te skuif, het swak spelling tot gevolg.[53] Gevolglik verwerp Quintilianus hierdie metode en doen aan die hand dat die moeilikste lettergrepe gememoriseer word sodat swak spelling in die voorskoolse en laerskoolstadium voorkom kan word.[54] Alhoewel hy die populêre metode van sy tyd, waarvolgens studente in die hoër onderwys hulle eie opstelle uitgewerk en gememoriseer het nie heeltemal verdoem nie, verkies hy tog die memorisering van orators of geskiedskrywers se werke. Quintilianus voer aan dat studente se eie woorde makliker gememoriseer kan word as skrywers s'n en daarby is die oefening wat daaruit verkry kan word onvoldoende en gebrekkig.[55] Quintilianus en Cicero[56] propageer die gebruik van assosiasie in die memoriseringsproses. Die feite kan aan een of ander voorwerp of simbool gekoppel word sodat die orator dit makliker onthou bv. 'n anker wat seevaart voorstel en 'n wapen oorlog.[57] Quintilianus is gedurig op soek na doeltreffender en beter maniere om te memoriseer.[58] Hy gee voorkeur aan die hardop memori= seer van feite want die stem hou die student wakker.[59]

Met tussenposes moet die student sy geheue toets om vas te stel of hy wel die feite onthou.[60]

6. Repetitio

Quintilianus is van mening dat die onderwyser nie slegs op die leerling se geheue moet staatmaak nie, maar met herhaling en drilwerk behaal hy goeie en selfs beter resultate as memorisering.[61] Ter bevordering van die uitspraak en artikulasie kan moeilike woorde en uitdrukkings, of die sg. tongknopers deur die voorskoolse en laerskoolse leerling, in die vorm van drilwerk, afgerits word.[62] Ook in die hoër onderwys kan "repetitio" met vrug gebruik word, want herhaling, sê Quintilianus, ontwikkel die student se redenaarsvermoë. In die beginstadium kan die kind die "narratio" herhaal en later selfs van agter af vorentoe opsê.[63]

7. Lectio

Quintilianus bespreek die leesonderrig van die voor= skoolse en laerskoolkind breedvoerig en meen dat woordbou en sinsbou ná die aanleer van lettergrepe aandag behoort te geniet. Die kind moet egter nie toegelaat word om te gou te leer lees nie, want dit veroorsaak twyfel, onderbreking in die leestempo, herhaling en 'n gebrek aan selfvertroue.

Die basis in die leesonderrig moet stewig gelê word en die vereiste oefening moet foutlose lees en spoed ten doel hê.[64] Riglyne word ook deur Quintilianus vir die toekomstige "grammaticus" in die agste boek van die "Institutio" t.o.v. leesonderrig aangedui. Wenke word gegee vir asemhaling, pousering, frasering, stemintonasie, modulasie, tempo en stem-volume. Van die leerling word verwag dat hy met begrip moet kan lees.[65]

'n Metode wat al in die tyd van Cicero in die opleiding van die orator gebruik is, was dié van hardop lees. Volgens Cicero kon die leermeester self hardop voorlees of na studente luister wat voorlees.[66] Dié metode was egter ook in die eerste eeu n.C. nog in gebruik want Quintilianus meld dat dit 'n metode is wat groot belofte inhou veral op die gebied van die hoër onderwys. Eers vra die retor om stilte en kies dan 'n student om hardop te lees - daar moet beurtelings gelees word - sodat die ander studente ook kan baatvind by die aanhoor van die korrekte aanbieding en uit= spraak. Hierna word die saak deur die retor in 'n rede uiteengesit en verduidelik. Wanneer die student dan weer begin lees, kan belangrike punte soos die benadering, styl, helderheid, pittigheid, plan, indeling en argumente bespreek word. Die toespraak wat voorgelees word, kan ook gekri= tiseer word.[67]

Cicero was 'n voorstander van selfstudie. Die student moet selfstandig kennis versamel onder leiding van sy leer=meester. Bronne moet geraadpleeg word in die selfstandige soeke na die ware kennis.[68] As die student egter baie skry=wers lees, waarsku Seneca, lei dit net tot verwarring en onbestendigheid. Hy sou graag wou sien dat slegs 'n paar skrywers deeglik bestudeer word om sodoende inspirasie en idees te kry.[69] Petronius daarenteen pleit vir 'n omvatten=de leesprogram vir die studente want na sy mening bevorder dit woordeskat en styl.[70] Tacitus stem volmondig saam en betreur die oppervlakkige en onvoldoende leeswerk wat deur die studente onderneem word.[71] Quintilianus skaar hom by laasgenoemde twee tydgenote met sy standpunt dat die voor=nemende orator soveel as moontlik en selektief moet lees om sy kennis te vermeerder en sy vaardigheid te verbeter. Quintilianus het hier die hoër onderwys van die retor in ge=dagte.[72]

## 8. Enarratio

Die metode wat deur die Griekse en Latynse "gramma=tici" toegepas is, het nie van mekaar verskil nie want Quintilianus beweer dat: "utrique eadem via est".[73] In die "poetarum enarratio" word die poësie eers deur die onderwy=ser voorgelees en daarna ontleed. Ná die ontleding van 'n versreël word die leerling dan gevra om rededele aan te dui

en elementêre skandering toe te pas. In die bespreking word deur die "grammaticus" aandag geskenk aan woordbete= kenis, woordgebruik en styl.[74] "His accedet enarratio historiarum",[75] wat eintlik neerkom op terloopse bespreking van en verwysing na historiese gebeure en figure. Quinti= lianus het hierdie metode van verduideliking en kommentaar in die twee afdelings "methodice" (ratio loquendi) en "historice" (enarratio historiarum) toegepas.[76] Hiermee verleen Quintilianus erkenning aan die "poetarum pertracta= tio", "historiarum cognitio" en "verborum interpretatio"[77] van Cicero.

9. Conversio (Parafrase)

As jeugdige student het Cicero persoonlik die metode van parafrase in sy deklamering gebruik.[78] Quintilianus het dit in die middelbare sowel as die hoër onderwys toege= pas. Leerlinge wat nog nie verstandelik en geestelik ryp genoeg was vir die retor se onderrig nie, moes aan die "grammaticus" se skool elementêre redenaarsopleiding ontvang in die vorm van parafrase van bv. Aesopus se ver= hale. Die prosedure was soos volg: ontleding van die versreël, daarna die inhoud en betekenis in eie woorde en ten slotte 'n vryer parafrase waarin uittreksels en selfs verbetering van die oorspronklike toelaatbaar was.[79] Ook in die hoër onderwys, meen Quintilianus, kan hierdie metode

met vrug toegepas word en veral die poësie word deur hom uitgesonder as 'n belangrike bron vir die ontwikkeling van die orator se styl.[80] Hierby voeg Quintilianus nog die "sententiae", "chriae" en "ethologiae". Die metode hier het bestaan uit die skryf van eie spreuke, sede-opstelle en karaktersketse deur die studente. Die onderwyser moes ook die algemene tema skets wat uit die leeswerk na vore kom.[81]

## 10 Emendatio

Cicero verwys net terloops na die korrigering van studente terwyl hulle lees,[82] maar Quintilianus delf dieper en ontgin die metode ten volle.[83] Alle uitspraakfoute moet onmiddellik deur die onderwyser gekorrigeer word en die korrekte uitspraak gegee word.[84] Lg. metode wat in die middelbare onderwys op die proef gestel is, is ook in die hoër onderwys deur Quintilianus toegepas. As die retor sarkasties in sy korrigering van studente se werk is, word hulle werkywer en entoesiasme gedemp, sê Quintilianus. Onverbiddelikheid ontmoedig studente.[85] Korrigering deur die student self kan die vorm aanneem van toevoegings, weglating en wysigings.[86]

## 11. Demonstratio

Reeds in Cicero se leeftyd is die belangrikheid van die orator se aanbieding en die rol wat "demonstratio" daarin speel, besef.[87] Meer as 'n eeu later betreur Tacitus die swak styl en aanbieding van die orators van sy tyd.[88] Quintilianus stem saam dat die orator die "pronuntiandi scientiam" moet bemeester.[89] Hy wys ook op die gevare wat aan die nabootsing van die swakhede van ander verbonde is: "Nam frequens imitatio transit in mores".[90] Daarom beskou Quintilianus die "demonstratio" as 'n belangrike metode om foute t. o. v. die aanbieding en voordrag reg te stel.[91] Hy noem veral die stem, houding, gesigsuitdruk=king, oë en houding van die kop en nek. Toepaslike stukke vir die doel kan uit 'n komedie gekies word. Dié metode is toegepas voordat die student toesprake begin bestudeer en waardeer.[92]

## 12 Poena en Castigatio

Cicero pleit vir 'n mensliker vorm van tug: lyfstraf moet die laaste uitweg wees; die kind moenie daardeur ver=neder word nie. Wanneer die onderwyser opvlieënd of toornig is, moet hy hom van straf weerhou.[93] Seneca glo dat 'n leerling bestraf moet word as hy oortree het, maar die klem moet op remediëring wees.[94] Woede moet beteuel word in bestraffing sê hy "nam si quis poenam

exigit non ipsius poenae avidus sed quia oportet, non est adnumerandus iratus".[95] Straf kan alleen hervorm as dit oordeelkundig toegepas word.[96] Elke oortreding verg 'n ander vorm van tug[97] en elke leerling se karakter sal dus 'n ander "modus operandi" bepaal.[98] Sommige leerlinge lag as hulle gestraf word andere weer huil.[99] Oortredings mag egter nie sonder meer oor die hoof gesien word nie.[100] Slegs vir ernstige en herhaaldelike oortredings moet straf toegepas word,[101] nadat alle moontlike remediërende meto= des eers op die proef gestel is.[102] Seneca dring verder net soos Cicero ook daarop aan dat die kind aan geen verne= dering in die strafproses onderwerp moet word nie,[103] maar waarsku terselfdertyd teen permissiwiteit in die onderwys wat tot bedorwenheid kan lei.[104] Dit is noodsaaklik dat 'n kind nie net gevlei en geprys moet word nie, maar dat hy ook die waarheid hoor.[105] Volgens Seneca ken die kind geen onderskeid tussen kwaad en goed nie en daarom moet sy ouderdom in ag geneem word as hy oortree.[106] Vrees kan ook as afskrikmiddel gebruik word.[107] Seneca besluit ten slotte dat dissipline absoluut noodsaaklik is: "quia utile est iuventuti regi".[108] Plutarchus veroordeel liggaamstraf as 'n tugvorm in die opvoeding,[109] en pleit vir 'n matige toe= passing van straf as hy beweer dat woede in die onderwys vermy moet word.[110] Tacitus verwys na die streng dissipline van die ou Romeinse opvoeding[111] en spreek sy teleurstelling uit oor die laksheid en permissiwiteit in die

kontemporêre onderwys.[112] Die gebrek aan behoorlike dissipline is vir Tacitus 'n bron van kommer.[113] Plinius is, onder invloed van sy voorgangers, gekant teen enige onregverdige straf en 'n te strenge optrede. Die opvoeder moet altyd in gedagte hou dat hy ook eenmaal jonk was. Hy onderskryf 'n mensliker toepassing van die tug[114] en beskou vrees as die beste remediërende strafmetode in die opvoe= ding.[115]

Quintilianus verklaar egter nadruklik: "Caedi vero discentes, quamlibet et receptum sit et Chrysippus non improbet, minime velim".[116] Ten spyte van die feit dat lyfstraf die algemeen aanvaarde strafmetode van sy tyd was, keur hy dit ten sterkste af en motiveer sy standpunt.[117] Eerstens, sê hy, is dit 'n skandelike vorm van straf wat slegs vir slawe geskik is.[118] Wanneer liggaamstraf op senior leerlinge toegepas word, is dit syns insiens 'n bele= diging vir die kind.[119] Tweedens, as 'n leerling onverskil= lig teenoor onderrig en berisping staan, sal hy net nog meer hardkoppig en gevoelloos vir slae word.[120] Derdens, beweer Quintilianus, sal lyfstraf nie nodig wees as die onderwyser streng dissipline handhaaf nie.[121] Verder dui hy die gevare van liggaamstraf aan: 'n kind mag teruggetrok= ke en ongelukkig word.[122] Quintilianus sidder by die gedagte aan die skade wat onbekwame opvoeders, wat lyfstraf misbruik, in die onderwys kan berokken.[123] In die hoër

onderwys waar lyfstraf uiteraard nie so dikwels toegepas word nie, kan dit deur waarskuwing en vermaning uitgeska= kel word.[124]

13. Laudatio en Cohortatio

Cicero glo dat jong redenaars aangemoedig moet word om die hoogste sport te bereik. As dit egter later blyk dat 'n student 'n gemiddelde orator is, kan die keuse aan hom gestel word om self te besluit oor sy toekoms, of as hy tota ongeskik is vir die redenaarsberoep, doen Cicero aan die hand dat hy van beroep verander.[125] Seneca sê in sy "De Ira" dat leerlinge soms teruggehou moet word en soms aan= gemoedig moet word.[126] Vleitaal moet liewer nie teenoor kinders gebruik word nie[127] en goeie gedrag moet geloof word.[128] Slegs deur vermaning en aanmoediging kan die beste prestasie uit die leerling na vore gebring word.[129] Vermaning word deur Seneca as 'n vorm van aanmoediging beskou: "Admonere genus adhortandi est".[130] Plutarchus huldig die standpunt dat vermaning en berisping plaasver= vangers moet wees vir liggaamstraf.[131]

Dit is duidelik dat Quintilianus uit sielkundige oorwe= ging die "laudatio" in sy onderwys goedkeur. Alles word om die kind gesentreer: "Mihi ille detur puer, quem laus excitet, quem gloria iuvet, qui victus fleat".[132] Aanmoe=

diging en sukses verskaf die stimulus aan die kind om beter te presteer. Berisping sal so 'n leerling krenk, eer daarenteen sal die nodige inspirasie verleen.[133] 'n Onder= wyser moet lof oordeelkundig uitdeel want kwaadwilligheid maak die leerling onwillig om te werk terwyl 'n oormaat loftuitinge 'n valse selftevredenheid by die leerling kan laat posvat.[134] As die leerlinge nog baie jonk en ontvanklik is, sê Quintilianus, moet die onderwyser so vriendelik en tegemoetkomend as moontlik in sy optrede wees.[135] Hy onderskryf dus die kontemporêre denke t.o.v. aanmoediging in die opvoeding.

## 14. Dictare, Klasbespreking en Denkbeeldige Hofredes

Diktering word nie deur Quintilianus se tydgenote gemeld nie, maar hy beskou dit as 'n baie nuttige en prak= tiese metode. Dan en wan kan die onderwyser, in hierdie geval die retor, volledige temas (totas materias) vir nabootsing deur die studente dikteer.[136] As die student baie swak is in sy opstel moet die onderwyser aan hom 'n nuwe uiteensetting van die tema daarvan gee en opdrag gee dat dit oorgeskryf moet word.[137] Nalatigheid en onver= skilligheid kan aan bande gelê word deur 'n nuwe siening van dieselfde tema te gee en die student te laat besef dat hy tot beter werk in staat is.[138] Klasbespreking word al deur Cicero aanbeveel.[139] Quintilianus laat Cicero se invloed

deurskemer in sy vermelding van die bespreking van ver= skeie verhale en legendes asook historiese gebeure wat vir geloofwaardigheid deur onderwyser en studente getoets en geverifieer kan word.[140] Onder invloed van Cicero aan= vaar Quintilianus ook die denkbeeldige hofredes as 'n op= leidingsmetode.[141]

## 15. Experimenta

Die waarde van 'n praktiese opleiding vir beginners wat op die werklike hofsituasie moes uitloop, is reeds deur Cicero besef.[142] Scaevola het eerder die rol van praktisy as dié van dosent vervul.[143] Gedurende die jare 91-88 v. ( het die jong Cicero na die enigste aktiewe hof gegaan om ondervinding en kennis op te doen.[144] Byna daagliks het hy na openbare sprekers gaan luister.[145] Cicero wou hom nie uitsluitlik met retoriekoefeninge besig hou nie.[146] 'n Direkte metode van onderrig is toegepas wanneer Quintus Scaevola sy kliënte van regsadvies bedien het en leergierige studente (hoewel hy geen studente wou aanneem nie) dan na die werklike situasie kon sit en luister het.[147] Hoewel die forum die leerskool vir menige jong redenaar en advokaat was, verklaar Cicero dat dit nog altyd sy begeerte was om "doctus" na die forum te kom.[148] Die druk program van die orators (tuis, die voorbereiding van 'n saak, en die hantering en aanhoor van sake in die hof) het geen tyd gelaat

vir werklike opleiding nie. Trouens Cicero beskuldig die Romeinse orator van 'n gebrekkige opleiding.[149] Meer as 'n honderd jaar later wys Tacitus op die moontlikhede van praktiese opleiding[150] en neem Persius en hy die standpunt in dat die teorie en praktyk hand aan hand mekaar moet aanvul.[151] Hy kontrasteer die huidige metode van sy tyd met dié van die ou Romeinse opvoeding en kom dan tot die gevolgtrekking dat die antieke praktiese metode van die forum verkiesliker en doeltreffender is as die verwaterde metodes van die sg. "scholae istorum qui rhetores vocantur".[152] Tacitus verberg nie sy teleurstelling in die agteruitgang van die opvoeding nie.[153] Volgens Seneca boesem die werklikheid groter vertroue in want sien, is glo. Verder, meen hy, is die werklike voorbeeld baie doeltref= fender as die abstrakte teorie.[154]

Quintilianus beaam wat sy voorgangers en tydgenote van die praktiese opleiding gesê het: "Nam in omnibus fere minus valent praecepta quam experimenta".[155] Hy kies dus die praktiese metode as hy voor die keuse tussen praktyk en teorie gestel word, maar gee geredelik toe dat dié metode nie altyd toegepas word nie.[156] Die Achilles-hiel van die opvoeding is syns insiens die kontemporêre opvatting dat dit beter is om stil te staan by bekende verworwe kennis as om die nuwe en onbekende feite aan te durf.[157] Quintilianus beskuldig die opvoeding daarvan dat te veel tyd

onnodiglik aan deklamering in die skole bestee word terwyl dit moontlik is om binne 'n redelike tydperk kennis op te doen van die praktyk en die teorie.[158] Met hierdie stand=punt wil hy dus geensins die "dicendi exercitatio" verwerp nie, maar pleit hy vir vernuwing in die opleiding.[159] As enkeling teenoor die oorweldigende meerderheid wat tevrede is om die stereotiepe metode jaar in en jaar uit toe te pas, bring Quintilianus iets nuuts en stel hy sy standpunt "candide".[160] Teoretiese kennis is noodsaaklik, maar die praktyk ewe-eens. Dit blyk uit die gebruik van studente om, terwyl hulle met die teoretiese opleiding aan die skole besig was, ook in die howe op te tree[161] - 'n opleidingsmetode wat sterk ooreenkoms toon met die moderne proefonderwys-stelsel. Praktiese metodes, volgens Quintilianus, vorm en ontwikkel die vermoëns van die studente.[162]

## 16. Dirigere

Baie studente, sê Cicero, oorskat die waarde van spraakoefeninge. Die geskrewe toespraak dien as model vir perfekte rangskikking van gedagtes en woorde en dus ook as bron van die welsprekendheid.[163] Hy voeg by: "Stilus optimus et praestantissimus dicendi effector ac magister".[164] Seneca verskil egter van Cicero want hy stel die lewende stem en die intieme persoonlike kontak van die sosiale lewe bo die geskrewe woord as die ideale onderrigmedium.[165]

Quintilianus onderskryf egter Cicero se standpunt en beskou skriftelike werk as uiters noodsaaklik.[166] Die rol wat Quintilianus as opvoedkundige in sy tyd gespeel het, blyk weer eens uit die leiding wat hy neem in die metodiek waaroor daar heelwat verwarring geheers het,[167] veral op die gebied van skriftelik uitgewerkte temas vir die swakker leerlinge.[168] Sommige retors het volledig uitgewerkte temas aan hulle studente gegee, andere weer net riglyne met kommentaar ná die toespraak.[169] Quintilianus is daarvan oortuig dat dit beslis doeltreffender is om vooraf 'n uitgewerkte plan aan die studente te voorsien, wat hulle dan moet neerskryf, as wat dit is om na afloop van die toespraak foute reg te stel en studente te repudieer.[170] Studente sal instruksies makliker as berisping aanvaar. Veral vir beginners kan 'n vooraf uitgewerkte tema gebruik word.[171]

## 17 Declamatio

As deel van die praktiese opleiding, kan digters en skrywers, volgens Cicero, gekritiseer, verklaar, verbeter of geloof word.[172] Toesprake wat op die werklikheid gebaseer is, moet as voorbereiding dien.[173] Cicero beklemtoon dit dat oefening nie genoeg benadruk kan word nie, al is die student deeglik onderlê in onvoorbereide rede=voering.[174] Debattering word ook aanbeveel as 'n vorm van opleiding.[175] Tacitus gryp terug na die ou Romeinse

opvoeding in sy formulering van die "declamatio" as hy dit bestempel as blote dressering van die tong en stem in denk=beeldige debatte wat geen ooreenkoms met die werklikheid toon nie.[176] Tereg beskou hy die metode nie as die belang=rikste aan die retoriekskole nie, maar syns insiens moet kennis "de bonis ac malis, de honesto et turpi, de iusto et iniusto"[177] voorrang geniet. Oor die voortreflikhede en moontlikhede van die onvoorbereide toespraak kan Tacitus nie uitgepraat raak nie.[178]

Quintilianus se opvatting van "declamatio" werp interessante lig op die heersende pedagogiese denke. Anders as Tacitus beskou hy "declamatio" as die modernste sowel as die doeltreffendste retoriese oefening.[179] Dit behels nie alleen byna alle moontlike oefeninge nie, maar is feitlik getrou aan die werklikheid.[180] Kontemporêre denke, sê Quintilianus, beskou dit egter ten onregte as die alfa en die omega van die opleiding.[181] Hy trek ook te velde teen die onderwysers se wantoepassing van die "declamatio" en sonder hierdie gebrek uit as oorsaak van die dekadensie in die op=voeding.[182] Die jongmanne mag nie toegelaat word om onwerklike, of soos hy dit stel, poëtiese temas (poetica themata) te behandel nie. Die gevolg mag blootstelling aan kritiek en die openbaring van hulle swakhede wees.[183] Die temas moet getrou aan die werklikheid wees en die student vir die howe voorberei.[184] Quintilianus verskaf 'n oplos=

sing vir die probleem as hy verklaar dat dit moontlik is om hierdie metode, wat soos hy dit stel "natura bonum est," met vrug toe te pas, mits dit reg toegepas word.[185]

Om die gaping tussen die skriftelike toespraak en die aanbieding daarvan te oorbrug, is deeglike geestelike en verstandelike voorbereiding noodsaaklik.[186] Quintilianus glo dat die orator in staat moet wees om te improviseer wanneer die situasie skielik verander.[187] Die kroon word egter op al die lang studiejare deur die "ex tempore dicendi facultas" gespan,[188] 'n opvatting wat met Tacitus se stand=punt ooreenstem. Quintilianus doen hierdie metode eintlik aan die hand vir die volwasse orator wat reeds in die praktyk staan.[189]

## 18. Handboekmetode

Quintilianus erken dat Cicero met sy "De Oratore" 'n groot bydrae nie alleen tot die praktiese, maar ook tot die teoretiese sy van die redenaarskuns gelewer het.[190] Hy sonder Cicero uit onder die Romeine as die skrywer wat daarin geslaag het om leiding te gee t.o.v. die ware wel=sprekendheid en die onderrig daarvan.[191] Quintilianus verwys na die ontoereikende handboeke oor die retoriek. Die meeste skrywers, sê hy, bepaal hulle slegs by die juri=diese welsprekendheid (soos bv. Apollodorus) en versuim om

leiding te gee t.o.v. metode, oorsprong en samestelling van die retoriek.[192] Quintilianus is deeglik bewus van die trefkrag van 'n handboek in die opleiding en is daarom ge= steld daarop dat sy werk aantreklik en interessant genoeg moet wees sodat studente bereid sal wees om die droë reëls van die retoriek onder die knie te kry.[193] Sy handboek voorsien dus in 'n behoefte.

19. <u>Translatio</u>

Nadat Cicero verskeie metodes op die proef gestel het, onder meer parafrase van poësie en toesprake, 'n metode wat later ondoeltreffend geblyk het, neem hy sy toevlug tot die vertaling van Griekse toesprake in Latyn.[194] Dit het geblyk 'n meer suksesvolle metode te wees. Nog 'n onder= steuner van vertaling en 'n tydgenoot van Quintilianus, Plinius, is van mening dat die vertaling van Grieks in Latyn taalbeheersing, woordeskat en 'n kritiese vermoë bevorder.[195] Quintilianus meld dat die antieke orators vertaling as 'n besonder suksesvolle metode beskou het en hy verwys in die besonder na Cicero se voorliefde vir die metode.[196] Die waarde van hierdie metode is veral daarin geleë, sê Quinti= lianus, dat dit oorspronklike en versigtige woordkeuse bevorder: "omnibus enim utimur nostris".[197] Die eg Romeinse idioom kom dan tot sy reg.

## 20. Klassikale Onderrig

Kritiek is in Quintilianus se tyd uitgespreek teen klas=sikale onderrig omdat dit "incommodum"[198] was en verder omdat 'n groot klas remediërende onderwys of verduideliking onmoontlik gemaak het.[199] Quintilianus weerlê die bewe=rings van sy kritici met 'n goed gemotiveerde antwoord waarin hy die voor- en nadele van klassikale onderwys teen mekaar opweeg en tot die slotsom kom dat dit meer voordele inhou. Alle goeie onderwysers verwelkom 'n groot gehoor en lewer dan eers hulle beste.[200] Quintilianus bevraagte=ken die beginsel, een onderwyser een leerling, om die eenvou=dige rede dat dit menslik gesproke moeilik is om die hele dag volgehoue aandag aan een leerling te gee.[201] Hierdie klassikale metode van onderrig het hy vir sowel die "grammaticus" as die retor se onderrig aanbeveel.[202] Die stem van die onderwyser is soos die son wat dieselfde hoe=veelheid lig en hitte oor almal uitstraal. Dus, besluit Quintilianus, of die leermeester nou styl bespreek, gelese stukke verduidelik of gedigte parafraseer, die studente: "tot illa discent quot audient".[203]

B. Die Opvoeder

Cicero toon sy respek en agting vir sy leermeester in onder meer sy "Pro Archia Poeta".[204] Verder sê hy in die "De Republica"[205] dat 'n opvoeder self die karaktereien=skappe moet besit wat hy in ander wil vorm. Sy lewe moet dus 'n rigsnoer vir andere wees. Die opvoeder moet vol=gens Cicero gedurig selfondersoek toepas en sy lewe her=vorm "ut sese splendore animi et vitae suae sicut speculum praebat civibus".[206] Wie, vra Cicero, dink nie "cum grata recordatione" terug aan die onderrig wat hy van sy eertydse leermeesters ontvang het nie?[207]

Seneca stel ook hoë sedelike eise aan die opvoeder. In sy "Epistulae Morales" verklaar hy dat 'n keuse uit kontemporêre leermeesters gemaak moet word wie se lewens as model kan dien.[208] 'n Onderwyser moet bewon=dering en respek afdwing met sy dade, nie met woorde nie.[209] Insgelyks moet respek teenoor konsuls en nasionale figure betoon word.[210] Seneca sluit by Cicero aan met sy eis dat die opvoeder nie alleen die karakter van die opvoedeling behoort te vorm nie, maar sy eie ook moet ondersoek.[211] Sy karakter moet vlekloos wees.[212] Om die einddoel in die opvoeding te bereik, moet die hulp van die onderwyser ingeroep word.[213] Seneca dring egter nie daarop aan dat die opvoeder verteenwoordigend van 'n spesifieke wysgerige

skool moet wees nie, maar hy stel dit duidelik dat daar 'n terugkeer na die antieke opvoeding om opvoedkundige bystand moet wees.[214] Plutarchus glo ook, net soos sy voorgang= ers dat die opvoeder onbesproke van karakter moet wees.[215] Die resultate kan rampspoedig wees as die opvoedeling voortdurend aan 'n swak onderwyser se onderrig blootgestel is. Opvoeders moet dus sorgvuldig uitgesoek word en die eienskappe waarna onder meer gesoek moet word, is die deug, betroubaarheid en eerlikheid.[216]

Tacitus[217] verwys in sy "Dialogus" na die ouers as opvoeders in die ou Romeinse opvoeding, veral na die moe= der wat 'n belangrike rol gespeel het. Soms is 'n oppasster uit die familiekring gekies om die kinders se opvoeding te behartig. Sy moes onbesproke wees van karakter en 'n deugsame mens. Namate die kind ouer geword het, het sy vader die opvoedingstaak van sy moeder oorgeneem. Sy vader was die simbool van die Romeinse tradisie en die ver= persoonliking van die Romeinse gesag.[218] As opvoeder moes die antieke Romeinse vader die volgende karaktertrekke besit: "pietas", "gravitas", "iustitia", "fortitudo", "constantia" en "prudentia".[219] Die opvoeder moes bevoeg wees om die opvoeding van sy kinders waar te neem.[220] Dit is algemeen bekend, beweer Tacitus, dat die verval in die welsprekendheid onder meer te wyte is aan die onkunde van die opvoeders en onverskilligheid van die ouers.[221]

Teenswoordig, sê hy, word kinders van hulle geboorte af aan een of ander Griekse slavinnetjie en slaaf oorgelaat, mense wat absoluut niks werd was nie.[222] Selfs die ouers wend deesdae geen poging aan om hulle kinders op te voed in "probitas" en "modestia" nie.[223] Hy trek ten slotte ook te velde teen die "praeceptores" wat nie meer die onderrig=vermoë en dissipline van ouds besit nie.[224]

Martialis verklaar dat die raserige, opvlieënde onder=wyser glad nie gewild was in sy tyd nie.[225] Plinius het 'n hoë dunk van die retor gehad[226] en hy benadruk veral die belangrikheid van die keuse van die regte onderwyser.[227] Hy hou 'n sekere Iulius Genitor voor as 'n man wat streng en onbeweeglik is. Lg. karaktertrek is veral belangrik in die lig van die losbandige tyd waarin Plinius geleef het. 'n Opvoeder moet in gedagte hou, beweer Plinius, dat hy ook foute kan begaan en dat hy menslik moet wees.[228]

Die opvattinge van Quintilianus se voorgangers en tyd=genote van die opvoeder kulmineer in sy opvoedkundige denke. Sy siening van die voorskoolse opvoeders verdien eerstens die aandag. Van die ouers vereis Quintilianus 'n goeie opvoeding en agtergrond en as hulle hierin tekort skiet, mag die opvoeding van hulle kinders nie om hierdie rede verwaarloos word nie. Inteendeel, die ouers moet dan hulle kinders op ander terreine help vorm.[229] 'n Romeinse

vader moes die hoogste ideale vir sy seun koester. Sodoen=de word verseker dat sy aandag aan die grondslag van sy kind se opvoeding gewy word.[230] Quintilianus dra egter die verantwoordelikheid van 'n deeglike opvoeding nie aan die vader alleen op nie, maar ook aan die moeder. Corne=lia, die moeder van die Gracchi, word as voorbeeld aange=haal.[231] 'n Kind se "nutrix" moes onkreukbaar van karakter wees en die kind moes op haar foutlose taalgebruik staat=maak in sy vormingsjare.[232] Dieselfde hoë verwagtings word van die "paedagogi" gekoester t.o.v. karakter en opvoeding om te verseker dat hulle invloed op die kind altyd positief en suiwer is.[233] Indien die ideale "nutrix", speel=maats of "paedagogi" nie bekombaar is nie, stel Quintilianus voor dat die kind aan 'n welsprekende persoon toegewys word, wat enige verkeerde uitdrukking wat deur die "nutrix" of "paedagogus" gebesig is, onmiddellik kan regstel. Hy tree dus slegs in 'n remediërende hoedanigheid op.[234]

Die goeie onderwyser sal toesien dat sy klasse hanteerbaar is. Bowenal moet hy 'n vriendelike en aange=name persoonlikheid hê. Sy onderwystaak moet vir hom 'n lus en nie 'n las wees nie. Die opvoeder moet spesiale aandag aan die talentvolle, belowende jong seuns gee.[235] Verder verwag Quintilianus ook dat 'n onderwyser sy leerlinge se vermoë en ontwikkelingspeil voor oë sal hou en sy leerstof dienooreenkomstig sal aanpas.[236] 'n Gesoute

en ervare onderwyser moet wanneer seuns aan sy sorg toe=vertrou word, die vermoë en karakter van dié leerlinge bepaal en hulle graad van opvoedbaarheid vasstel.[237] Ná sy diagnose kan die leerkrag dan sy "modus operandi" bepaal: bv. hoe om trae, koppige en vreesbevange leerlinge te benader.[238] Die onderwyser moet streng dissipline handhaaf.[239]

Keuring van onderwysers was aan streng voorwaardes onderworpe.[240] Quintilianus vereis dat die "grammaticus" of enige onderwyser voldoende kennis van sy vak moet hê. Talle onderwysers van sy tyd het blykbaar mank gegaan aan gebrekkige kennis: "quod non minus deesse interim solet".[241] Toewyding en intelligensie is ook karaktertrekke waarna in die goeie onderwyser gesoek moes word.[242] Nieteenstaan=de sy eis dat die onderwyser deeglik onderlê moes wees, tref hy die volgende kompromis: "Ex quo mihi inter virtutes grammatici habebitur aliqua nescire".[243]

Die eerste, vernaamste vereiste wat aan die retor gestel word, is deug: 'n man van karakter. Quintilianus voeg dadelik by dat hy nie hiermee te kenne wil gee dat die "grammaticus" of ander onderwysers nie 'n goeie karakter moet hê nie. Die ouderdom en ontwikkelingstadium van die adolessente student maak deug in die karakter van die retor gebiedend noodsaaklik. Die onbesproke karakter van

lie retor moet sedelike verval onder die jeugdiger studente verydel en terselfdertyd moet hy die opstandige en losban= lige studente dissiplineer.[244] Hy moet wel die voorbeeld stel t.o.v. selfbeheersing, maar sy strenge dissipline is onontbeerlik vir klaskontrole.[245] Quintilianus pleit dat 'n vaderlike houding deur die retoriekonderwyser ingeneem moet word omdat lg. in die plek van die ouer gestel word. Hy stel verder die volgende vereistes aan die retor: hy moet streng, maar nie te streng wees nie; sy onderrig moet die klem laat val op die goeie, eerbare dinge in die lewe; verder moet sy onderrig bestaan uit vermaning, self= beheersing (veral t.o.v. die humeur) sonder om foute oor te sien, flinke regstelling van foute; sy onderwys moet sonder vertoon wees. Groot en volgehoue entoesiasme is 'n ver= eiste. Hy moenie buitensporige eise stel aan sy klas nie. Vrae wat aan hom gestel word, moet deur hom beantwoord word, maar hy moet self ook vrae stel aan die passiewe leerlinge. Oordeelkundige aanmoediging kan net positiewe reaksie tot gevolg hê. Sarkasme hoort nie tuis by die korrigering van foute nie. Daaglikse deklamering deur die retor sal die nodige voorbeelde aan die studente verskaf.[246]

Minderwaardige onderwysers hou gevaar in vir die opvoeding. Die voorstanders van swakker onderwysers begaan twee oordeelsfoute: (i) dat hulle hierdie minder= waardige onderwysers as geskik beskou terwyl die gehalte

van hulle onderrig veel te wense oorlaat en (ii) die feit dat hulle van mening is dat die begaafde redenaar hom nie met die onbenullige elementêre onderrig sal bemoei nie of daartoe in staat is nie.[247] Quintilianus huldig dan die standpunt dat die beste toegeruste onderwyser die elemen= têre onderwys moet waarneem.[248]

